**10 UUR KURSUS**

# Voorslaggie Personeelopleiding Handleiding

VOORSLAGGIE

KLUB

*Hierdie Voorslaggie Basiese Personeelopleiding Leerplan is gebaseer op die Noord-Amerikaanse Divisie, Kursusuiteensetting. Noordelike Konferensie, Baanbrekerbedieninge Departement het dit aanvaar en sekere toepaslike redaksionele veranderinge vir ons plaaslike konferensie aangebring tot verdere kennisgewing.*

**Beste Voorslaggie Leiers**

Die Noordelike Konferensie Baanbrekerbedieninge Departement het die Noord-Amerikaanse Divisie (NAD), 1996 Uitgawe, 10 uur Voorslaggie Personeelopleidingskursus Uiteensetting aanvaar. Ons het sekere toepaslike redaksionele veranderinge vir ons plaaslike konferensie aangebring.

Indien die reëling in die toekoms sou verander, sal Voorslaggie Leiers, Baanbreker Leiers en Hoofrigter kandidate op die gepaste tyd van hierdie veranderinge in kennis gestel word.

Hierdie 10 uur Voorslaggie Basiese Personeelopleidingskursus is ontwerp om saam met die (1) NAD Voorslaggie Handleiding 2007, gebruik te word. Die Wêreldkonferensie Jeugbedieninge Departement het egter twee dokumente gepubliseer, naamlik (2) Voorslaggie Administratiewe Handleiding 2004; en (3) Onderwysers Hulpbron Handleiding – Hoe Om die Voorslaggieklasse aan te bied 2004, om in die opleiding, organisasie en klaswerk gebruik te word vir 'n suksesvolle Voorslaggieklub by u plaaslike gemeente. Al drie (3) hulpbronne wat genoem is, is beskikbaar op die Noordelike Konferensie Voorslaggie Hulpbron CD.

Die Voorslaggie leerplan is gebaseer op die vrae:

(1) "Met watter dinge kry kinders in hulle daaglikse lewe te doen waarvoor hulle families, skole of Sabbatskole hulle dalk nie voorberei het nie?" en

(2) "Wat is so belangrik dat dit die moeite werd is om tyd in die Voorslaggieklub te neem om seker te maak dat daardie kinders dit verstaan en waardeer?"

Ons versoek Voorslaggie Leiers om hulleself aan God toe te wy terwyl hulle voorberei om met kinders van Grade 1-4 te werk.

**Howard Rossouw**
**Baanbrekerbedieninge Departement**

# BASIESE PERSONEELOPLEIDING LEERPLAN BESONDERHEDE EN INHOUD

## *INLEIDING*

*DIE BASIESE VOORSLAGGIE PERSONEELOPLEIDING KURSUS is ontwerp om 'n bewustheid in leiers te ontwikkel van die basiese grondslae van die Voorslaggieklub en om die Voorslaggie Klubpersoneel te help om bekend te raak met die prosedures, beleide, en hulpbronne wat nodig is om 'n Voorslaggieklub te begin en daarmee vol te hou.*

*Dit is nie die bedoeling dat hierdie kursus die leerplan voorsien wat Voorslaggies leer nie, maar eerder daardie basiese beginsels van inligting wat nodig is vir enige Voorslaggiepersoneellid of leier om sy of haar pligte uit te voer.*

*Deelnemers moet 'n minimum van 10 ure seminaaropleiding bywoon wat deur die Konferensie Voorslaggiebedieninge personeel aangebied word. Dit sal gewoonlik oor een naweek aangebied word, maar kan, volgens die diskresie van konferensiepersoneel, verdeel word in kleiner segmente, indien nodig, om aan die behoeftes van die Konferensie of die deelnemers in streeksareas te voldoen. Hierdie opleiding sal beide seminaaraanbiedings en besprekings insluit. Elke deelnemer moet 'n Voorslaggie Personeelhandleiding besit.*

*Die Voorslaggieklub Basiese Personeelopleidingleerplan is 'n voorvereiste vir die **Hoofrigter** leerplan vereistes.*

*Kopiereg 1996*

# *VOORSLAGGIEKLUB MATERIAAL*

***Personeelhandleiding**** *beskryf breedvoerig die mikpunte, doelstellings, en programme van die Voorslaggiebediening. Dit sluit inligting in oor die Voorslaggiekluborganisasie, klasleerplan, klasspeldjies, Toekennings, en die Familie Netwerk.*

***Klaswerkboeke**** *is ontwerp om die kinders te help om hulle klasvereistes beter te verstaan. Die Werkboeke (Drawwertjie, Uitblinker, Bouer en Helper) voorsien 'n manier waardeur Voorslaggie ouers of instrukteurs die waardes wat in elke vereiste geleer word, kan identifiseer en verduidelik.*

***Klaskaarte**** *identifiseer die Voorslaggie Klasleerplan, die datum van voltooiing, en die instrukteur wat die voltooiing van die vereiste goedgekeur het.*

***Brosjure**** *identifiseer die Voorslaggieklub aan nie-lede. Dit kommunikeer die waardes van die Voorslaggieprogram en nooi kerk/gemeenskapfamilies om by die Voorslaggieklub aan te sluit. Brosjures is in Engels beskikbaar.*

***Klubuniforms**** *sluit vlootblou rompe/broeke, ligblou hemde, serpe, toekenningsbande, en dasse in. Vir 'n meer gedetailleerde beskrywing van die uniforms en hulle embleme, kontak die Konferensie Jeug/Baanbreker Direkteur of Sekretaris.*

***Vlag/Gelofte en Wetbaniere**** *illustreer aan ouers en die gemeenskap dat die Voorslaggieprogram deur die Suider Afrika Indiese Oseaan Divisie geakkrediteer is.*

***Lidmaatskapkaart**** *identifiseer die Voorslaggieklublid. Die ouer se handtekening dui die ouer se lidmaatskap in die Familienetwerk aan en 'n verbintenis om die mikpunte en doelstellings van die Voorslaggieklub te ondersteun.*

***Leessertifikaat**** *word aan elke Voorslaggie gegee wat die Klub se leesvereistes suksesvol voltooi het.*

***Leierskapgeloofsbriewe**** *sertifiseer dat 'n Voorslaggiepersoneellid die tien-uur Voorslaggie Personeelopleidingskursus voltooi het, ondervinding het om met Voorslaggies te werk, in goeie stand binne die Konferensie Voorslaggie Organisasie is, en gemagtig is om die pligte van leierskap in die Voorslaggieklub in opdrag van die betrokke Konferensie uit te voer.*

***Personeelopleidingsertifikaat**** *word uitgereik aan elke volwasse persoon wat die tien-uur Voorslaggie Basiese Personeelopleidingskursus suksesvol voltooi het.*

***Ouerspeldjie***** *"Geanker in Christus", erken Voorslaggie ouers wat lede van die Familienetwerk is en wat hulle kind(ers) aktief ondersteun in die Voorslaggieprogram. Die Familienetwerk voorsien 'n geleentheid vir Voorslaggie families om mekaar te ondersteun in die aanleer van ouervaardighede.*

**Verkrygbaar deur die Konferensie Jeug/Baanbreker Departement.*

# *DIE VOORSLAGGIEKLUB*
# *BASIESE PERSONEELOPLEIDINGSKURSUS*

| *VEREISTES* | *VOLTOOI* |
|---|---|
| *Woon Tien Ure van Seminaaropleiding oor die Grondslae van die Voorslaggieklub by.* | |
| *Die Seminaar sal die volgende afdelings dek:* | |
| ***1. Geskiedenis, Filosofie, en Doel van die Voorslaggieklub*** | *Datum* ______________ |
| ***2. Om die Voorslaggie te Verstaan*** | *Datum* ______________ |
| ***3. Klubleierskap*** | *Datum* ______________ |
| ***4. Kluborganisasie*** | *Datum* ______________ |
| ***5. Beplanning van die Klubprogram*** | *Datum* ______________ |
| ***6. Voorslaggieleerplan*** | *Datum* ______________ |
| ***7. Voorslaggie Gesinsnetwerk*** | *Datum* ______________ |
| ***8. Voorslaggietoekennings*** | *Datum* ______________ |

## *AFDELING EEN*

| ***GESKIEDENIS, FILOSOFIE EN DOEL VAN DIE VOORSLAGGIEKLUB … (45 min)*** | ***NOTAS*** |
|---|---|

## *DOEL*

*Om 'n bewustheid van die sending en uniekheid van die Voorslaggie-Bediening en hoe dit op vandag se families betrekking het, te ontwikkel.*

## *DOELSTELLING*

*Om die filosofie, doelstellings, doel, en uniekheid van die Voorslaggie-Bediening te erken en om 'n oorsig te kry van die geskiedenis van die Voorslaggies.*

## *VERDUIDELIKING*

1. *Geskiedenis van Voorslaggies ………………………….. (5 min)*
2. *Voorslaggie Logo ………………………………………… (5 min)*
3. *Voorslaggie Filosofie …………………………………….. (5 min)*
4. *Wie is die Teikengehoor? …………………………….. (10 min)*

*Antwoord: Die Ouer*

*Waarom?* ________________________________________________

5. *Voorslaggies as 'n Bediening …………………………… (15 min)*
   a. *Missiestelling*
   b. *Oogmerke en Doelstellings*
   c. *Kerk*
   d. *Gemeenskap*
6. *Voorslaggie Instrukteurshandleiding ……………………. (5 min)*

Voorslaggie Personeelhandleiding XI-XXI, bls. 8, 161

# GESKIEDENIS, FILOSOFIE, EN DOEL VAN DIE VOORSLAGGIEKLUB

## Geskiedenis van Voorslaggies

### 1. Geskiedenis van die Voorslaggieklub

Die Voorslaggieprogram was geskep om ouers by te staan in hulle belangrike verantwoordelikhede as 'n kind se hoofonderwysers en evangeliseerders. Die program streef daarna om die ouer/kind verhouding te versterk en om die kind se ontwikkeling in geestelike, fisiese, verstandelike, en sosiale areas te bevorder. Op hierdie manier kan die kerk en die skool met die ouer saamwerk om 'n bekwame, gelukkige kind te ontwikkel.

Ten einde die kind te help om meer van die Bybel, gesondheid en die natuur te leer, en om hulle te help om hulle menslike verhoudings te ontwikkel, het die Wêreldkonferensie in 1939 die idee van die Voorslaggieklasse van Drawwertjie, Uitblinker, Bouer en Helper onderskryf. In die tussenkomende jare was hierdie klasse hoofsaaklik aangebied as deel van die leerplan van die Adventiste Skoolstelsel, dikwels as deel van geestelike aktiwiteite/godsdienste.

In 1972 het die Washington Konferensie 'n klub vir kinders geborg wat "Bewers," genoem was, die voorganger van Voorslaggies, onder die leiding van Carolee Riegel. Daar word gerapporteer dat die Noord-oostelike Konferensie teen 1975 'n kinderklub konsepprogram gehad het. Teen 1980 het baie konferensies 'n klub vir kinders geborg, ongeag daarvan dat hulle verskillende titels gehad het, insluitende "voor-Baanbrekers," "Voorslaggies," of "Bewers."

In 1988 het die Noord-Amerikaanse Divisie Kerkbedieninge Departement belangstellende konferensies en kinderspesialiste uitgenooi om die Voorslaggieklub konsep te bestudeer en te evalueer. 'n Komitee het in 1989 ontmoet om die Voorslaggieleerplan op te dateer, Voorslaggietoekennings te ontwikkel, en riglyne te skryf vir die organisering van die Voorslaggieklub.

Die komitee het kinder Sabbatskoolleiers, opvoedkundige personeel, konferensie en unie Kinderbedieninge Koördineers, en kind en familiespesialiste betrek. Met Norman Middag as voorsitter, het die komitee Debra Brill, Terry Dodge, Sarah Fanton, Merrill Fleming, Joyce Fortner, Donna Habenicht, Jasmin Hoyt, Noelene Johnsson, Kathie Klocko, Barbara Manspeaker, Kathy Martin, Dixie Plata, Julia Raglin, Toini Shobe-Harrison, Emily Tillman, Claude Thomas, Ruth Walker, Al Williamson en Bob Wong, ingesluit.

Die Voorslaggieleerplan, geskryf deur Teresa Reeve, is ontwikkel as 'n middel vir deel en ontdekking in voorbereiding vir lewe hier en in die hemel. Die Voorslaggieprogram loodsingproses het in 1990 in die Noord-Amerikaanse Divisie begin, en het teen 1992 'n volledige program geword.

Huidiglik ondersteun baie kerke 'n Voorslaggieklub vir kinders in grade 1-4, sowel as om die addisionele hulpprogramme vir voorskool (Reënbogies) en Kindertuin (Gretige Bewer) te borg.

## 2. Voorslaggie Logo

**Voorslaggie Klublogo**

Buitekantse rand – Wynrooi (Burgandy) PMS 511 (C83, M100, Y69)

Tipe en Pasteidele – Blou PMS 072 (C100, M79)

Logos – Geel PMS 109 (M8.5, Y94)

Sirkel en Kruis – Wynrooi (Burgandy) 2 PMS 215 (M94, Y34, K27.5)

**Voorslaggie Wêreldlogo**

# 3. Voorslaggie Filosofie

## Filosofie van die Voorslaggieprogram

Die Voorslaggieprogram was geskep om ouers by te staan in hulle belangrike verantwoordelikhede as ‘n kind se hoofonderwyser en evangeliseerder. Die program streef daarna om die ouer/kind verhouding te versterk en om die kind se ontwikkeling in geestelike, fisiese, verstandelike en sosiale areas te bevorder. Deur die Voorslaggieprogram, kan die kerk, huis en skool saam met die ouer werk om ‘n volwasse, gelukkig kind te ontwikkel.


Die kerk se grootste hulpbron is ons kinders; daarom is dit gebiedend noodsaaklik dat as ‘n kerk ons die uitdaging aanvaar om ‘n program vir ons kinders te voorsien gedurende hulle vroeë vormingsjare. Ons wil hê dat regte gewoontes, gedagtes, motiewe, aanlegte, en houdings gevestig moet word. Die Wyse Man het geskryf, “Oefen ‘n seun volgens die eis van sy weg, en wanneer hy oud is, sal hy nie daarvan afwyk nie.” Spreuke 22:6. Dit is meer as net ‘n clichè – dit is ‘n wetenskaplike formule.

## Die Uniekheid van die Voorslaggieklub

Die Voorslaggieklub was ontwerp om kinders ‘n geleentheid te gee om aan ‘n georganiseerde portuurgroep te behoort. Om aan te sluit, word kinders uitgenooi om aan verskeie aktiwiteite deel te neem wat hulle sosiale vaardighede sal verbeter. Van die tyd dat kinders begin skoolgaan, totdat hulle puberteit bereik, is hulle behoefte om aan ‘n portuurgroep te behoort en deur hulle aanvaar te word, toenemend sterker.

Die Voorslaggieklub betrek kinders in grade 1 – 4 en hulle ouers. Die programme en beplanning vir Voorslaggies behoort eenvoudig en kort, maar kreatief te wees. Ouerbetrokkenheid voorsien geleenthede vir ouers om in die leerervaring te deel.

Een van die Voorslaggieklub se doelstellings is om ‘n betekenisvolle en opwindende ervaring te voorsien terwyl die kinders gretiglik uitsien om eendag Baanbrekers te wees.



# 4. Wie is die Teikengehoor?

## Wat Ouers sal Ervaar deur Hulle Kinders Op te Voed

Om ‘n kind behoorlik op te voed, is die grootste uitdrukking van ware liefde wat ouers aan hulle kinders kan gee. Geen hoeveelheid materiële besittings kan ooit die plek inneem van ouers wat waarlik omgee nie. Indien u u kind waarlik liefhet, voed hulle op. Beide ouers en kinders sal seëninge ontvang wat deur God belowe word. Opvoeding ontwikkel ‘n kind se karakter om Godvresendheid en goddelikheid te reflekteer. Dit is die vernaamste werk wat God aan ouers toevertrou het.

**Seëning**

- **Spreuke 10:1** – ‘n Wyse seun verbly die vader …
- **Spreuke 23:24-25** – Die vader van ‘n regverdige juig baie; en as iemand ‘n wyse verwek het, dan is hy bly oor hom. Laat jou vader en jou moeder bly wees, en laat sy juig wat jou gebaar het.
- **Spreuke 29:17** – Tugtig jou seun, dan sal hy jou rus gee en aan jou siel vreugde verskaf.
- **Spreuke 31:28 –** Haar seuns tree op en noem haar gelukkig, haar man ook, en hy prys haar.
- **Jesaja 8:18** – Hier is ek en die kinders wat die Here my gegee het – tot tekens en sinnebeelde is ons in Israel, vanweë die Here van die leërskare wat op die berg Sion woon.

**Vloek**

- **Spreuke 10:1** - … maar ‘n dwase seun is ‘n bekommernis vir sy moeder.
- **Spreuke 17:21** - Hy wat ‘n dwaas verwek, vir hom sal dit ‘n bekommernis word; en die vader van die dwaas sal nie bly wees nie.
- **Spreuke 29:15** - Die roede en die bestraffing gee wysheid; maar ‘n seun wat aan homself oorgelaat word, steek sy moeder in die skande.

## Aanspreeklikheid van die Ouer

**God Het Aan U Toevertrou**

- **Job 33:4** – Die Gees van God het my geskape, en die Asem van die Almagtige maak my lewend.
- **Psalm 139:13-16** – Want U het my niere gevorm, my in my moeder se skoot geweef. Ek loof U, omdat ek so vreeslik wonderbaar is; wonderbaar is u werke! En my siel weet dit alte goed. My gebeente was vir U nie verborge toe ek in die geheim gemaak is nie, kunstig geweef in die dieptes van die aarde. U oë het my ongevormde klomp gesien; en in u boek is hulle almal opgeskrywe; dae dat alles bepaal was, toe nog geeneen van hulle daar was nie.

**Aanspreeklik teenoor God**

- **Psalm 127:3 –** Kyk, seuns is ‘n erfdeel van die Here; die vrug van die moederskoot is ‘n beloning.
- **Jeremia 13:20** – Hef jou oë op, en aanskou die wat uit die noorde kom. Waar is die kudde wat aan jou gegee is, jou pragtige trop kleinvee?

**Kinders Moet deur Hulle Ouers Opgevoed word**

- **Deuteronomium 6:4-7** – 4: Hoor, Israel, die Here onse God is ‘n enige Here. 5: Daarom moet jy die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag. 6: En hierdie woorde wat ek jou vandag beveel, moet in jou hart wees; 7: en jy moet dit jou kinders inskerp en daaroor spreek as jy in jou huis sit en as jy op pad is en as jy gaan lê en as jy opstaan.
- **Efesiërs 6**:4 – En vaders, moenie julle kinders vertoorn nie, maar voed hulle op in die tug en vermaning van die Here.
- **Spreuke 22:6 –** Oefen die seun volgens die eis van sy weg; dan sal hy, ook as hy oud word, daar nie van afwyk nie.

## Ouerlike Gesag


God het ouers as een van Sy heersende gesagte op die aarde gestel. Hy het aan hulle beide die reg opgedra om oor hulle kinders te heers en die krag wat nodig is om hulle volgens God se plan op te voed. Ouers is die direkte skakel waardeur kinders instruksie ontvang gedurende hulle kinderdae. Ouers voorsien kinders met beskerming, rigting en instruksie. As gevolg van Godgegewe gesag, het ouers die reg om reëls vir hulle kinders daar te stel en om van hulle te verwag om hierdie reëls na te kom. Hulle het ook die mag om geregtigheid toe te pas en om ongehoorsaamheid te dissiplineer of om te beloon vir onderwerping aan hulle leierskap. Ouers is simbole en verteenwoordigers van God se gesag aan Sy kinders.

**Kinders moet Gehoorsaam**

- **Kolossense 3:20** – Kinders, julle moet julle ouers in alles gehoorsaam wees, want dit is die Here welbehaaglik.

**God se Beskerming van Ouerlike Gesag deur Regering**

- **Mattheus 15:4** – Want God het bevel gegee en gesê: Eer jou vader en moeder; en: Hy wat vader of moeder vloek, moet sekerlik sterwe.
- **Exodus 21:15, 17** – En hy wat sy vader of moeder slaan, moet sekerlik gedood word. En hy wat sy vader of moeder vloek, moet sekerlik gedood word.
- **Deuteronomium 27:16** – Vervloek is hy wat sy vader of sy moeder verag; …
- **Deuteronomium 21:18-21** - As iemand ‘n koppige en wederstrewige seun het, wat nie luister na die stem van sy vader en na die stem van sy moeder nie, en hulle hom tugtig, maar hy na hulle nie luister nie, dan moet sy vader en sy moeder hom neem en hom uitbring na die oudstes van sy stad en na die poort van sy woonplek, en hulle moet aan die oudstes van sy stad sê: Hierdie seun van ons is koppig en wederstrewig, hy luister nie na ons stem nie, hy is ‘n deurbringer en dronkaard. Dan moet al die manne van sy stad hom stenig, dat hy sterwe. So moet jy dan die kwaad uit jou midde uitroei, en die hele Israel al dit hoor en vrees.



## 5. Voorslaggies as 'n Bediening

### a. Missiestelling

# MISSIESTELLING

## Voorslaggie Bedieninge Missiestelling

Die Noord-Amerikaanse Divisie Voorslaggieprogram dien 'n interkulturele gemeenskap van kinders in grade 1-4 en hulle ouers en versorgers deur 'n holistiese bediening.

Die doel van die program is om ouers en versorgers te ondersteun in die leiding en aanmoediging van hulle kinders in 'n groeiende, gelukkig liefdesverhouding met Jesus Christus.

Dit bied instruksionele leerplan, familieverryking, ondersteunende hulpbronne, en vrywillige opvoeding van binne die Sewendedag-Adventiste filosofie.

Die Voorslaggieprogram behoort te werk om die evangelie opdrag (Mattheus 28:18-20) te vervul en maak staat op die ondersteuning van 'n gemeente wat sterk in sending is en deur die Heilige Gees bekragtig is.

## b. Oogmerke en Doelstellings

**Waarom moet daar Voorslaggieprogramme wees?**

Die Voorslaggieprogram is opgestel om ouers te ondersteun om hulp te verleen aan kinders met die uitdagende taak om ten volle te ontwikkel as volgelinge van Christus in vandag se wêreld.

**Waarvoor is die Voorslaggieleerplan opgestel om te bereik?**

1. Kinders sal, op hulle eie vlak, hulle harte en lewens aan Jesus Christus toewy.

2. Kinders sal ‘n positiewe houding aankweek teenoor die voordele, vreugdes, en verantwoordelikhede daarvan om ‘n Christelike lewe te ly.

3. Kinders sal die gewoontes, vaardighede en kennis verkry wat nodig is om vandag vir Jesus te leef.

4. Ouers en ander belangrike versorgers sal meer vertroue kry en effektief wees as medewerkers met Christus vir hulle kinders.

### Doelstellings

Die Voorslaggieklub voorsien pret en kreatiewe maniere vir kinders.

1. om ‘n Christelike karakter te ontwikkel;

2. om die vreugde en bevrediging te ervaar om dinge goed te doen;

3. om op ‘n natuurlike manier uiting te gee aan hulle liefde vir Jesus;

4. om goeie sportmanskap te leer en om hulle vermoë te versterk om met andere klaar te kom;

5. om hulle Godgegewe vaardighede te ontdek en om te weet hoe om dit tot voordeel van hulleself te gebruik en om andere te dien;

6. om hulle begrip van wat families sterk maak, te verbeter.

# Voorslaggie Gelofte en Wet

## Gelofte

**Omdat Jesus my liefhet,**
**Sal ek altyd my bes doen.**

## Wet

**Jesus kan my help om:**

**Gehoorsaam te wees**

**Rein te wees**

**Opreg te wees**

**Vriendelik te wees**

**Beleefd te wees**

**Oplettend te wees**

**Behulpsaam te wees**

**Opgewek te wees**

**Bedagsaam te wees**

**Eerbiedig te wees**

## c. Kerk

Die Noordelike Konferensie Voorslaggieprogram dien ‘n gemeenskap van kinders in grade 1 – 4 en hulle ouers en versorgers deur ‘n **holistiese bediening.** Die doel van die program is om ouers en versorgers te ondersteun in die leiding en aanmoediging van hulle kinders in ‘n: groeiende, vreugdevolle liefdesverhouding met Jesus Christus. Dit bied: onderrigleerplan, familieverryking, bykomende hulpbronne, en vrywillige opleiding van binne die Sewendedag-Adventiste filosofie.

Die Voorslaggieprogram behoort te streef om die evangelie opdrag te vervul (Mattheus 28:18-20) en maak staat op die ondersteuning van ‘n gemeente wat ernstig is oor sending en deur die Heilige Gees bemagtig is.


**Ek moet winkel toe gaan of ‘n vriend gaan besoek; kan ek my kinders aflaai en my take gaan afhandel?** Nee!!!!

Voorslaggies is ‘n familieprogram. Indien u kind saam met ‘n ander volwasse familielid kom, kan hulle aan die program deelneem, maar onder geen omstandighede sal ‘n kind toegelaat word om … “afgelaai te word” en “opgelaai te word” aan die einde van die program nie.

## d. Gemeenskap

Help kinders om deur ouerlike voorbeeld en gesprek te verstaan dat elke persoon iets het om vir God te doen en dat Hy elke kind spesiale gawes en talente gegee het wat hulle kan gebruik om andere by die huis, in hulle gemeenskap, en miskien eendag ver weg, te help. Maak kinders bewus van die maniere waarop hulle ouers aan die sending van die kerk deelneem en sluit hulle daarby in deur hulle uit te nooi om te help om u noodsaaklike werk by die huis klaar te maak, gee hulle eenvoudige takies om te doen om u met u bediening te help, en laat hulle toe om u te vergesel.

Wees bewus van ander maniere om kinders se vasberadenheid om Jesus te dien en vir Hom te getuig te versterk soos: hulle huis oop te stel vir mense wat behoeftes het en aan diegene wat as sendelinge en uitreikleiers dien; boeke, verhale en tydskrifte oor sendelinge en uitreiking beskikbaar te maak; kinders in kontak bring met ander kulture; kinders in kontak bring met andere se behoeftes en hulle help om ‘n manier te vind om behulpsaam te wees (byvoorbeeld, deur eenvoudige geskenkies te maak, of liedere by afgesonderde persone te gaan sing); na ‘n nabygeleë Maranatha of ander diensprojek te gaan; of om ‘n spesifieke kind of sendeling te borg.



# 6. Voorslaggie Administratiewe Handleiding

**Leerplan en Toekenningsinstrukteurs**

Instrukteurs vir Voorslaggieklasse en toekennings kan uit die kerk geneem word, maar spesialiste in sekere rigtings kan uit die gemeenskap gekies word om kursusse aan te bied. Die instrukteur se verantwoordelikheid is om die klas te onderrig en Sewendedag-Adventiste ideale te reflekteer.

**Voorslaggie Instrukteur**

Instrukteurs is:

1. Instrukteurs onderrig spesifieke vaardighede of vakke soos Bybel, persoonlike groei, buitemuurse vaardighede, toekennings of handwerk. Hulle kan uit die gereelde Voorslaggieklub personeel geneem word, of kan spesialiste in die kerk of gemeenskap wees wat beter gekwalifiseer is om spesifieke onderwerpe te onderrig. Hierdie instrukteurs kan of kan nie lede van die kerk wees. Hulle behoort beskou te word as bykomende personeel en hoef nie by elke klubvergadering te wees nie.

2. Volwassenes wat onderrig gee in handwerk of natuurklasse vir Voorslaggieklubs. Hulle kan ook raadgewers wees en in sodanige gevalle sal hulle raadgewerkentekens dra.

Verantwoordelikhede:

1. Instrukteurs behoort die handwerk of klasleerplan wat oorgedra moet word, noukeurig te bestudeer en voordat hulle dit aan die Voorslaggies toon, items monteer of ontwerp. Die instrukteur behoort sy/haar metode van instruksie noukeurig te beplan, gedagtig daaraan dat die klas glad moet verloop en periodiek verander moet word om aan te pas by die rustelose geaardheid van jeug. Deelname aan vaardighede wat afgewissel word met teorie, sal die belangstelling van die klas behou.

2. Instrukteurs behoort nou saam te werk met die Voorslaggieklas koördineerder, toekennings- en handwerkinstrukteurs, of direkteur, om te verseker dat al die vereistes nagekom is, sodat die voorslaggie beklee kan word.

3. Bepaal ook hoeveel fondse vir die klas beskikbaar is. Om Voorslaggies te leer om materiaal te bewaar, tyd wyslik te gebruik, op te ruim na elke klas, en ander se eiendom te respekteer, is ‘n belangrike beginsel van die klas. Projekte behoort netjies voltooi te word, sodat hulle kan leer om trots te wees op wat tot stand gebring is.

## *AFDELING TWEE*

| *OM DIE VOORSLAGGIE TE VERSTAAN … (60 min)* | *NOTAS* |
|---|---|

## *DOEL*

*Om Voorslaggieleiers en ouers te help om te voldoen aan die uitdaging om Voorslaggiekinders na Christus te lei.*

## *DOELSTELLING*

*Om die ontwikkelingsbehoeftes van Voorslaggies te herken en te leer om dit doeltreffend te hanteer.*

## *VERDUIDELIKING*

*Daar word van deelnemers verwag om die volgende te verstaan en te bespreek:*

1. *Voorslaggie as 'n Unieke en Spesiale Persoon …..……….. (5 min)*

2. *Ontwikkelingskaraktertrekke van die Voorslaggie ……….. (20 min)*

   *Spesifieke aandag behoort gegee te word aan die verskillende behoeftes wat voorkom in:*
   a. *Fisiese karaktertrekke*
   b. *Verstandelike karaktertrekke*
   c. *Sosiaal-emosionele karaktertrekke*
   d. *Geestelike karaktertrekke*

3. *Belangrikheid daarvan om aan 'n Portuurgroep te Behoort .. (10 min)*

4. *Beginsels van Doeltreffende Klubdissipline …………………. (25 min)*

   a. *Dissipline vs. straf*
   b. *Veiligheid en u klub*
   c. *Kindermishandeling*
   d. *Seksuele misbruik*

5. *Hulpbronne*

Voorslaggie Personeelhandleiding, bls. 1,2,5, 15-23; Aanhangsel, bls. 462-465

# *OM DIE VOORSLAGGIE TE VERSTAAN*

## Wat is ‘n Voorslaggie

‘n Voorslaggie is ‘n kind in grade 1-4. Elke Voorslaggie is ‘n unieke en spesiale persoon. Daar is egter nog steeds ‘n hele paar karaktertrekke wat tipies is van Voorslaggie-ouderdom kinders.

## 1. Voorslaggie as ‘n Unieke en Spesiale Persoon

**Spesifieke aandag behoort gegee te word aan die verskillende behoeftes wat tevoorskyn kom in:**

**a. Fisiese karaktertrekke**

- Ek het grenslose energie
- Ek is besig om koördinasie te ontwikkel

**b. Verstandelike karaktertrekke**

- Ek leer deur te doen
- Ek is nuuskierig oor alles
- Ek verstaan wat ek kan sien en aanraak
- Ek is verbeeldingryk
- Ek memoriseer maklik
- Ek hou van verskeidenheid

**c. Sosiaal-emosionele karaktertrekke**

- Ek is besig om sosiale vaardighede te leer
- Ek raak meer onafhanklik
- Ek wil suksesvol wees en het goedkeuring van jou nodig
- Ek raak baie maklik ooropgewonde
- Ek is baie sosiaal

**d. Geestelike karaktertrekke**

- Ek is besorgd daaroor om te kan onderskei tussen reg en verkeerd
- Ek word nog steeds gemotiveer deur eie-voordeel
- Ek is gretig om Bybelkennis in te neem

## *Hoe Om Te Reageer*

*Moet my asseblief nie vra om vir baie lank stil te sit nie.  Ek wil dinge DOEN.*

*Laat my koördinasie verbeter deur speletjies en kreatiewe aktiwiteite.*

*Moenie net dinge vir my sê nie.  Laat my dit probeer en daarby betrokke raak.*

*Ek wil van my wêreld weet.  Vertel my op 'n interessante manier.*

*Wys vir my wat jy wil hê dat ek moet weet.  Moenie verwag dat ek lang verduidelikings moet verstaan nie.*

*Wys vir my pret maniere om my goeie geheue vir 'n goeie doel te gebruik.*

*Ek hou van verhale en om dinge uit te vind.*

*Gebruik baie soorte verhale, liedjies, speletjies en aktiwiteite.*

*Gee my voldoende geleenthede om met andere in my portuurgroep skouers te skuur.*

*Laat ek, waar moontlik, self dinge ontdek en op my eie doen.*

*Help my om dinge te vind wat ek goed kan doen, en laat my weet dat jy tevrede is met my.*

*Ek het struktuur en leiding nodig om my impulse en aktiwiteite te beheer.*

*Ek hou daarvan om met my vriende te speel en te praat.*


*Help my om regverdigheid te verstaan en waarom reëls belangrik is.*

*Lei my om besluite te maak gebaseer op liefde en sensitiwiteit teenoor andere.*

*Ek benodig 'n stewige grondslag van Bybelse begrip.*

*Ek is gereed om Jesus Christus as Verlosser te aanvaar.*

*Ek kan leer om te bid en om besluite, gebaseer op die Bybel, te maak.*



## 2. Ontwikkelingskaraktertrekke van die Voorslaggie

### Ouderdomsvlak Karaktertrekke Grade 1-6

### Ses-Sewe Jariges

**Fisies**
**6-7 jariges:** Klein spierkoördinering begin ontwikkel en verbeter.
Meisies is meer ontwikkel as seuns op hierdie stadium.

| **Onderrig Wenke**<br>Gebruik aktiwiteite wat sny- en skryfvaardighede insluit; gee kinders geleenthede om rond te beweeg; wissel die aktiwiteite af. Kinders kan onder leiding, afwisselend sing. |
|---|

**Emosioneel**
**6-7 jariges:** Die kind ervaar nuwe en gereeld intense gevoelens. Daar is 'n diep behoefte aan goedkeuring van volwassenes/portuurgroep. Soms vind hy dit moeilik om sy gedrag te beheer.

| **Onderrig Wenke**<br>Maak seker elke kind in u klas WEET en VOEL dat u hom liefhet. Toon opregte belangstelling in hom en sy aktiwiteite en bekwaamhede. Leer die kinders se name en gebruik dit dikwels. |
|---|

**Sosiaal**
**6-7 jariges:** Die kind wil graag sy onderwyser tevrede stel. Hy sukkel om sosiaal aanvaarbaar vir sy portuurgroep te word. Die Goue Reël is egter 'n moeilike konsep. Om eerste te wees en te wen is nog baie belangrik. Om beurte te neem, is moeilik. Dit verbeter teen die einde van die 7de jaar.

| **Onderrig Wenke**<br>Voorsien geleenthede vir die kinders om te oefen om beurte te maak. Help elke kind om andere se opinies en wense te respekteer en om die welsyn van die groep sowel as sy eie in ag te neem. Vestig die aandag op tye wanneer die groep suksesvol saamgewerk het. 'n Kind se sosiale proses beweeg van Jou na Ons. |
|---|

**Intellektueel**
**6-7 jariges:** Daar is 'n intense ywer om te leer en hulle vra baie vrae. Die kind hou daarvan om verhale/aktiwiteite te herhaal. Daar is 'n beperkte konsep van tyd … die denke is hier en nou eerder as in die verlede of toekoms. Luister- en spreekkunsvaardighede ontwikkel vinnig. Meisies is meer ontwikkel as seuns. Die kind dink almal deel sy sienswyse. Hy sien dele eerder as hoe die dele die geheel opmaak. Hy dink baie letterlik.

| **Onderrig Wenke**<br>Hou die vaardigheid/vermoë vlakke van die kind in gedagte. Sommige kan lees/skryfaktiwiteite hanteer en ander sal beter doen met musiek of kuns. Gebruik prente om hulle te help om Bybeltye en mense te verstaan. Vermy simbolisme! |
|---|

**Geestelik**
**6-7 jariges:** Die kind kan die grootheid, wonder en liefde van God aanvoel wanneer hy met visuele en spesifieke voorbeelde gehelp word. Die nie-fisiese natuur van God is samebindend. maar die alomteenwoordigheid word gewoonlik aanvaar omdat ouers en onderwysers hierdie geloof deur hulle houding en dade kommunikeer. Die kind kan aan Jesus dink as sy vriend, maar het spesifieke voorbeelde nodig van hoe Jesus liefde en sorg bewys. Hy kan verstaan om op enige plek met God te praat, enige tyd in sy eie woorde, en hy moet gereelde geleenthede kry om te bid. Hy kan ook weet dat die Ou Testament vertel van wat voor Jesus se geboorte gebeur het en die Nuwe Testament vertel van Sy geboorte, werk op die aarde en terugkeer na die hemel en die werke wat daarna op die aarde plaasgevind het.

**Onderrig Wenke**
Die evangelie word ‘n werklikheid soos wat die kind die liefde van volwassenes aanvoel. Onderwysers wat hulle geloof op ‘n voortdurende, liefdevolle manier betoon, kan kanale word waardeur die liefdevolle natuur van God aan die kind bekend gemaak kan word. Help kinders om ‘n gevoel vir kommunikasie met God deur gebed te ontwikkel. Help hulle om die vergewensgesinde natuur van God te verstaan. Voorsien geleenthede om keuses en besluite te maak, gebaseer op Bybelkonsepte.

## Agt-Nege Jariges

### Fisies
**8-9 Jariges:** Het nou goeie groot/klein spierkoördinasie. Die meisies is nog steeds meer ontwikkel die seuns. Kinders kan vir langer periodes ywerig werk, maar raak ongeduldig deur vertragings as gevolg van hulle eie stadigheid.

**Onderrig Wenke**
Gee duidelike, spesifieke instruksies en laat kinders meer onafhanklikheid toe in die voorbereiding van materiaal. Laat hulle die verantwoordelikheid aanvaar om op te ruim.

### Emosioneel
**8-9 Jariges:** Die ouderdom van terg, byname, kritiek en verhoogde verbale vermoë om uiting te gee aan woede. Op 8 jaar ontwikkel die kind ‘n sin van regverdigheid en ‘n waardestelsel van reg en verkeerd. Op 9 jaar soek hy na identiteit.

**Onderrig Wenke**
‘n Wonderlike geleentheid vir die onderwyser om ‘n Christelike model voor te stel. By die huis soek die kind naarstiglik na ‘n model! Voorsien ondervindings wat sy kreatiwiteit en selfbegrip sal aanmoedig.

### Sosiaal
**8-9 Jariges:** Die begeerte om status binne die portuurgroep te hê, raak meer intens. Die kind se afhanklikheid van volwassenes neem af.

**Onderrig Wenke**
Hierdie is ‘n goeie tyd om aktiwiteite te gebruik waar pare kinders kan saamwerk.

### Intellektueel
**8-9 Jariges:** Die kind begin besef dat daar ander geldige opinies is. Hy raak ‘n persoon wat redeneer; begin om te dink in terme van “die geheel”; hy dink meer konsepsioneel en het ‘n hoë vlak van kreatiwiteit.

**Onderrig Wenke**
Moedig hulle aan om inligting na te slaan: hulle eie antwoorde op probleme te ontdek, gebruik kuns, musiek, en drama. Help kinders om Bybelinligting en konsepte te leer. Laat hulle toe om hulle Bybels te gebruik om gedeeltes te vind en te lees. Bybellees speletjies is geskik vir hierdie ouderdom en hierdie is goeie jare vir Bybel memoriseerwerk. Help kinders om die betekenis van die versies wat hulle memoriseer, te verstaan.

### Geestelik
**8-9 Jariges:** Hy begin die behoefte voel vir God se voortdurende hulp en leiding Hy kan die behoefte aan ‘n persoonlike Verlosser besef. Daar is ‘n begeerte om ‘n lid van God se familie te word. Kinders wat ‘n bewustheid van sonde toon en ‘n besorgdheid om Jesus as Verlosser te aanvaar, het versigtige leiding nodig sonder om druk toe te pas.

**Onderrig Wenke**
Voorsien geleenthede vir kinders om aan gebed, Bybellees en godsdiens deel te neem. Betrek hulle in werk- en diensprojekte.

## Tien-Elf Jariges

**Fisies**
**10-11 Jariges:** Hulle het beheer oor fisiese vaardighede; is aktief en nuuskierig; soek 'n verskeidenheid van nuwe ondervindings. Fisiese verandering veroorsaak dat 11-jariges maklik moeg word.

**Onderrig Wenke**
10-jarige seuns sal nog steeds deelneem aan aktiwiteite saam met dogters, maar teen 11 jaar oud neig hulle om beter te werk/speel met hulle eie geslag. 'n Goeie ouderdom vir ontdek/navorsingsaktiwiteite. Gebruik kreatiewe maniere om Bybelversies te memoriseer. Byvoorbeeld: Ontsyfering, Rebus (prentraaisel), speletjies.

**Emosioneel**
**10-11 Jariges:** Daar is 'n goeie emosionele balans in 'n 10-jarige. Hy is gewoonlik behulpsaam, is inskiklik, tevrede, vriendelik en aangenaam. Die 11-jarige ervaar wisselvallige emosies. Portuur aanvaarding is van die uiterste belang.

**Onderrig Wenke**
10-11 Jariges benodig 'n liefdevolle verhouding met belangrike volwassenes wat hulle aanvaar. Hulle het nog steeds 'n behoefte om probleme en sukses met begrypende persone te deel.

**Sosiaal**
**10-11 Jariges:** Vriendskappe en aktiwiteite met maats van dieselfde ouderdom floreer. Kinders trek saam en weg van volwassenes in hulle verlange vir onafhanklikheid. Die kind wil 'n deel van die groep wees en wil nie alleen in kompetisie staan nie.

**Onderrig Wenke**
Hulle dink nie langer hardop nie en daarom is dit uiters belangrik om kommunikasie te behou. Luister, vra vrae en vermy dit om veroordelend te wees.

**Intellektueel**
**10-11 Jariges:** Hulle is spraaksaam! Om etiese besluite te maak word 'n uitdagende taak. Hulle is in staat om idees en gevoelens kreatief uit te druk. Op 11 jaar begin die kind diepsinnig redeneer. Hy begin om aan homself as 'n volwassene te dink en bevraagteken volwasse beskouing. Heldeverering is sterk.

**Onderrig Wenke**
Voorsien baie geleenthede om te gesels, vrae te vra en te bespreek. Hierdie is goeie jare vir digkuns, liedjies, drama, verhale, teken en skilder. Gee leiding op 'n manier wat nie die kind se pogings om 'n denkende, selfgerigte persoon te word, benadeel nie.

**Geestelik**
**10-11 Jariges:** Hulle kan diep gevoelens van liefde vir God hê; kan die "Goeie Nuus" met 'n spesiale vriend deel en is in staat om betrokke te raak in evangelisasie en diensprojekte. Die kind kan leiding van God vra om alledaagse en langtermyn besluite te maak.

Geneem uit "Creative Bible Learning for Children", © Copyright 1977 by Regal Books, a division of Gospel Light Publications., Ventura, CA 93006

## 3. Belangrikheid Daarvan om aan 'n Portuurgroep te Behoort

**Portuurdruk**

- Wees bewus daarvan dat kinders die mees aanpasbaarste is gedurende die middle kinderjare van Voorslaggie en vroeë Baanbrekerouderdomme en dit verminder soos wat hulle ouer word.

- Wees bewus van die positiewe potensiaal van portuurgroepe en portuurdruk om:
    - deelname in positiewe aktiwiteite aan te moedig;
    - strewe na en behaal van doelstellings aan te moedig;
    - kinders met 'n realistiese maatstaf van hulle vaardighede en vermoëns te voorsien;
    - emosionele sekuriteit en vriendskap te voorsien;
    - te leer hoe om in die gemeenskap aan te pas;
    - die kind in sy oorgang tot onafhanklikheid te ondersteun.

- Om te kies om hulle kind te help om portuurdruk te hanteer deur een of meer van die volgende te verbeter:
    - die huis die aantreklikste plek op aarde te maak;
    - met 'n nie-veroordelende oor te luister;
    - 'n hartlike ondersteunende huisatmosfeer te voorsien en pret gesinsaktiwiteite te hê;
    - vriende huistoe te nooi;
    - die kind help om homself te waardeer;
    - die kind help om talente te ontwikkeling, belangstellings en loopbaandoelstellings te hê;
    - vermy dit om te strenge beheer oor die kind toe te pas.

- Verwag probleemareas voordat hulle verskyn, en bespreek met hulle kinders verskillende situasies waarin hulle portuurdruk sal ervaar. Help hulle om die situasie en die gevolge daarvan te evalueer. Moedig hulle aan om helderheid oor hulle eie waardes te hê en 'n besluit te maak gebaseer op Bybelse beginsels. Help die kind om te oefen hoe om sy/haar positiewe besluit te verklaar en dit deur te voer.

**Voorslaggie Leerplan Verwant aan die Onderwerp**

**Helper**
*Ekself II.* A. Leer die stappe van goeie besluitmaking. B. Gebruik dit om twee probleme in die werklike lewe op te los.

**Spesifieke Aktiewe Leeraktiwiteite**
*Gasvryheidaktiwiteit:* Beplan vir een aktiwiteit gedurende die volgende week of twee waarin u u kinders sal aanmoedig om vriende huistoe te nooi OF beplan een alternatiewe manier om positiewe vriendskappe vir u kinders aan te moedig.

**Aanbevole Materiaal**

**Bybelverwysings**

**Ellen G. White Verwysings**

**Boeke**

Glenn, H. Stephen & Nelsen, Jane, *Raising Self-Reliant Children In A Self-Indulgent World,* Prima Publishing, Posbus 1260 SR, Rocklin, CA 95677.

*What Every Teenager Should Know About Peer Pressure,* Channing L Bete, South Deerfield, MA 01373-1989.

Scott, Sharon, *Peer Pressure Reversal,* Human Resources Development Press, 22 Amherst Rd, Amherst, MA 01002 (1988).

# 4. Beginsels van Doeltreffende Klubdissipline

## a. Dissipline vs Straf

**Dissipline en die Voorslaggie**

Om dissipline vir die Voorslaggie kind te voorsien, is ‘n positiewe bydrae tot sy geluk en welstand. Dissipline is nie hoofsaaklik straf nie, maar ‘n manier om die kind te help om selfbeheer aan te leer en om vir ander om te gee as ‘n dissipel van Jesus.

**Modelleer die Gedrag Wat u Wil Hê**

Enige gedrag of houding wat van die kind verwag word, moet eers deurentyd deur hulle leiers gedemonstreer word. Indien daar van Voorslaggies verwag word om op ‘n beleefde manier op te tree, moet hulle met respek behandel word. Indien daar van hulle verwag word om sorgsaam en sensitief teenoor andere te wees, moet hulle voel dat daar vir hulle gesorg word.

**Voorsien ‘n Rustige, Georganiseerde Lokaal**

Voorslaggies word beïnvloed deur die dinge rondom hulle. Indien die omgewing eenvoudig, netjies en aantreklik is, sal die kinders kan konsentreer en die program geniet. Indien dit wanordelik en onaantreklik is, sal hulle dikwels onbelangstellend en verward wees.

**Wees Voorbereid**

Beplan interessante materiaal en aktiwiteite vooraf sodat die kinders se aandag op die tema van die les sal vestig eerder as afgetrek na onaanvaarbare gedrag. Indien die leier in die middel van die aanbieding ophou om te besluit wat om volgende te doen, sal die kinders iets vind om te doen.

**Stel Spesifieke Verwagtinge**

Kinders kan help om ‘n paar eenvoudige riglyne vir gedrag op te stel wat getrou en konsekwent toegepas sal word. (bv. Jy mag nie jouself seermaak nie, Jy mag nie ander seermaak nie, Jy mag nie dinge seermaak nie.) Verleen erkenning en moedig kinders gereeld aan wanneer hulle die riglyne volg.

**Spreek Wangedrag Aanhoudend Aan**

Kinders kan hulleself om baie redes wangedra, insluitende vergeetagtigheid, oormatige energie, en uittarting. Dikwels kan wangedrag deur ‘n sagte aanraking, ‘n oomblik van stilte, ‘n streng kyk, of verandering na ‘n meer positiewe aktiwiteit aangespreek word. Indien nodig, herinner hom/haar saggies aan u verwagtinge of verwyder hom/haar vir ‘n rukkie uit die aktiwiteit.

## b. Veiligheid en u klub

Elke direkteur of raadgewer, op watter vlak van organisasie ookal, moet die morele verpligting aanvaar om diegene wat onder sy/haar sorg is, teen fisiese besering te beskerm. Hierdie morele plig van sorg word deur ‘n wetlike aanspreeklikheid versterk, en terwyl ‘n morele verpligting afgeskuif kan word, kan leiers nie die wetlike aanspreeklikheid vir beserings as gevolg van hulle aksies of nalatigheid, vryspring nie.

Watter standaard van sorg word van leiers en raadgewers verwag? Daar is geen maklike antwoord nie, want die plig van sorg vir ‘n Voorslaggie sal verskil in graad van dit wat aan ‘n ouer kind verskuldig is. Die doel moet altyd wees om ‘n beseringsvrye program te bedryf, en oorweging moet aan die volgende geskenk word:

1. **Perseel.** Is die perseel vry van fisiese gevare? Indien nie, behoort bestaande gevare onmiddellik verwyder te word.

2. **Toerusting**. Is al die toerusting in goeie werkende toestand? Is dit veilig? Word veiligheidstoerusting wat geskik is vir die aktiwiteit altyd voorsien?

3. **Toesighouding**. Die nodige toesig sal verskil ooreenkomstig die grade van diegene waaroor toesig gehou word. Natuurlik sal 'n graad 1 kind strenger toesighouding vereis as 'n graad 4 kind wat 'n groter mate van verantwoordelikheid vir sy/haar eie dade moet aanvaar. Toesighouding moet egter altyd voorsien word.

4. **Tipes aktiwiteit.** Hoë-risiko aktiwiteite behoort vermy te word, en oorweging behoort aan die volgende gegee te word:

   **a.** Geskiktheid van die aktiwiteit vir die gradegroep betrokke.
   **b.** Die persoonlike vermoë en ervaring van toesighouers, bv., die gimnastiese tipe program behoort slegs gedoen te word indien 'n opgeleide, gekwalifiseerde gimnas beskikbaar is om toesig te hou.
   **c.** Die voorsiening van gepaste veiligheidstoerusting.

Voorslaggie leiers moet bekwaam wees om moontlike gevare waar te neem en te herken. As 'n Voorslaggie leier of raadgewer is u in 'n posisie van vertroue vir diegene onder u sorg, en u kan nie u wetlike of morele plig van sorg aan enigiemand anders delegeer nie.

Ongelukke sal gebeur. Beserings sal voorkom. Moet egter nie toelaat dat dit gebeur as gevolg van u nalatigheid om die gebruik van gevaarlike terreine of foutiewe toerusting toe te laat, of weens die gebrek aan opgeleide en voldoende toesig.

## c. Kindermishandeling

Kindermishandeling het deesdae 'n vername probleem in Suid-Afrika geword. Gemiddeld 4 kinders word daagliks in Suid-Afrika doodgemaak deur moorddadige, jaloerse of spanningsvolle volwassenes. Tussen 2007 en 2008 was 1410 kinders gedood. Meer as 50% van metgeselle van mishandelde vroue het gedreig om hulle kinders dood te maak (nie die kinders se biologiese vader nie). 1 uit 12 kinders voel onveilig by die huis (2005 opname). Een kind word elke 3 minute in Suid-Afrika verkrag, volgens 'n verslag uitgegee deur die werkersunie Solidariteit (03-06-2009). 60 gevalle van verkragting word elke dag in Suid-Afrika gerapporteer, meer as 88% van kinderverkragtings word nooit gerapporteer nie. Dit beteken dat daar elke dag 530 kinderverkragtings plaasvind - een verkragting elke drie minute het woordvoerder Mariana Kriel gesê. In Suid-Afrika word 5 tot 7 kinders deur hulle ouers mishandel. Met sulke hoë statistieke is dit belangrik dat die Voorslaggie personeel bewus is van wat kindermishandeling is en wat gedoen moet word indien kindermishandeling vermoed word.

**Definisie**

Navorsers het agt tipes van verwaarlosing en mishandeling uitgewys. Hulle is: fisiese verwaarlosing, morele verwaarlosing, mediese verwaarlosing, opvoedkundige verwaarlosing, fisiese mishandeling, seksuele misbruik, gemeenskapsverwaarlosing, en emosionele verwaarlosing. Die ernstigste, die maklikste om te bewys, en die wat die meeste hanteer word is fisiese mishandeling en seksuele misbruik.

Fisiese mishandeling het te doen met fisiese besering aan die kind op een of ander manier wat nie per ongeluk was nie. Dit sluit veelvuldige frakture in die lang bene, frakture van die skedel, sagte weefsel beserings en kneusplekke, en breinbloeding, in.

Fisiese verwaarlosing, wat baie moeiliker is om te bewys, sluit onvoldoende voeding, ongepaste kleding vir die weer, minderwaardige behuising, en ongesonde lewensomstandighede in.

Die definisie van seksuele misbruik sluit alles in van onbetaamlike blootstelling tot volle omgang en verkragting. Statistieke toon dat 1 uit elke 4 meisies (sommige statistieke sê 1 uit 3) seksueel gemolesteer word voordat hulle die ouderdom van 18 jaar bereik, en 1 uit 8 seuns word seksueel gemolesteer voor 18. Sommige meen dat hierdie getal so laag is omdat seksuele misbruik dikwels nie gerapporteer word nie. Tagtig present van alle misbruik word deur 'n familielid gepleeg. In 90 persent van die gevalle is die oortreder manlik en die slagoffer vroulik.

**Waarna om Te Soek**

Die Voorslaggieleiers kom in kontak met kinders vir uitgebreide en intieme periodes van tyd, soos tydens uitstappies. Die personeel behoort te weet vir watter tekens hulle moet uitkyk wat die moontlikheid van mishandeling, fisies of seksueel, aandui. Onthou, daar kan ander omstandighede wees wat enige van hierdie simptome kan veroorsaak. Wanneer 'n hele paar simptome egter teenwoordig is, is daar 'n moontlikheid van seksuele misbruik, en het u 'n verantwoordelikheid om ondersoek in te stel.

## d. Fisiese Mishandeling

**Fisiese tekens**

- Snywonde, slaanmerke, of swelsel
- Brandwonde: sigaretbrandwonde of "ringvormige" brandwonde
- Brandwonde as gevolg van indompeling in kokende vloeistowwe
- Brandwonde met 'n patroon, soos van 'n strykyster
- Frakture
- Littekens met 'n snaakse patroon; lus of rond
- Kneusplekke
- Bytmerke
- Kinders wat fisies mishandel word, sal dikwels herhaaldelike beserings hê. Die een sal nie gesond wees voordat daar 'n ander kom nie.

**Gedragseienskappe:**

- Probleme om te slaap
- Duimsuig en naelbyt
- Angstigheid
- Lusteloosheid en onbelangstellenheid
- Aggressie en geweld of teruggetrokke

## e. Seksuele Misbruik

**Fisiese aanwysers**

- Geskeurde of gevlekte onderklere
- Probleme met maag- of blaasbeheer
- Seerheid, bloeiing, of uitskeiding van 'n nie-menstruerende meisie
- Trauma aan borste, boude, laer maag, heupe, geslagsdele, of rektale area
- Bewyse van self-skending (snymerke, sere, sigaretbrandmerke)

**Gedragseienskappe:**

- Agteruitgaande gedrag, soos duimsuig of bed natmaak
- Weiering om onder normale omstandighede te ontklee (gereed maak om te gaan slaap)
- Vermy fisiese kontak
- Swak persoonlik higiëne
- Beheptheid met goeie gedrag
- Gereelde onuitgelokte woede, soos beskadiging van speelgoed
- Paniekerig of wegskram wanneer aangeraak word, soos wanneer styf toegemaak word wanneer gaan slaap
- Raak voortdurend aan die slaap gedurende die dag
- Verleidelike gedrag
- Brandstigting
- Wreedheid teenoor kleiner kinders en diere
- Beheptheid met stiptelikheid
- Gereelde seer keel, probleme om te sluk of verstik
- Skielik gewig aansit of uitermatige gewigsverlies

Wanneer daar misbruik binne ‘n familie is, is daar gewoonlik meer as een kind betrokke. Indien ‘n kind na u kom met ‘n storie van misbruik, onthou dat slegs in 1 uit 1000 gevalle ‘n self-gerapporteerde misbruik vals is en om misbruik te vervals, bestaan feitlik nooit by preadolessensie nie.

‘n Slagoffer van misbruik sal gemiddeld nege persone oor die misbruik inlig voordat die slagoffer geglo word. Dit is as gevolg van hierdie twyfel dat misbruikers wegkom met die misbruik wat hulle toedien. Indien u nie ‘n moontlike misbruik ondersoek nie, oorweeg die feit dat ‘n misbruiker gemiddeld 70 verskillende individue sal misbruik tydens sy leeftyd. Indien hy gestop en gehelp kan word voordat hy by die ander 69 uitkom, sal u vir vele mense baie pyn bespaar.

**Om Voorbereid Te Wees**

As ‘n Voorslaggie personeellid moet u bereid wees om hierdie probleem te hanteer. Daar is ‘n lys van hulpbronne en hulplyne vir misbruik aan die einde van hierdie hoofstuk. Die belangrike ding om te onthou is: die meeste van die regeringswette vereis dat misbruik aan die polisie gerapporteer moet word. Indien u misbruik vermoed, en veral indien ‘n kind u vertel het dat hy/ sy misbruik word, moet u dit aan die polisie rapporteer en aan ‘n plaaslike maatskaplike agentskap in u dorp. Moenie na die potensiale misbruiker gaan vir bevestiging nie. Hulle sal dit byna altyd ontken, en dit sal die kind in ‘n gevaarlike situasie plaas.

Rapporteer die misbruik aan ‘n agentskap wat toegerus is om sodanige situasies te hanteer. U sal dalk ook die leraar van die kerk wil inlig sodat hy bewus kan wees van die situasie, aangesien die misbruiker, heelwaarskynlik, ‘n lid van u kerk sal wees. Die leraar kan berading voorsien of ‘n gekwalifiseerde Christelike berader vir die familie aanbeveel. Selfs al voel u heftige afkeur oor dit wat gebeur het, onthou dat die hele familie ly en behoefte het aan Christelike liefde en ondersteuning gedurende hierdie tyd.

As ‘n Voorslaggie direkteur moet u bewus wees van moontlike gevare met die hantering van kinders. Wanneer u personeel kies, moet u veral versigtig wees en ondersoek instel oor personeel wat nou saam met die Voorslaggies sal werk. Kindermisbruikers is moeilik om uit te ken. Hulle word dikwels gesien as “vooraanstaande” persone in die gemeenskap, is lidmate van ‘n kerk, en vind dikwels werk in situasies wat hulle toegang tot kinders sal gee, soos Voorslaggies.

Kindermisbruikers was dikwels as kinders misbruik. Indien u bewus is dat iemand as kind misbruik was, wees versigtig om hulle in posisies te plaas waar hulle direkte toegang tot kinders sal hê. In die meerderheid van gevalle ken en vertrou die kind die volwassene, wat dit nog moeiliker maak dat die kind geglo sal word. Die misbruiker sal dikwels die kind dreig om nie te praat nie.

Indien ‘n Voorslaggie na u as direkteur kom met ‘n storie van misbruik deur ‘n personeellid, moenie vir die Voorslaggie sê dat hy/sy jok en die probleem ignoreer nie, maak nie saak hoe agtenswaardig die personeellid mag wees nie.

Kinders maak nie dikwels stories van misbruik op nie. U moet (in sommige gevalle mag u selfs wetlik aanspreeklik wees) die voorval aanmeld by die bevoegde instansie.

**Opleiding van die Personeel**

Met die verhoogde bewustheid van kindermisbruik in hierdie land vandag, sal baie ouers op die uitkyk wees vir moontlike misbruik van hulle kinders. As ‘n Voorslaggie direkteur kan u help om uself, u personeel, u kerk, die Voorslaggie naam, en u kinders te beskerm deur opleiding aan personeel te verskaf. Leer u personeel waarvoor om op te let vir moontlike kindermisbruik en sê vir hulle om direk na u te kom indien hulle enigiets vermoed. Hulle behoort nie te huiwer om u te vertel indien hulle voel dat ‘n ander personeellid onbetaamliklike gedrag teenoor die Voorslaggies toon nie.

U en u personeel behoort nie net bewus te wees van die tekens van misbruik nie; die personeel moet opgelei word oor hoe en wanneer om ‘n kind aan te raak. ‘n Toevallige aanraking kan baie maklik deur ‘n kind of ouer misverstaan word. Moet ‘n kind geensins naby hulle privaat dele aanraak nie. Moenie hulle oormatig liefkoos of omhels nie, hulle vra om op u skoot te sit, of enige ander seksuele suggestiewe dade aanhits nie. Selfs al word dit onskuldig gedoen, kan sekere aanrakings of dade baie maklik misverstaan word. Personeel moet ook nooit ‘n kind fisies straf nie. Lyfstraf, behalwe deur ‘n ouer of voog, is teen die wet. Selfs al “verdien” ‘n kind straf, behoort hulle nie fisies deur enigeen in die Voorslaggie personeel gestraf te word nie. Die personeel behoort nooit ‘n kind te slaan of te stoot om welke rede ookal nie of hulle enigsins fisies in gevaar stel nie.

Deur bewus te wees van hulle gedrag teenoor die Voorslaggie lede, kan die personeel baie doen om hulleself te beskerm teen moontlike misverstande of selfs hofsake. Indien ‘n situasie ontwikkel waar ‘n personeellid ‘n kind fisies leed aangedoen het, behoort die direkteur dit onmiddellik aan die ouer te rapporteer en nie te probeer om dit “weg te steek” nie. Daar kan moontlik ernstige gevolge wees as gevolg van fisiese dade teenoor ‘n kind.

**Voorkomende Opleiding vir Kinders en Ouers**

Die Voorslaggieklub kan dit oorweeg om kindermisbruik-bewustheidsklasse aan te bied. Hierdie klasse kan vir die kinders self gehou word om hulle te leer dat hulle liggame heilig is en nie op sekere maniere en op sekere plekke aangeraak moet word nie en dat hulle die reg het om “nee” te sê vir ‘n volwassene wat hulle op ‘n onbetaamlike manier benader. Die beste hulpbron wat beskikbaar is vir hierdie sort klas, is die boek: *A Very Touching Book.* Lees eenvoudig die boek vir die kinders voor in klein groepies. Hou in gedagte dat navorsing nie ‘n betekenisvolle uitwerking toon in voorkomende opleiding vir kinders onder ses jaar oud nie.

‘n Ander nuttige klas kan vir ouers gehou word deur *A Very Touching Book* te lees en hulle van inligting te voorsien oor kindermisbruik wat voorsien word in die hulpbronnelys in item nommer 5. (Spesiale melding van *Sins of the Father.*)

## 5. Hulpbronne

**Organisasies**

**24-Uur Kindermisbruik Hulplyn**
08000 55555

**Kinderbeskerming**
(012) 393-2363

**Gauteng Shared Services Centre (G.S.S.C.)**
Abuse-Sexual & Physical Abuse
Foxstraat 75
Marshalltown
2001
Tel: (011) 689-2000

**Gesinslewe Sentrum**
Cardiganweg 1
Parkwood
Johannesburg, Gauteng 2193
Tel: (011) 788-4784
Fax: (011) 788-4781
Epos: famlife@iafrica.com
Webtuiste: http:/www.familylife.co.za



**Kinderhulp Gauteng, SA**
Hoofkantoor
Tel: (+27)-(0) 11-645 2000
Posbus 32453
Braamfontein
Epos: infogauteng@childline.org.za
Web: www.childline.org.za

Kinderlyn Krisislyn
08000 55555

## Boeke en Hulpbronne

Jan Hindman, A Very Touching Book (McClure Hindman Assoc) Verkrygbaar vanaf Alexandria Association, 911 SW 3rd Street, Ontario, OR97914.

Andres D. Lester, Pastoral Care with Children in Crisis (Louisville, KY; John Knox/Westminster Press), 1985

Wesley R. Monfalcone, Coping with Abuse in the Family (Louisville, KY; John Knox/Westminster Press), 1980.

Marianne Morris, Sins of the Father, Pacific Press.

He Told Me Not To Tell, "Parents' Guide for Talking to Your Child About Secual Assault". Verkrygbaar vanaf King County Rape Relief, 305 S. 43rd St., Renton, W A 98055. 206-226-7273.

Pat Palmer, Liking Myself and The Mouse, the Monster, and Me (San Louis Obispo, CA; Impact Publishers), 1977.

Linda Tschirhart Sanford, The Silent Children: A Parent's Guide to the Prevention of Child Sexual Abuse (New York: Doubleday), 1980.

Dealing with Sexual Abuse Pamphlets: Help for the person who has been Sexually Abused; My Child has been Sexually Abused; Ministering to the Sexually Abused, AdventSource, 5040 Prescott Avenue, Lincoln, Nebraska 68506

## *AFDELING DRIE*

| *KLUBLEIERSKAP*<br>*… (60 min)* | *NOTAS* |
|---|---|

## *DOEL*

*Om konsepte en strategieë te leer om suksesvolle Voorslaggie leierskap te ervaar.*

## *DOELSTELLING*

*Om verskillende leierskapstyle te verstaan en hoe hulle Voorslaggies op verskillende ouderdomsvlakke beïnvloed..*

## *VERDUIDELIKING*

*Deelnemers sal fasette van Christelike leierskap bespreek wat betrekking het op die Voorslaggieklub.*

1. *Leierskap Gedefinieer …………………………………… (5 min)*
2. *Houdings en Eienskappe van Christelike Leierskap …. (20 min)*
3. *Style van Leierskap …………………………………….. (10 min)*
    a. *Outokraties*
    b. *Laissez-faire*
    c. *Demokraties*
    d. *Outoritêr*
4. *Pligte van die Voorslaggiepersoneel ………………… (15 min)*
    a. *Direkteur*
    b. *Mede-direkteur*
    c. *Raadgewer*
    d. *Instrukteur*
    e. *Gesinsnetwerk Koördineerder*
    f. *Vrywilligers*
5. *Doelstelling Vrae en Oorwegings …………………….. (10 min)*
    a. *Wat moet bereik word?*
    b. *Hoe moet dit bereik word?*
    c. *Wanneer moet dit bereik word?*
    d. *Wie sal dit bereik?*
    e. *Beheermaatreëls*
    f. *Stappe van kommunikasie*

Voorslaggie Personeelhandleiding bls. 8-15

# *KLUBLEIERSKAP*

# LEIERSKAP GEDEFINIEER

## 1. Leierskap Gedefinieer

Daar is waarskynlik net soveel definisies van leierskap as wat daar leiers is. Hier is een definisie:

> "Leierskap is die aanbieding deur 'n persoon van 'n identifiseerbare **doel** of **visie** of toekomstige toestand wat mense kan begeer; en die **ontwikkeling** van 'n gewilligheid binne daardie mense om die leier langs 'n sosiaal verantwoordelike en wederkerig voordelige handelswyse te volg, na daardie **doel**." Parry, 1996

Hierdie definisie herinner ons sagkens daaraan dat tensy ons volgelinge kan aanmoedig, ons nie 'n "leier" is nie. Let op dat in hierdie definisie daar minder klem is op die ou konsep van mag as 'n belangrike leiereienskap. Die klem is nou meer op 'n persoonlike, motiverende vorm van invloed wat van toenemende belang in die moderne samelewing erken word. Let ook op dat daar twee hoofgedagtes in hierdie definisie is. Die eerste is dat ons iewers gaan – nie dat ons al daar aangekom het nie of net die bestaande toestand handhaaf nie, maar dat ons 'n definitiewe doel het om te bereik, 'n bestemming waarheen ons oppad is. Die tweede is dat ons (die leier en volgelinge) saam daarheen gaan – u is 'n leier indien mense u wil **volg.** Die teenoorgestelde is ook waar – u is nie 'n leier indien die mense u nie volg nie. Dus is om 'n doel te hê en mense te inspireer om saam met u te gaan om daardie doel te bereik, waaroor leierskap gaan.

Hier is 'n baie bondige definisie:

> "Leierskap is om ander te **mobiliseer** na 'n **doel** wat deur die leier en die **volgelinge** gedeel word." Garry Wills

Hoe definisieer ons Christelike leierskap? Met die bogenoemde beginsels in gedagte, oorweeg hierdie definisie.

> "Die beoefening van 'n persoon se **geestelike gawes** onder die oproep van **God** om 'n sekere groep mense te dien om die **doelstellings** wat God aan hulle gegee het te bereik tot **verheerliking** van Christus." George Barna, bl. 31.

## 2. Houdings en Eienskappe van Christelike Leierskap

"Hy wat met die Goddelike voorneme saamwerk om 'n kennis van God aan die jeug oor te dra, en die karakter tot ooreenstemming met Syne te fatsoeneer, doen 'n verhewe en edel werk. Na gelang hy 'n begeerte wek om Gods ideaal te verwesenlik, bied hy 'n opvoeding aan wat so hoog soos die hemel en so breed soos die heelal is." *Opvoeding*, bl. 19

1. **Om God bo alles lief te hê.** Dit neem Christen leiers om Christen mans en vroue op te lewer. Die Voorslaggie leier se lewe word gekenmerk deur Christus-gesentreerd te leef. Hy/sy moet uitleef wat hy/sy verwag dat sy/haar Voorslaggies moet word.

2. **Om kinders opreg lief te hê**. Die enigste bevredigende motief om in die Voorslaggieklub te dien, is liefde vir kinders. Hierdie liefde sal meer in optrede as in woorde uitgedruk word. Die Voorslaggie let op wanneer 'n volwassene gewilliglik tyd, energie en kameraadskap met hom/haar deel. Hierdie liefde volhard, selfs wanneer die kinders dit nie waardeer nie.
3. **Dien met entoesiasme.** 'n Lewendige, entoesiastiese persoonlikheid is 'n groot bate vir die Voorslaggie leier. Entoesiasme is aansteeklik. Voorslaggies volg optimistiese leierskap vinnig. Die suksesvolle leier beklemtoon die positiewe en ondersteun die program ywerig.

4. **Besit emosionele stabiliteit.** 'n Leier moet leer om emosies te beheer. 'n Leier het selfdissipline, matigheid, geloof en vertroue in God nodig asook 'n sin vir verantwoordelikheid. Uitbarstings van 'n slegte humeurigheid, woede, of depressie vernietig die beeld van 'n bekwame Christen leier. Elkeen is egter menslik, en soms reageer leiers in woede. 'n Christen leier sal leer om verskoning te maak en vergifnis te vra wanneer hy/sy nalaat om Christelike standaarde uit te beeld. 'n Leier wat kan erken dat hy/sy verkeerd is, is baie meer doeltreffend as een wat voorgee dat alles volmaak is.

5. **Geniet dit om buite te wees.** Baie Voorslaggie klubaktiwiteite word buite gedoen. Die Voorslaggieleier behoort buitemuurse aktiwiteite te geniet en die vaardighede wat nodig is, aan te leer.

6. **Ken die noodsaaklike karaktertrekke van kinders.** 'n Suksesvolle leier verstaan die karaktertrekke wat algemeen in Voorslaggie kinders voorkom. Lees boeke, maak waarnemings, en werk in ooreenstemming met heersende tendense.

7. **Leer 'n verskeidenheid van vaardighede.** 'n Leier wat veelsydig en uiteenlopend is, het altyd iets nuuts om aan die groep te bied. Net soos enige goeie onderwyser, behoort die leier kennis te hê en voorbereid te wees vir die aktiwiteite waarin hy/sy die Voorslaggies lei. Die leier behoort in staat te wees om die vreugde van nuwe ervarings in die Voorslaggie Personeelopleiding Kursus te ontdek.

8. **Ontwikkel die vermoë om te organiseer.** Leiers moet georganiseerd wees. Die leier stel eerstens die doelstellings op en evalueer al die faktore wat nodig is om hierdie doelstellings te bereik. Daarna maak die leier 'n opsomming van definitiewe stappe om hierdie doelstellings te bereik. Dan delegeer die leier veratnwoordelikheid aan ander individue. Laastens koördineer die leier hierdie mense en moedig hulle vordering stap vir stap aan en fasiliteer dit totdat die doel bereik is. Dit is organisasie.

9. **Behou goeie verhoudings met medewerkers.** As 'n leier is persoonlike verhoudings uiters belangrik. 'n Leier het die verantwoordleikheid om toe te sien dat die personeel gelukkig is en doeltreffend werk. Probleme onder die personeel belemmer die hele program. Die leier stel 'n voorbeeld van goeie mensvaardighede, is taktvol en diplomaties in die hantering van persoonlike probleme. 'n Leier moet die beginsels van liefde gebruik as die basis vir enigiets wat gedoen word. 'n Leier behoort nooit jaloesie of partydigheid te toon wanneer daar met die personeel of Voorslaggies gehandel word nie. 'n Leier se taak is om diegene wat onder sy/haar toesig is se werk te vergemaklik sodat hulle hul beste sal lewer. Die leier is verantwoordelik om toekomstige leiers van die Voorslaggieklub op te lei.

10. **Straal ‘n waardige teenwoordigheid uit wat orde sal verseker.** ‘n Leier het ‘n bevelhebbende (nie dominerende) persoonlikheid. Dit beteken dat hy/sy ‘n waardigheid het wat respek afdwing sonder om ander metodes te moet gebruik. ‘n Leier behoort hartlik en vriendelik te wees, iemand wie ‘n Voorslaggie gemaklik sal voel om te nader. ‘n Leier moet fermheid met vriendelikheid balanseer.

11. **Sin vir humor.** Wanneer daar met kinders gewerk word, is ‘n sin van humor belangrik. Om humor te gebruik om irriterende of onstellende voorvalle te hanteer of tergery van Voorslaggies, sal dinge in perspektief hou.

12. **Wees vindingryk en kreatief.** ‘n Leier moet in staat wees om ‘n doelstellinge bereik ten spyte van hindernisse en moeilikhede. Hy/sy is vindingryk en het alternatiewe opsies gereed in ‘n noodgeval. Die leier is kreatief en vasbeslote om doelstellings te bereik. Hy/sy verwelkom ook nuwe idees.

## 3. Style van Leierskap

In 1939 het ‘n groep navorsers onder leiding van die sielkundige Kurt Lewin besluit om verskillende style van leierskap te identifiseer. Terwyl verdere navorsing meer spesifieke tipes van leierskap geïdentifiseer het, was hierdie vroeë studie baie invloedryk en het drie hoof leierskapstyle bevestig. In die studie was groepe skoolkinders toegewys aan een van drie groepe met ‘n outoritêre, demokratiese of laissez-faire leier. Die kinders was dan gelei in ‘n kuns- en handwerkprojek. Navorsers het toe die gedrag van kinders in reaksie op die verskillende style van leierskap waargeneem.

### a. Outokraties

In die outokratiese styl, neem die leier besluite sonder om andere te raadpleeg. Die besluit word geneem sonder enige vorm van konsultasie. In Lewin se eksperimente het hy gevind dat dit die hoogste vlak van onmin veroorsaak het.

‘n Outokratiese styl werk wanneer daar nie ‘n behoefte aan insette oor die besluit is nie, waar die besluit nie verander sal word as gevolg van insette nie, en waar die motivering van mense om daaropvolgende aksies uit te voer, nie beïnvloed sal word indien hulle in die besluitmaking betrek was of nie.

### b. Laissez-faire

Die laissez-faire styl is om die leier se betrokkenheid in besluitmaking te verminder, en sodoende mense toe te laat om hulle eie besluite te maak, alhoewel hulle nog steeds verantwoordelik sal wees vir die resultaat.

Laissez-faire werk die beste wanneer mense in staat en gemotiveerd is om hulle eie besluite te maak, en waar daar geen vereiste vir ‘n sentrale koördinering is nie, byvoorbeeld om hulpbronne te verdeel tussen verskillende mense en groepe.

**c. Demokraties**

In die demokratiese styl, betrek die leier die mense in die besluitmaking, alhoewel die proses vir die finale besluit kan verskil van die leier wat die finale sê sal hê om konsensus in die groep te verkry.

Demokratiese besluitmaking word gewoonlik deur die mense waardeer, veral indien hulle gewoond was aan outokratiese besluite waarmee hulle nie saamgestem het nie. Dit kan problematies wees indien daar 'n verskeidenheid menings is en daar nie 'n duidelike manier is om 'n onpartyidige finale besluit te verkry nie.

**d. Outoritêr**

In Lewin (en elders) se eksperimente het hy ontdek dat die mees doeltreffende styl die Demokratiese styl is. Oordrewe outokratiese style het tot revolusies gelei, terwyl onder 'n Laissez-faire benadering, mense nie saamhorig was in hulle werk nie en nie die energie daarin gesit het wat hulle gedoen het wanneer hulle aktief gelei was nie.

Hierdie eksperimente was eintlik gedoen met groepe kinders, vroeg in die moderne era en was gevolglik ook baie invloedryk.

**e. Deelnemend**

'n Deelnemende leier, eerder as om outokratiese besluite te neem, probeer om ander mense in die proses in te sluit, moontlik ondergeskiktes, mense van dieselfde ouderdom, mense wat meer senior is en ook belanghebbendes. Die meeste deelnemende aktiwiteit vind binne die betrokke span plaas, alhoewel dit onderhewig is aan die bestuurder se gier om beheer aan sy of haar ondergeskiktes te gee of te weerhou. Die vraag van hoeveel invloed andere gegee word, kan dus verskil volgens die bestuurder se voorkeure en oortuigings, en 'n hele spektrum van deelname is moontlik, soos wat in die gedeelte hieronder gesien sal word.

- Betrokkenheid in besluitmaking bevorder begrip van die betrokke kwessies deur diegene wat die besluite moet uitvoer.

- Mense is meer toegewy aan aksies waar hulle in die betrokke besluitmaking gedeel het. Mense is minder kompeterend en meer samewerkend wanneer hulle aan gemeenskaplike
- doelstellings werk. Wanneer mense besluite saam maak, is die sosiale verpligting tot mekaar groter en dus verhoog hulle verbintenis tot die besluit ook. 'n Paar mense wat saam 'n besluit maak, maak beter besluite as een persoon alleen.
- Daar is baie verskeidenhede oor hierdie spektrum, insluitende die stadiums waar die leier die idee aan die span verkoop. 'n Ander manier is vir die leier om die "wat" van doelstellings of doele te beskryf en die span of individue te laat besluit oor die "hoe" van die proses waardeur die "hoe" bereik sal word (dit word dikwels die "Bestuur van Doelwitte" genoem.)
- Die vlak van deelname kan ook afhang van die tipe besluit wat gemaak moet word. Besluite oor hoe om doelstellings te implementer kan hoogs deelnemend wees, terwyl besluite gedurende ondergeskiktes se werkverrigting evaluerings dikwels eerder deur die bestuurder geneem sal word.
- Daar is baie moontlike voordele van deelnemende leierskap, soos aangedui in die aannames hierbo. Hierdie benadering staan ook bekend as konsultasie, bemagtiging, gedeelde besluitmaking, demokratiese leierskap, Bestuur deur Doelwitte (BDD) en magsdeling.
- Deelnemende Leierskap kan oneg wees wanneer bestuurders vir opinies vra en dit dan ignoreer. Dit sal heelwaarskynlik lei tot sinisme en gevoelens van misbruik.

## 4. Pligte van die Voorslaggiepersoneel

Die Voorslaggieklub gee die volwasse lidmate van die kerk 'n uitstekende geleentheid om met hulle kinders te werk.

Die Voorslaggieklubpersoneel is verantwoordelik vir die beplanning van die program van die klub. Die Direkteur is voorsitter. Voorstelle word verwelkom vanaf alle bronne. Vir die beste resultate kan die personeel die ouers van die Voorslaggies insluit in die beplanning van die program.

### a. Direkteur

Die Voorslaggieklubdirekteur is verantwoordelik om voor te gaan in die voorsiening van 'n program vir die klub wat die doelstellings suksesvol sal bereik. Die Voorslaggieklubdirekteur is die voorsitter by personeelvergaderings. Hy/sy bly in aanraking met die konferensie Voorslaggiedirekteur en stuur die vereiste verslae in. Hy/sy behoort 'n persoon te wees wat kinders verstaan, goed met personeel kan werk, verantwoordelikhede aanvaar, 'n ywer besit om nuwe idees te herken, en inisiatief toon met die implementering van daardie idees. Bowenal is die direkteur 'n ernstige Sewendedag-Adventiste Christen wie se lewe demonstreer wat God kan doen. Die Voorslaggieklub direkteur is 'n lid van die kerkraad.

### b. Mede-Direkteur

Mede-Direkteure aanvaar opdragte van die direkteur en deel in die leierskap verantwoordelikhede van die klub. Die mede-direkteure hou rekords en stel gereelde verslae vir die konferensie saam. Hulle kan die verantwoordelikhede van die finansiële beampte, sekretaris en kapelaan uitvoer. In groter klubs kan 'n mede-direkteur bygevoeg word om aktiwiteite en natuurprojekte te beplan, toesig te hou oor handwerk, en spesiale geleenthede te beplan.

### c. Raadgewer

Die Voorslaggie raadgewer is 'n sleutelfiguur van die personeel. Hy/sy word toegewys aan 'n eenheid van vier tot agt lede, 'n manlike raadgewer vir seuns, en 'n vroulike raadgewer vir meisies. Die raadgewer raak bekend met elke lid en deel saam met die eenheid in die verskillende aktiwiteite. Die raadgewer ken die ouers en omstandighede by die huis van elke eenheidlid en praat met eenheidslede oor sosiale, emosionele en geestelike behoeftes. Die raadgewer is teenwoordig by elke klubvergadering en aktiwiteit en beplan eenheid geleenthede wat die personeel goedkeur. Die volwasse raadgewer is verantwoordelik vir die bywoning van die eenheidlede en die Voorslaggie klasleerplan vereistes wat deur die Voorslaggie voltooi word asook die ouerlike ondersteuning van die Voorslaggielid.

### d. Instrukteur

Instrukteurs vir Voorslaggie klasse en toekennings kan uit die kerk verkry word, maar spesialiste in sekere velde kan uit die gemeenskap gekies word om kursusse aan te bied. Die instrukteur se verantwoordelikheid is om die klas te onderrig en Sewendedag-Adventiste ideale te reflekteer.

### e. Gesinsnetwerk Koördineerder

Die Voorslaggie Gesinsnetwerk Koördineerder is 'n lid van die Voorslaggie administratiewe personeel en dien as die direkteur van die Gesinsnetwerk leerplan. In sommige klubs kan die koördineerder ook as die Mede-Direkteur dien. Die koördineerder is verantwoordelik vir die organisering van Gesinsnetwerk leerervarings, waar ouers kan:

- Verseker word dat hulle bediening baie belangrik is
- Hulle begrip van wat gesinne sterk maak, kan verbeter
- Ondersteuning vind vir die onderrig van hulle kinders
- Die teleurstellings en oorwinnings van ouerskap kan deel
- Nuwe idees en vaardighede ontdek om gesinne selfs nog beter plekke te maak om te leef en te groei.

### f. Vrywilligers

‘n Vrywilliger is iemand wat dit nie hoef te doen nie, maar dit in elk geval doen! Om die regte vrywilligers te vind, kan moeilik wees. Diegene wat gewillig is, is nie altyd bekwaam nie. Een of ander soort sifting is ook nodig om die welstand van die voorslaggie te verseker.

## 5. Doelstelling Vrae en Oorwegings

Sonder ‘n doel waaraan ons ons vordering kan meet, kan ons baie tyd mors deur net besig te wees. Somtyds is mense versigtig om doele te stel: inderdaad sal hulle dit selfs vermy, aangesien hulle voel dat hulle dan verbonde is tot ‘n doel – en wat daarvan indien hulle dit nie bereik nie? Hulle sou misluk het! Hulle verkies dus om veilig te bly en nie spesifieke doelstellings te stel nie, want dan is dit onmoontlik om te misluk!

Indien dit is hoe u voel, dan is dit tyd om op u knieë te gaan. Vra God vir moed en krag om vir Hom te werk, om doelstellings daar te stel, en dan te werk om daardie doelstellings te bereik.

Maak u doelwitte realisties, nie belaglik nie, en indien u dit bereik, sal u hoër wil mik. In al ons beplanning moet ons dus eerstens bepaal wat ons wil bereik. Hier is ‘n paar eenvoudige meetbare strategieë om te volg:

a. **Wat moet bereik word?**

b. **Hoe moet dit bereik word?**

c. **Wanneer moet dit bereik word?**

d. **Wie sal dit bereik?**

e. **Beheermaatreëls**

f. **Stappe van kommunikasie**

**Hierdie een stap –**
**om ‘n doel te kies en daarby te hou –**
**verander alles.**
**- Scott Read**

## *AFDELING VIER*

| *KLUBORGANISASIE … (75 min)* | *NOTAS* |
|---|---|

## *DOEL*

*Om die standaarde en vereistes van die Voorslaggieklub organisasie voor te stel.*

## *DOELSTELLING*

*Om die basiese prosedures en beleide wat betrekking het op die stigting en onderhoud van die Voorslaggieklub te verduidelik*

## *VERDUIDELIKING*

*Deelnemers sal drie hoof areas bestudeer:*

1. *Kluborganisasie ……………………………………….. (25 min)*
   - a. *Kerkverbintenis*
   - b. *Personeelopleiding*
   - c. *Vloeidiagram*
     - **genootskaplike vloeidiagram*
     - **kluborganisasie vloeidiagram*
   - d. *Befondsing*
   - e. *Openbare verhoudings*

2. *Bedryfsbeleide ……………………………………….. (25 min)*
   - a. *Kerkraad lidmaatskap*
   - b. *Ouerlike betrokkenheid*
   - c. *Klublidmaatskap*
   - d. *Uniform*
   - e. *Kalender en tydopsies*
   - f. *Registrasievorm*
   - g. *Mediese vorm*
   - h. *Veiligheid*
   - i. *Kindermishandeling*

3. *Begin en Struktuering ………………………………….. (25 min)*

Voorslaggie Personeelhandleiding, bld 2-9, 16-24, 28-29, 41-44

# *KLUBORGANISASIE*

# Kluborganisasie

## 1. Kluborganisasie

### a. Kerkverbintenis

1. **Beraadslaag met die konferensie Voorslaggie Spesialis of Kinderbedieninge Direkteur.**
   Die konferensie Voorslaggie spesialis is verantwoodelik om al die klubs in die konferensie te lei.

2. **Lê die plan aan die leraar, kerkraad en ouers voor.**
   Maak, op aanbeveling van die konferensie Voorslaggie spesialis, 'n afspraak met die leraar. Verduidelik die Voorslaggieklub bediening en hoe u beplan om dit in u kerk te implementeer. Lê dan die planne aan die kerkraad voor vir goedkeuring om 'n Voorslaggieklub te organiseer. Die konferensie Voorslaggie spesialis behoort uitgenooi te word om by te woon. Dit is belangrik dat die ouers van Voorslaggie-ouderdom kinders die plan om 'n Voorslaggieklub te organiseer, moet ondersteun.

3. **Lig die gemeente gedurende die aanbiddingsdiens in.**
   Dit is belangrik dat alle kerklidmate ingelig moet word oor die Voorslaggieklub se doelstellings en program. 'n Konferensie Voorslaggie persoon wat deur ondervinding gekwalifiseer is om namens die Voorslaggieklub te praat, behoort teenwoordig te wees om hierdie inligting aan die hele gemeente oor te dra, verkieslik tydens die aanbiddingsuur op Sabbat.

### b. Personeelopleiding

Lei personeel op en voorsien hulle van uniforms voor die inskrywingsaand. Die direkteur, mede-direkteure, raadgewers en instrukteurs is die personeel van die klub. Daar behoort 'n aantal geleenthede te wees waar die personeel saam ontmoet vir opleiding sodat elke persoon bekend kan raak met sy/haar pligte en die algehele omvang van die klubaktiwiteite. Hierdie personeellede behoort uniforms te verkry en kentekens korrek op die uniform aanbring.

**Personeel Voorbereiding**
Dit is die verantwoordelikheid van elke Voorslaggie personeellid om die Voorslaggie Basiese Personeelopleidingkursus te ervaar soos geborg deur u konferensie.
Die onderwerpe is:

- Geskiedenis, Filosofie & Doel van die Voorslaggieklub
- Om die Voorslaggie te verstaam
- Klubleierskap
- Kluborganisasie
- Klubprogram
- Voorslaggieleerplan
- Voorslaggietoekennings
- Voorslaggie Gesinsnetwerk
- Hulpbronne

**Personeelverbetering**
Die lede van die Voorslaggiepersoneel versterk hulleself met voortdurende studie om hulle begrip van die elementêre-ouderdom kind en Voorslaggie programmeringmetodes te verbeter.
**Voorbeelde:** Lees boeke oor kinders en programmering; woon Voorslaggiepersoneel raadgewende kursusse by, personeelafsonderings, geleenthede wat deur die plaaslike of uniekonferensie geborg word, en personeelvergaderings saam met die konferensie Voorslaggie direkteur.

**Uniforms**
Die personeel dra die amptelike Voorslaggie personeeluniform, soos gespesifiseer deur die plaaslike konferensie, volledig met al die Voorslaggieklub en personeelkentekens – direkteur, mede-direkteur, raadgewer, en instrukteur.

## Voorslaggieklub Personeelwerwing

**Ek sal gewillig wees om op die volgende gebiede van die Voorslaggiebedieninge te help**


- ☐ **Handwerkinstrukteur**
- ☐ **Klaswerkinstrukteur**
- ☐ **Voorslaggietoekennings Instrukteur**
- ☐ **Natuurinstrukteur**
- ☐ **Bestuurder vir velduitstappies**
- ☐ **Die klavier speel**
- ☐ **Sangleier**
- ☐ **Help met velduitstappies**
- ☐ **Voedsel voorsien vir spesiale vergaderings**
- ☐ **Dien as 'n "aangenome" vader, moeder**
- ☐ **Dien as 'n "aangenome" oupa, ouma**
- ☐ **Dien as 'n "ouer broer", "ouer suster"**
- ☐ **Help met speletjies en ontspanning**
- ☐ **Ander** ____________________________________________________________

- ☐ **Naam** ______________________________________ **Telefoonnommer** ____________________


- ☐ **Handtekening** ______________________________ **Datum** _____________________________

## c. Vloeidiagram
***genootskaplike vloeidiagram**


Die **Plaaslike Kerk** word bestuur deur verkose Ampsdraers en departementele leierskap.
Die Voorslaggieklub Direkteur word elke jaar verkies.




Die **Plaaslike Konferensie** bestaan uit alle plaaslike kerke in ‘n spesifieke gebied en is verantwoordelik vir al die kerke en evangelisasiewerk. Die konferensie Voorslaggie Direkteur word elke drie jaar óf verkies óf aangestel.




Die **Uniekonferensie** is saamgestel uit verskeie plaaslike konferensies in ‘n spesifieke gebied.



Die **Suider Afrika Indiese Oseaan Divisie**
bestaan uit al agt Suidelike Afrika Indiese Oseaan Unies, wat die lande van Angola, Botswana,
Indiese Oseaan Sending, Malawi, Mosambiek, Suider Afrika, Zambië en Zimbabwe insluit. Die hoofkwartiere is op die R21, Corporate Park, Regencyweg 29, Irene, Pretoria, Suid-Afrika.
Die divisie het departmente wat verantwoordelik is vir spesifieke afdeling van Christelike diens. Die Voorslaggie Direkteur word elke vyf jaar aangestel.




Die **Wêreldkonferensie** bestaan uit tien divisies. Dit koördineer kerkwerk wêreldwyd. Hoofkantoor
is in Silver Spring, Maryland. Die Voorslaggie Direkteur word elke vyf jaar aangestel.



* **Kluborganisatoriese vloeidiagram**

**Voorslaggie Kluborganisatoriese vloeidiagram**
**vir 'n Klein Kerkie**





Voorslaggie Personeel
Direkteur
Raadgewers

Grys Blokke
Primêre aandag of belangrikste

Wit blokke
Ondersteuningsgroep

**Voorslaggie Kluborganisatoriese vloeidiagram**
**vir 'n Groter Kerk**




Voorslaggie Personeel
Raadgewers
Gesinsnetwerk Koördineerder
Toekenningsinstrukteurs
Leerplaninstrukteurs
Sekretaresse
Tesourier

Grys Blokke
Primêre aandag of belangrikste

Wit blokke
Ondersteuningsgroep

## d. Befondsing

Die Voorslaggieklub word befonds deur die plaaslike kerk en klublidmaatskapgelde. Alle gelde wat ingesamel of spandeer word, behoort deur die kerktesourier gekanaliseer te word sodat daar ‘n ouditspoor kan wees. Dit beskerm die klubleierskap.

**Beplanning van ‘n Voorslaggiebegroting**

1. **Wie** beplan die begroting?
   Dit is die verantwoordelikheid van die klubdirekteur en personeel.

2. **Wanneer?**
   Die begroting word by die organiserende personeelvergadering beplan.

3. **Wat** behels dit?
   Beantwoord die volgende vrae wanneer die begroting beplan word:
   a. Wat is die programme vir die komende jaar?
   b. Hoeveel gaan dit kos?
   c. Die begrotinguitgawes behoort die volgende in te sluit:
      1. Voorslaggietoekennings
      2. Sertifikate
      3. Handwerkvoorraad
      4. Uitreikprojekte
      5. Konferensiegeleenthede
      6. Velduitstappies
      7. Gesinsnetwerk
      8. Versekering (verkry inligting vanaf u konferensie Voorslaggiedirekteur)
   d. Die begrotingsinkomste sluit die volgende in:
      1. Aansoekgelde
      2. Ledegelde
      3. Subsidie
      4. Fondsinsameling

**Klubgelde**
Elke gesin betaal kwartaalliks of jaarliks ‘n klein bedrag per Voorslaggie as deel van lidmaatskapverpligtinge. Die ledegelde behoort nie te veroorsaak dat enige voornemende lid die voorreg van lidmaatskap ontneem word nie, maar elke lid moet besef dat alles wat die moeite werd is iets kos.

**Bydraes**
Vriende en borge dra dikwels by tot die voorsiening van spesifieke behoeftes in die Voorslaggieklubprogram. Reklame lidmaatskapkaarte behoort aan elke bydraer voorsien te word.

### Voorbeeld: Voorslaggieklub Begroting

| Hierdie begroting is gebaseer op ‘n nuwe klub van vyftien lede. | | Hierdie begroting is gebaseer op ‘n klub van sewe lede. | |
|---|---|---|---|
| **Verwagte Jaarlikse Inkomste:** | | **Verwagte Jaarlikse Inkomste:** | |
| Aansoekgelde …………………………………….. | 75.00 | Aansoekgelde …………………………………….. | 35.00 |
| Ledegeld …………………………………………. | 315.00 | Ledegeld …………………………………………. | 147.00 |
| Kerksubsidie ……………………………………….. | 180.00 | Kerksubsidie ……………………………………….. | 120.00 |
| Fondsinsamelingprojekte ………………………… | 240.00 | Fondsinsamelingprojekte ………………………… | 148.00 |
| Reserwes …………………………………………... | 100.00 | TOTAAL …………………………………………….. | 450.00 |
| TOTAAL …………………………………………….. | 910.00 | | |
| **Verwagte Jaarlikse Uitgawes:** | | **Verwagte Jaarlikse Uitgawes:** | |
| Uniformkentekens …………………………………. | 60.00 | Uniformkentekens …………………………………. | 40.00 |
| Uitreikprojek ………………………………………… | 30.00 | Uitreikprojek ………………………………………… | 14.00 |
| Programmateriaal (handwerk, ens.) …………….. | 250.00 | Programmateriaal (handwerk, ens.) …………….. | 125.00 |
| Toerusting (vlae, balle, gelofte en wet) ………… | 210.00 | Toerusting (vlae, balle, gelofte en wet) ………… | 125.00 |
| Velduitstappies …………………………………… | 60.00 | Velduitstappies …………………………………… | 71.00 |
| Konferensie Voorslaggie Gesinsgeleentheid ….. | 180.00 | Konferensie Voorslaggie Gesinsgeleentheid ….. | 50.00 |
| Allerlei sekretariële voorrade, promosie ………. | 120.00 | Allerlei ……………………………………………. | 25.00 |
| TOTAAL …………………………………………….. | 910.00 | TOTAAL …………………………………………….. | 450.00 |

## a. Skakelwerk

Die kerklidmate word ingelig rakende die plaaslike Voorslaggieklub deur gebruik te maak van die bulletinbord, kerkbulletin aankondigings, briewe aan die kerklidmate, kerkraadvergaderings, leke-aktiwiteite periodes, Adventiste Jeugbyeenkomste en persoonlike huiskontakte.

1. Nuus verhoog belangstelling
2. Ouers hou daarvan om hulle kinders se name gedruk te sien.
3. Foto's maak nuus interessanter.
4. 'n Ingeligte kerk gemeente en gemeenskap gee ondersteuning aan klubbehoeftes.
5. Wat blyk om onbelangrike nuusitems te wees, kan vir baie mense van groot belang wees.
6. Hou nuus vars, opdatum, en dek verskeie klubaktiwiteite: velduitstappies, handwerk en vaardighede en alle spesiale geleenthede.

**Adverteer u aktiwiteite in plaaslike koerante.**

1. Aktiwiteite wat nuuswaardig genoeg is om in 'n Voorslaggienuusbrief te verskyn, is ook nuus vir die publiek.
2. Deur nuus van die Voorslaggie aktiwiteite aan die openbare drukpers te voorsien, kan nie-Adventiste se belangstelling geprikkel word om aan u Voorslaggieprogram deel te neem.

**Adverteer u aktiwiteite oor die radio en televisie.**

1. Wanneer die sekretaris inligting oor u Voorslaggieklub aktiwiteite ontvang, kan u versoek dat 'n openbare diensaankondiging vir plaaslike stasies voorberei word. U sal dalk alle jongmense van 'n sekere ouderdomsgroep wil uitnooi.
   a. Openbare diensbrokkies behoort kort te wees – ongeveer 250 woorde.
   b. Dit behoort slegs ter sake feite in te sluit: Wie, wat, wanneer, waar, waarom, en hoe.
   c. Aankondigings behoort ten minste twee weke voor die beplande aktiwiteit aan die stasie gegee te word.

2. Indien u stasie voorsiening maak vir onderhoude, kan u kerk se kommunikasiesekretaris reël vir 'n onderhoud met die Voorslaggieleier en miskien 'n paar ander Voorslaggies.
   a. Stel die kommunikasiesekretaris in kennis van u begeerte en gewilligheid om 'n onderhoud te voer.
   b. Beplan 'n paar maande vooraf wanneer u op die lug wil verskyn.
   c. Kom alle afsprake na. Wees betyds.
   d. Berei voorgestelde vrae voor vir die een wat die onderhoud gaan voer.

**Deel die aktiwiteite van u Voorslaggies deur persoonlike uitnodiging.**

1. 'n Persoonlike uitnodiging van een jong persoon aan 'n ander na 'n "kom saam" klubbyeenkoms of 'n klubuitstappie of aktiwiteit is baie doeltreffend.
2. Jongmense wat na 'n nuwe gemeenskap verhuis, is op soek na vriende. Voorslaggies behoort ten alle tye vriendelik te wees, maar veral wanneer 'n nuwe persoon in die omgewing verwelkom word.

**Publiseer u aktiwiteite deur die kerkbulletin.**

1. Reël met die leraar van die kerk om 'n weeklikse aankondiging in die bulletin te maak oor die tyd en hoogtepunte van die Voorslaggiebyeenkoms of aktiwiteit.
2. Plaas verslae oor die sukses van verskeie klubaktiwiteite en die bedrae wat deur fondsinsameling verkry is, in die bulletin.
3. Hou die kerklidmate ingelig oor die verskeie Deel U Geloof aktiwiteite van die Voorslaggies.
4. Gee periodiek dankbetuigings aan die kerklidmate vir die morele en finansiële ondersteuning van die program.

**Voorslaggieklub bulletinbord**

1. 'n Bulletinbord wat goed onderhou word, sal belangstelling in die Voorslaggieklubaktiwitiete aanwakker.
2. Wys 'n klub personeellid aan om die nuus op datum te hou en foto's gereeld te verander.

## 2. Bedryfsbeleide

### a. Kerkraad lidmaatskap

Die Voorslaggie Direkteur is aangestel om die Voorslaggieklub op die plaaslike kerkraad te verteenwoordig.

### b. Ouerlike Betrokkenheid

Ouers word gesien as die sleutel "Verhoudingsbedienaars," diegene wat meer as enigiemand anders die gevoel van vertroue, liefde en besorgdheid kan skep wat die grondslag is vir die ontwikkeling van "ontvanklikheid" vir geloof.

Ouers moet gesien word as die "primêre evangeliseerders" van hulle kinders. Geen enkele faktor beïnvloed die geloofsontwikkeling van kinders meer as die getuienis en geloofslewe van ouers nie. Diegene in kinderbedieninge moet ouers help om hierdie noodsaaklike rol te vervul deur vir hulle programme aan te bied oor kinderontwikkeling.

Die Voorslaggieleier moet die wêreld van die Voorslaggie ouer verstaan. Hy/sy moet in staat wees om doeltreffend verband te hou met die ouers se denke, begeertes en emosionele of sielkundige stres ten einde saam met die ouer te werk tot voordeel van die Voorslaggie. Hy/sy behoort te besef en te begryp dat daar ten minste ses verskillende soorte ouers is.

1. Streng tugmeester
2. Oordrewe toegeeflik
3. Glo dat die kind belangriker is as die volwassene
4. Begeer streng toesighouding van alle Voorslaggie funksies (niks word aan toeval oorgelaat nie)
5. Akademiese ouers – het menslike ontwikkeling of kindersielkunde studeer, ken die behoeftes van kinders en is bereid om u program te evalueer.
6. Lojale, regsinnige ouers – "Indien dit 'n amptelike program van die kerk is, is dit goed, en wil ek my kind daarin hê."

Deur die ouer te verstaan, kan die Voorslaggie leier meer geredelik die redes verstaan waarom die ouers hulle kinders in die klub toelaat.

Sommige bewese metodes om ouers te verseker van u belangsteling in hulle kind is:

1. Telefoonoproepe
2. Brief eenkeer per maand
3. Persoon-tot-persoon besprekings

Die persoonlike kontak beteken baie vir die ouer. Benewens die bogenoemde behoort leiers (direkteur, assistant-direkteur, of raadgewer):

1. Stel die ouers in kennis van die Voorslaggieklub se planne vir die maand of jaar.
   1. Verduidelik die doel en doelstellings van Voorslaggies
   2. Hou maandeliks, kwartaalliks of jaarliks 'n program om die ouers te eer

2. Nooi ouers uit om op spesifieke maniere te help, soos:
   a. 'n Motor te bestuur vir uitstappies
   b. Talente of vaardighede in die klub te gebruik
   c. Hulle huise aan te bied vir partytjies of sosiale byeenkomste
   d. Om geld te gee vir klubuitgawes

3. Spreek dankbaarheid uit en verduidelik hoe bydraes hulle kinders help.

4. 'n Noodsaaklikheid vir sterk ouerlike ondersteuning is die Voorslaggie Gesinsnetwerk (VGN).

Verwys na die Voorslaggie Gesinsnetwerk afdeling vir meer inligting oor hoe om met Voorslaggie ouers te werk.



**Tipes van Gesinne**

- Nie-Christen gesinne
- Christen gesinne
- Veelvoudige inkomste gesinne
- Gestremde gesinslede
- Homoseksuele paartjies
- Grootouers as ouers
- Geskeide of vervreemde ouers
- Enkel-ouer vader
- Enkel-ouer moeder
- Tienerouer
- Saamgevoegde gesinne

## c. Klublidmaatskap

**1.** Gesinne van kinders in grade 1-4 is geskik vir Voorslaggielidmaatskap.

**2.** Klubaktiwiteite sluit Voorslaggie toekennings, velduitstappies en gereelde klub- en Gesinsnetwerk ouervergaderings in. Die Voorslaggie ouer sal in hierdie aktiwiteite deelneem en saamwerk as ‘n lid van die Voorslaggieklub.

**3.** Lede is getrou in die bywoning van klub-geborgde aktiwiteite. Baie klubs stel perke op afwesighede en traagheid, en Voorslaggies wat nie aan hierdie regulasies voldoen nie word gevra om uit die klub te onttrek.

**4.** Die ouers van die Voorslaggies sal saamwerk met die regulasies en aktiwiteite van die klub, soos ooreengekom in die Voorslaggie aansoekvorm. Hulle sal gevra word om geld en tyd te voorsien om hulle kinders se klubbetrokkenheid te ondersteun. Dit is ook belangrik dat hulle ouervergaderings wat deur die Voorslaggieklub aangebied word, bywoon.

**5.** Nuwe lede sal ‘n registrasiefooi betaal (wat versekering mag insluit) en op ‘n kwartaallikse of jaarlikse basis ledegelde betaal, soos aangedui deur die Voorslaggie direkteur.

**6.** Voorslaggies sal ‘n Voorslaggie uniform besit en gereeld dra. Hulle kom na vergaderings en klub-geborgde byeenkomste in die aangewese uniform.

**7.** Voorslaggies sal alle regulasies en instruksies van die Voorslaggie personeel gehoorsaam.

**8.** Voorslaggies en ouers sal aan gemeenskapsprojekte deelneem.

**9.** Voorslaggies sal leer en leef volgens die beginsels van die Voorslaggie Gelofte en Wet.

**10.** Die klublidmaatskap word voorsien tesame met die Voorslaggie I.D. kaart tydens die inhuldigingsprogram.

**Nota:** Die Voorslaggie lidmaatskapkaarte is beskikbaar van die plaaslike konferensie Voorslaggie kantoor of Advent*Source*, Prescottlaan 5040, Lincoln, NE68506.

**Suider-Afrika Indiese Oseaan Divisie**
**van Sewendedag-Adventiste**

**Voorslaggie**

**Lidmaatskapkaart**

Kind se Naam ___________________________

Klasvlak _______________________________

Klubnaam ______________________________

Konferensie ____________________________

Geldig vanaf / / Tot / /

**Die Voorslaggie Gelofde**
Omdat Jesus my liefhet, sal ek altyd my bes doen.

**Die Voorslaggiewet**
Wees gehoorsaam, Wees Rein, Wees opreg,
Wees vriendelik, Wees beleefd, Wees oplettend,
Wees behulpsaam, Wees opgewek, Wees bedagsaam,
Wees eerbiedig

Voorslaggie se Handtekening: ___________________

Die belangrikste skool is die huis. Die belangrikste onderwyser is die ouer. Daarom sal ek saam met die Voorslaggieklub werk om in my kind die beeld van onse Vader, ons Skepper, God te ontwikkel.

Ouer se Handtekening __________________________

## d. Uniform

Die uniform maak die organisasie werklik en sigbaar. Dit word sinnebeeldig en verteenwoordigend van 'n ideaal, 'n standaard. Een van die maniere om 'n standaard daar te stel en die lede van 'n organisasie op daardie standaard te bring, is deur die uniform. Dit behoort lojaliteit teenoor daardie standaard te stimuleer deur selfvertroue te bou en lede in 'n nouer verhouding saam te bind. Dit spoor ook diegene aan wat nie alreeds lede is nie om aan te sluit. Die uniform word 'n bouer van klubgees.

Die uniform is altyd netjies en skoon. Omdat die Voorslaggieklub program vir elke lid waardevol is, sal die uniform verkry word en met entoesiasme gedra word.

**Uniform behoort gedra te word**
Uniforms behoort tydens die volgende geleenthede gedra te word:

- Tydens gereelde Voorslaggie vergaderings, wanneer van toepassing
- Tydens spesiale programme (Voorslaggiedag, Inhuldiging, Bekleding, ens.)
- Tydens Bekledingsdienste
- Tydens enige openbare byeenkoms wanneer enige of almal optree as:
    - Boodskappers
    - Plekaanwysers
    - Erewagte
    - Kleurwagte
    - Noodhulp vrywilligers
- Terwyl hulle met sendingaktiwiteite besig is, soos Oesinsameling, uitdeel van voedselpakkies, ruikers, leesstof, of kerkaankondigings, groepwerk, soos sanggroepe of sonskyngroepe.
- Op geleenthede soos deur die Voorslaggie personeelampsdraers gespesifiseer

### Tipes Voorslaggie Uniforms

### Klas “A” uniform vir die Voorslaggie seun en meisie

| | |
|---|---|
| MEISIES | Vlootblou springjurk of romp, wit bloes (hemptipe bloes met kort moue). |
| SEUNS | Vlootblou broek, wit hemp met kort moue en gewone kraag. |
| SEUNS/MEISIES | Skoene: eenvormig binne klub; swart of wit sokkies: eenvormig binne klub. |
| NEKDOEK | Voorslaggienekdoek is deel van die uniform gedra met ‘n Voorslaggieskyfie. |
| TOEKENNING SKOUERBAND | Die skouerband is vlootblou en deel van uniform. |

### Klas “A” Uniform vir Voorslaggie Personeel

| | |
|---|---|
| DAMES | Vlootblou A-lyn (nou) romp; Wit bloes (hemptipe bloes met kort moue) |
| MANS | Vlootblou broek, wit hemp (met kort moue en gewone kraag) |
| MANS/DAMES | Skoene: eenvormig binne klub; gordel; eenvormig binne klub; Vlootblou das (opsioneel vir mans) strikdas |
| NEKDOEK | Die Voorslaggienekdoek is deel van die uniform en word gedra met ‘n Voorslaggieskyfie. Personeellede wat Hoofrigters is, kan hulle Hoofrigter nekdoek dra. |
| SKOUERBAND | Skouerband is vlootblou en word op gepaste tye gedra. AJ Vakhonneurs word NIE op die Voorslaggie skouerband gedra nie; slegs Voorslaggie toekennings word op skouerband gedra. |
| EMBLEME | Voorslaggiestrook, plaas op regtermou<br>Voorslaggie Wêreld, plaas op linkermou<br>Klubhalfmaan, plaas op regtermou bokant Voorslaggiestrook<br>Voorslaggie Toekennings, word op skouerband gedra<br>Klasspeldjies, dra op hemp- of bloessak |


**Velduniform (Tipe B)**

Velduniform vir die Voorslaggies en personeel is ‘n T-hemp en blou denimbroek. Elke klub kan sy eie ontwerp vir die eenvormige T-hemde en sweetpakke ontwerp. ‘n Paar voorstelle vir ontwerpe van T-hemde is:

- Voorslaggie logo
- Plaaslike klublogo
- Voorslaggie en plaaslike klub logo

## PLASING VAN KENTEKENS

### LINKERMOU



LINKER MOU

Die Voorslaggie Wêreldembleem word op die linkermou 3,5 cm onder die skouersoom gedra.

### REGTERMOU




REGTER MOU

Die Voorslaggie klubnaam halfmaan word 1.3 cm onder die skouersoom gedra.
Die Voorslaggie Klubembleem word 6.4cm onder die skouersoom gedra.

### SKOUERBAND

Slegs Voorslaggietoekennings en klasspeldjies. Indien u enige AJ/Baanbreker Vakhonneurs verwerf, moet dit nie op die skouerband geplaas word nie.

### NAAMPLAATJIE

U naamplaatjie moet oor die regtersak gesentreer word of die soortgelyke posisie op die skouerband of bloes.

### PERSONEEL

U personeel rangstreep kom tussen die klubnaam halfmaan en die Voorslaggie klubembleem. Skuif die Voorslaggie klubembleem ‘n verdere 2.5cm na onder.

U moet ‘n Voorslaggie skouerband dra (nie ‘n AJ/Baanbreker skouerband nie) selfs al is u ‘n Hoofrigter

## e. Kalender en tydopsies

Die Voorslaggie klubjaar bestaan uit 'n minimum van nege maande of die ekwivalent van 'n skooljaar. Dit is realisties om die Voorslaggiejaar te laat ooreenstem met die skooljaar. Vir die beste resultate moet u egter 'n 12 maande program beplan.

**Voorslaggie Leerplan**
Inkorporeer die Voorslaggie klaswerk in die maandelikse/kwartaallikse kalender.

**Kwartale en trimesters**
'n Voorslaggie kwartaal bestaan uit drie kalendermaande. 'n Trimester bestaan uit vier kalendermaande.

**Byeenkomste**
Elke klubbyeenkoms is 'n maksimum van 90 minute lank. Die Voorslaggie klubpersoneel voorsien 'n minimum van een gereelde geskeduleerde klubbyeenkoms per maand.

**Die voorgestelde kwartaallikse byeenkomste planne:**

**Plan 1: 7 byeenkomste/kwartaal**

3 byeenkomste – kinders

3 byeenkomste – kinders/gesinne

1 byeenkoms – slegs ouers

**Plan 2: 8 byeenkomste/kwartaal**

6 byeenkomste – kinders

1 byeenkoms – kinders/gesinne

1 byeenkoms – slegs ouers

**Plan 3: 9 byeenkomste/kwartaal**

3 byeenkomste – kinders

3 byeenkomste – kinders/gesinne

3 byeenkomste – slegs ouers

VOORSLAGGIE

KLUB

## Voorbeeld van 'n Kalender

### Opsie vir 'n Nege-maande Program

**Januarie** Registrasie
Klubbyeenkoms
Kind-ouer Aktiwiteit
Personeelvergadering

**Februarie** Klubbyeenkoms
Ouerbyeenkoms
Kind-ouer Aktiwiteit
Inhuldiging

**Maart** Klubbyeenkoms
Ouerbyeenkoms
Kind-ouer Aktiwiteit
Uitreiking

**April** Klubbyeenkoms
Ouerbyeenkoms
Kind-ouer Aktiwiteit
Vakansie

**Mei** Registrasie
Klubbyeenkoms
Ouerbyeenkoms
Kind-ouer Aktiwiteit

**Junie** Klubbyeenkoms
Ouerbyeenkoms
Kind-ouer Aktiwiteit
Uitreiking

**Julie** Klubbyeenkoms
Ouerbyeenkoms
Kind-ouer Aktiwiteit
Personeelvergadering

**Augustus** "Pretdag" (Sondag)
Klubbyeenkoms
Ouerbyeenkoms
Kind-ouer Aktiwiteit

**September** Klubbyeenkoms
Ouerbyeenkoms
Kind-ouer Aktiwiteit
Finale Byeenkoms

### Opsie vir 'n Twaalf-maande Kalender

Byeenkomste per kwartaal:

- **a.** Ses byeenkomste met kinders (behalwe gedurende vierde kwartaal)
- **b.** Drie byeenkomste met kinders en ouers
- **c.** Twee byeenkomste met ouers
- **d.** Ander aktiwiteit

**Eerste kwartaal** (Januarie tot Maart):
**Januarie:** Registrasie
Klubbyeenkoms
Ouerbyeenkoms
Kind-ouer Aktiwiteit
Klubbyeenkoms
**Februarie:** Klubbyeenkoms
Kind-ouer Aktiwiteit
Pretdag
Klubbyeenkoms
**Maart:** Klubbyeenkoms
Ouerbyeenkoms
Kind-ouer Aktiwiteit
Klubbyeenkoms

**Tweede kwartaal** (April tot Junie)
**April:** Klubbyeenkoms
Kind-ouer Aktiwiteit
Klubbyeenkoms
Kerspartyitjie
**Mei:** Klubbyeenkoms
Ouerbyeenkoms
Kind-ouer Aktiwiteit
Klubbyeenkoms
**Junie:** Klubbyeenkoms
Ouerbyeenkoms
Kind-ouer Aktiwiteit
Klubbyeenkoms

**Derde kwartaal** (Julie tot September)
**Julie:** Klubbyeenkoms
Ouerbyeenkoms
Kind-ouer Aktiwiteit
Klubbyeenkoms
**Augustus:** Klubbyeenkoms
Kind-ouer Aktiwiteit
Velduitstappie
Klubbyeenkoms
Bekledingsdiens
**September:** Klubbyeenkoms
Ouerbyeenkoms
Kind-ouer Aktiwiteit
Klubbyeenkoms
Registrasie

**Vierde Kwartaal** (Oktober tot Desember)
**Oktober:** Klubbyeenkoms
Ouerbyeenkoms
Kind-ouer Aktiwiteit
Piekniek
**November:** Klubbyeenkoms
Ouerbyeenkoms
Kind-ouer Aktiwiteit
Registrasie vir nuwe Voorslaggiejaar
**Desember:** Klubbyeenkoms
Ouerbyeenkoms
Kind-ouer Aktiwiteit
Klubbyeenkoms

### f. Registrasievorm

## Voorslaggieklub Registrasievorm

Kind se Naam __________________________ Geboortedatum ____________ Ouderdom_____ Graad ______

Ouer(s) se Naam ___________________________________________________________________________

Adres _____________________________________________________________________________________

*(Straat, Stad, Poskode)*

Huistelefoonnommer: _______________________________ Nood Telefoonnommer: ____________________

Kerk ___________________________________________ Skool ___________________________________

**Gelofte**

Omdat Jesus my liefhet, sal ek altyd my bes doen.

**Wet**

Jesus kan my help om: Gehoorsaam te wees, Rein te wees, Opreg te wees, Vriendelik te wees, Beleefd te wees, Oplettend te wees, Behulpsaam te wees, Opgewek te wees, Bedagsaam te wees, Eerbiedig te wees.

**Aansoekvorm**

Merk die klas(se) waarin u alreeds beklee is: O Drawwertjie O Uitblinker O Bouer O Helper

Ek, __________________________________________, wil graag by die ______________________________

*Naam van aansoeker* *klubnaam*

aansluit.

Ek sal byeenkomste, aktiwiteite, velduitstapies, en ander klubaktiwiteite bywoon. Ek sal my Voorslaggie uniform met trots dra en klubriglyne gehoorsaam. Ek sal opgewek, behulpsaam, eerlik, vriendelik en bedagsaam wees.

_______________________________________________

*Handtekening van Voorslaggie*

**Goedkeuring/Toestemming van Ouer/Voog**

As ouer/voog, verstaan ons dat die Voorslaggie program 'n aktiewe program is wat baie geleenthede vir diens, avontuur, pret en leer, insluit. Ek sal die program ondersteun deur:

1. My Voorslaggie aan te moedig om aktief deel te neem in alle klubbyeenkomste en funksies.
2. Geleenthede waarna ouers uitgenooi word by te woon ter ondersteuning van my Voorslaggie.
3. Klubleiers te help deur as helper te dien wanneer nodig.
4. Nie enige individuele klublid aanspreeklik te hou in die geval van toevallig besering nie.
5. My toestemming te gee aan die bogenoemde Voorslaggie dat Voorslaggie aktiwiteite bygewoon kan word.

______________________________________________________

*Handtekening van ouer/voog*

Naam _________________________________________________ Werktelefoonnommer _________________

Adres _____________________________________________________________________________________

## g. Mediese Vorm

### Mediese Toestemming Vorm Inligting

In hierdie tyd is dit noodaaklik dat mediese toestemmingvorms op rekord gehou word om saam te neem op alle uitstappies. Die basiese idee van die vorm is dat dit ouerlike toestemming verleen vir ‘n dokter om ‘n minderjarige te behandel. Dit voorsien ook inligting oor waar die ouers en gesinsgeneesheer gekontak kan word. Die toestemmingsvorm voorsien beskerming aan die dokter, die kind en die klubdirekteur.

**1. Die Dokter**
‘n Dokter wat mediese behandeling aan ‘n kind verleen sonder die medewete van die ouers neem ‘n geweldige risiko. Indien die resultate ernstig is, of moontlik noodlottig, kan die ouers dagvaar. ‘n Getekende toestemmingsvorm behoort voldoende te wees om ‘n dokter te oorreed dat dit onwaarskynlik is dat die ouers sal dagvaar.

**2. Die Kind**
Leiers wat ‘n kind op ‘n uitstappie neem, staan onder verpligting om die beste beskikbare mediese sorg te voorsien. Sonder ‘n toestemmingsvorm kan dit die verkryging van sorg ernstig benadeel. U MOET toestemmingsvorms saamneem na elke Voorslaggie uitstappie.

**3. Die Direkteur**
Indien ‘n kind seerkry en nie behoorlike mediese sorg kan ontvang nie omdat die direkteur nie moeite gedoen het om mediese toestemmingsvorms saam te neem nie, sal daardie direkteur beslis ‘n geskikte teiken wees vir ‘n aanspreeklikheidseis.

### Voorslaggieklub Gesondheidsrekord

Naam ________________________________________ Geboortedatum ____________________

Adres ___________________________________________________________________________
*Straat, Stad, Poskode*
Huistelefoonnommer ______________________ Selfoonnommer ___________________________

Datum van Laaste Klem-in-die-Kaak inspuiting __________________________________________

Allergieë vir voedsel of medikasie

Enige spesiale medikasie of spesifieke inligting

Maak ‘n lys van enige beperkings

**Telefoonnommers waar ouers bereik kan word:**

Vader ___________________________________________________________________________
*Naam, Huistelefoonnommer, Werkstelefoonnommer*

Moeder __________________________________________________________________________
*Naam, Huistelefoonnommer, Werkstelefoonnommer*

Noodtelefoonnommer (vriend of familielid) ________________________________________

Gesinsgeneesheer ____________________________________________________________
*Naam, besigheidstelefoonnommer*

Geneesheer se adres ___________________________________________________________
*Straat, stad, poskode*

Versekeringsmaatskappy ________________________________ Polis ___________________
Mediese Fonds _______________________________________ Nommer ________________

**Toestemming om 'n Minderjarige te Behandel**

Ek (Ons), die ondergetekende ouer, ouers of wettige voog van ____________________________
*Naam van Voorslaggie*

In 'n noodgeval, gee ek hiermee toestemming aan die geneesheer wat deur die klubdirekteure gekies is om my kind te hospitaliseer, behoorlike behandeling te verkry, inspuitings, narkose, of 'n operasie te magtig. As ouer of wettige voog van die applikant, is ek ten gunste daarvan dat hy/sy die klubfunksies bywoon en aanvaar die voorwaardes genoem. Die gesondheidsgeskiedenis is na my wete korrek, en die persoon hierin beskryf, het die toestemming om betrokke te raak in alle voorgeskrewe klubaktiwiteite behalwe uitsonderings gelys. Ek het ook die Nood Toestemmingstelling gelees en gee my volle toestemming vir die voorwaardes daarin vervat. Toestemming word verleen dat 'n afskrif van hierdie gesondheidsrekord gemaak kan word.

_____________________________________________________
*Handtekening van ouer/voog*

__________________________________
*Datum*

## h. Veiligheid
## Veiligheidskwessies in Vandag se Wêreld

Indien u met kinders werk, dink u VEILIGHEID! Veiligheid en beskerming is die verantwoordelikheid van elke persoon in die bediening aan kinders. Dit is belangrik dat kerke veiligheidsriglyne en sekuriteitsbeleide ontwikkel om 'n veilige en versorgende omgewing te skep waarin hulle in pret en geestelike aktiwiteite kan deelneem. Geen kerk behoort 'n kinderprogram te bedryf indien hierdie veiligheidsbeleide nie in plek is nie.

### Tipes Noodgevalle

Kinders is oor die algemeen aktief, energiek en vol lewe. Hulle is entoesiasties en ywerig om te leer en te ontdek. Wanneer hulle in aktiwiteite betrokke is of dit nou binnenshuis of buitenshuis is, is dit onvermydelik dat hulle hulle knieë nerf-af kan val of 'n vinger kan seermaak. Daar is baie tipes van noodgevalle waarvan kinders se leiers bewus moet wees.

- **Vuur** – dit kan gebeur in 'n tent gedurende 'n oornagkamp buitemuurs; 'n koshuis of kampeerplek kan begin brand
- **Breuke, snye en skaafplekke** – wanneer hulle val, voetslaan, aktiewe speletjies speel of ruwe spel
- **Voedselvergiftiging** – besmette voedsel wat deur lede of ouers gekoop of voorberei word, ens.
- **Ongelukke** – die bus slaan om, motors waarin studente ry bots, ens.

* **Verdrinking** – swemaktiwiteite met onvoldoende volwasse toesig
* **Molestering en misbruik** – kan fisiese, emosionele of seksuele misbruik wees

**Algemene Wenke vir Noodgevalle**

Elke kerk wat kinderprogramme bedryf, moet die volgende doen:
Riglyne ontwikkel om die kinders en die kerk te beskerm – vorm 'n gemeenskap en skryf riglyne uit op die gebied van personeel, die keuring van vrywilligers, siekte, aktiwiteite wat weg van die kerk af aangebied word, ens. Sodra dit deur die kerk aanvaar en goedgekeur is om gebruik te word, is dit noodsaaklik dat dit geïmplementeer word. Ontwikkel 'n krisis bestuursplan – dit behoort die volgende in te sluit:

* 'n brandontsnappingsplan; behoorlike brandoefening vir kinders
* 'n kommunikasienetwerk om ouers en kerkleiers in te lig
* Stel individue aan om die media te hanteer
* 'n verwysingslêer van gemeenskap- en kerkhulpbronne

**Nog Noodgeval Wenke**

Hou kinders in groepe met volwasse toesig. Afhangende van die ouderdomsgroep, behoort die verhouding tussen die volwassenes en kinders noukeurig uitgeskryf te word. Oor die algemeen, vir kindertuin kinders is 'n goeie verhouding 1 volwassene vir 5 kinders. Vir primêre kinders, 1 volwassene vir 8 kinders. Hierdie verhouding word ook bepaal deur of dit 'n buitemuurse, weg van die kampus aktiwiteit is, of slegs binne die kerkkampus.

Voorsien deurlopende opleiding vir plaaslike kerk personeel en vrywilligers en maak hulle bewus van die belangrikheid van kinderbeskerming- en veiligheidsbeleide.
Voorsien bewustheidsopleiding vir kinders – leer hulle hoe om op hulle hoede te wees vir vreemdelinge, oor onaanvaarbare aanraking deur andere, hoe om veilig te speel, ens.
Bevestig met u plaaslike konferensie dat versekeringsdekking in plek is vir hoë risiko aktiwiteite

**Nog Algemene Wenke**

Verseker dat daar toegang is tot openbare telefone en die nommers van nooddienste wat beskikbaar is in die gebied waar die aktiwiteit gaan plaasvind.
Maak seker dat u toegang tot ouers het. Telefoonnommer, selfoonnommer moet beskikbaar wees vir kommunikasie met die ouers.
Gesondheidsinligting oor elke kind behoort beskikbaar te wees en binne bereik.

**Wenk 1: Uitstappies/Velduitstappies**

- Hou veiligheidsuitstappies deur u kerk of die aangewese aktiwiteitbyeenkomsplekke om moontlike gevare te identifiseer

    * gaan na die plek waar u die program gaan hou en doen 'n inspeksie voordat die program plaasvind.
    * let op vir watergebiede, nat vloere, los handrelings, ens. Laat dit herstel en bepaal 'n veilige plek om te speel as dit naby die water is.
    * Is daar 'n besige straat langs die plek wat vir die program gekies is? Is daar hekke wat gesluit kan word?
- Gebruik slegs gekwalifiseerde bestuurders wat nie slegs 'n geldige bestuurderslisensie het nie, maar ook 'n goeie rekord van veilige bestuur.
- Wanneer u kinders in u voertuig vervoer, is dit belangrik dat u nie vinnig ry nie.
- Maak sitplekgordels vas wanneer dit ookal moontlik is en daar moet behoorlike instruksies aan die kinders gegee word om te bly sit in busse, ens.

**Uitstappies/Velduitstappies**

- Stel 'n "maatjie" stelsel in vir swemaktiwiteite. Dit is noodsaaklik dat geen kind alleen swem nie. 'n Maatjie behoort altyd daar te wees om te help om bedag te maak op gevaar en vir hulp te roep indien dit nodig is.
- Laat die kinders paartjies van twee vorm vir aktiwiteite in die water.
- Gee streng instruksies aan kinders om bymekaar te bly. Indien oortree word, sal hulle uit die water moet kom.
- Stel baie vrywilligers beskikbaar om toesig te hou oor die kinders – ouers is uitstekende vrywilligers vir velduitstappies en buitemuurse aktiwiteite. Kry hulle om uit te help by sodanige geleenthede want hulle kan ook 'n oog oor hulle eie kind hou.

**Wenk 2: Voedsel- en Waterveiligheid**

- Pas goeie higiëne toe in die voorbereiding van voedsel – maak seker dat u spyseniers of individue wat die voedsel vir die kinders gaan voorberei, persoonlike higiëne toepas, soos om hulle hande te was voordat hulle voedsel voorberei en nadat hulle die badkamer gebruik het. Plastiese handskoene behoort gebruik te word wanneer gekookte kos hanteer word en haarnette behoort gedra te word om te verhoed dat hare in die voedsel val.
- Maak seker dat die voedsel behoorlik en gereeld in die yskas geplaas word wanneer dit warm is.
- Wees op die uitkyk vir voedselallergieë vir jonger kinders. Maak altyd by die ouers seker of hulle kind een of ander allergie het. Dit behoort op die ouer toestemmingsvorm genoem te word voor die dag van die aktiwiteit.
- Verseker dat die watervoorraad skoon en veilig is om te drink.

**Wenk 3: Kommunikasie met Ouers**

- Verkry geskrewe toestemmingvorms vir alle aktiwiteite wat nie op die kampus plaasvind nie. Spesifieke toestemming is nodig vir hoë risiko aktiwiteite soos watersport, fietsry, ens. Geen kind behoort toegelaat te word om aan enige sodanige aktiwiteite deel te neem sonder dat hierdie toestemmingsvorms betyds ontvang is nie. U kan nie die risiko neem dat die kerk aanspreeklik gehou sal word in geval van enige ongeluk of dood nie.
- Weet hoe om toegang tot ouers te hê in geval van nood. Hou 'n lys van hulle telefoonnommers, selfoonnomers byderhand in u lêers sodat hulle onmiddellik bereik kan word.
- Moedig ouers aan om behoorlike inligting oor veiligheid en seksualiteit aan hulle kinders te voorsien.

**Wenk 4: Toesighouding**

- Verkry soveel vrywilligers as wat u kan om oor die kinders toesig te hou. Voorgestelde volwassene/kind verhouding is 1:5. Dit kan verskil afhangende van die ouderdom van die kinders.
- Nooi die jeug en tieners van die kerk om as toesighouers of raadgewers op te tree in u aktiwiteite. Baie van hulle hou daarvan om deel an die sodanige pretaktiwiteite te wees. Hulle hou ook daarvan om te voel dat hulle die jongeres kan help en baie keer het hierdie jeug en tieners inderdaad 'n impak op jonger kinders.
- Betrek ouers om vrywilligers te wees en te help met toesighouding. Hulle kan ook help om die kinders in hulle voertuie te vervoer wat definitief geld vir u klein begroting sal bespaar.
- Voorsien 'n gedragskode vir die kinders en vrywilligers en ook tussen kinders. Lees dit vir hulle voor en verduidelik dit aan die groep voordat hulle op die uitstappie gaan.

**Wenk 5: Kontroleer Voorrade en Toerusting**

- Maak seker om al die materiaal en voorrade wat deur die kinders gebruik gaan word te kontroleer.
  - ∗ Koop skêre wat geskik is vir kinders, soos die met ronde punte eerder as skerp punte.
  - ∗ Materiaal behoort nie-giftig te wees of dit nou gom, ink, speeldeeg, ens. is. Lees etikette noukeuring om te sien of dit giftig is.
  - ∗ Moenie materiaal gebruik wat te klein is vir jong kinders nie aangesien die moontlikheid bestaan dat dit ingesluk kan word. Jong kinders behoort nie handwerkies te maak deur klein groen bone, of klein saadjies, ens. te gebruik nie. Hulle kan die bone per ongeluk insluk.
  - ∗ Gebruik altyd toerusting en voorrade wat gepas is vir die ouderdom.

**Wenk 6: Personeel/Vrywilliger Voorbereiding**

- Dit is belangrik om u vrywilligers te orienteer voordat hulle op 'n uitstappie gaan. Dit is ook belangrik om ook basiese opleiding vir hulle te voorsien.

  - ∗ Voorsien noodhulpopleiding vir alle personeel en vrywilligers. Hierdie is belangrik wanneer daar met kinders gewerk word, want hulle kry seer of val.
  - ∗ Voorsien voldoende noodhulpbenodigdhede wat altyd toeganklik is vir personeel.
  - ∗ Indien u op 'n uitstappie gaan, maak seker dat die kinders weet wie die persoon in beheer van die Noodhulp is na wie hulle kan gaan vir hulp. Hulle behoort ook te weet waar die Noodhulpkamer geleë is. Die kinders behoort ook te weet wat die kamernommer van die Noodhulp persoon is indien hulle hom/haar gedurende die nag moet kontak.

**Wenk 7: Mediese Personeel**

Voorsien 'n verpleegster op diens by alle aktiwiteite. Dit is 'n moet vir kinderaktiwiteite. Die kinders behoort te weet wie die kampverpleegster is en waar om hom/haar te kry indien nodig. Indien 'n dokter beskikbaar is, is dit nog beter. Indien een van die ouers 'n dokter is, verkry sy hulp as 'n vrywillige dokter vir u aktiwiteite. Dit sal beslis meriete by u program voeg.

**Ja, Veiligheid kom Eerste! Dit is ons plig om die veiligheid van die kinders onder ons sorg te verseker.**

**Hersien noodplanne periodiek.**

**Aanbevole Materiaal**
**Boeke**

Franks, E. Gordon and Erling, Susan, *Safe and Sound: A Parent's Guide on Self-Protection For Kids,* Safe and Sound Productions.

**Video of Oudio Kasette**
*Better Safe Than Sorry,* 14 min film om kinders te help om gevaarlike situasies met volwassenes te hanteer, Filmfair Communications.

### i. Kindermishandeling

## BESKERM KINDERS TEEN MISHANDELING

***Die Skepping van ‘n Veilige en Sorgsame Bediening vir Kinders***

## “Adventist Risk Management, Inc.”

*Die risiko bestuursdiens van die Sewendedag-Adventistekerk wêreldwyd*

## Die Beveiliging van Kinderbedieninge
## Vrywilliger Bestuur – Beste Praktyke

**Fokus op Missie**

- Hou altyd u MISSIE as die primêre fokus
- Vrywilliger oriëntasie is missie gedrewe
- Vrywilliger praktyke en beleide is Missie gefokus
- Vrywilliger ontslag is ter ondersteuning van u Missie

**Geleenthede vir Beste Praktyke in Kinderbedieninge**

*“Die plaaslike kerk behoort redelike stappe te neem om kinders wat in kerk-geborgde aktiwiteite deelneem te beveilig deur individue as leiers en deelnemers in programme vir kinders te kies met hoë geestelike en morele agtergronde.”*

**Kerkhandleiding Hersiening – 2000** **Bladsy 120**

**Kerke Is Trefbaar**

- Gemeenskap van Vertroue
- Nalatigheid oor Feite rakende Kindermishandeling
- Gebrek aan Voorsorg om kinders te beskerm
- Talle Geleenthede om met kinders te werk
- Maklike Toegang tot kinders sonder keuringsvereistes
- Gedurige Behoefte aan Vrywilligers om in Kinder- en Jeugbedieninge te werk

**Organisatoriese Verantwoordelikhede**

- Plig om alle Kinders teen Leed te Beskerm
- Veilige Deelname in Kerk- of Skoolaktiwiteite
- Dat behoorlike toesig by alle Aktiwiteite gehou word deur opgeleide personeel of vrywilligers
- Behoorlike Instandhouding van Fasiliteite om veiligheid te verseker
- Plig om Redelike Sorg Uit te Oefen met die kies van Personeel wat die volgende sal insluit:
  - Noukeurige Keuse van Personeel en Vrywilligers
  - Behoorlike Opleiding van personeellede en vrywilligers
  - Behoorlike Toesig van personeellede en vrywilligers
  - Gepaste Optrede wanneer dit nodig is om personeellede te ontslaan
- Plig om alle voorvalle van verdagte kindermishandeling in ooreenstemming met die wet aan te meld

**Verantwoordelikheid teenoor Kinders & Volwassenes**

- Volwasse toesig sal deurentyd vir hulle voorsien word

- Kinderprogramme sal te alle tye aangebied word sonder mishandeling en geen teistering sal geduld word nie
- Volwassenes wat bekend is vir vorige dade van mishandeling van kinders of ander ongepaste optrede, sal nie toegelaat word om deel te neem in kerk-geborgde kinderbedieninge programme nie
- Gepaste stappe sal geneem word om agterdog te vermy oor volwassenes wat in toesighouding betrokke is deur die gebruik van die volgende beskermende maatreëls:

  Die Sesmaande reël sal gebruik word om bekend te raak met nuwe vrywilligers
  Twee Volwassenes reël sal toegepas word by alle kerk-geborgde aktiwiteite
  Vereis dat alle volwassenes deelneem aan 'n jaarlikse kindermishandeling bewustheidsprogram
  Alle aantygings van onbehoorlike optrede sal onmiddellik deur die kerk ondersoek word en gepaste korrektiewe optrede sal geneem word

- Indien aantygings teen 'n volwasse persoon gemaak word vir onbehoorlike gedrag met 'n kind, sal ons die individu se regte respekteer en alle sake met betrekking tot die situasie op 'n vertroulike basis hanteer
- Ons het 'n plig om alle aktiwiteite in ooreenstemming met die raad van Mattheus 7:12 uit te voer

**"Adventist Risk Managaement, Inc."**
**Voorsiening van Oplossings … Om Risiko's Te Beperk Junie 2001**

## 3. Om Te Begin en 'n Struktuur Daar te Stel

### Hoe om 'n Klub te Begin

**1. Reël 'n spesiale organiserende vergadering.**

'n Spesiale vergadering, verkieslik op 'n Sabbatmidag, behoort geskeduleer te word om diegene wat sal belangstel in die organisering van 'n Voorslaggieklub bymekaar te bring. Nooi alle Hoofrigters, alle ouers van Voorslaggie kinders, alle onderwysers in die gepaste Sabbatskoolafdelings, en andere wat daarin belangstel om met kinders te werk.

Verduidelik gedurende hierdie vergadering die besonderhede met betrekking tot die Voorslaggie organisasie. 'n Paar Voorslaggies wat van 'n naburige klub besoek, kan sommige van hulle prestasies demonstreer en die uniform vertoon. 'n Beroep behoort op vrywilligers gedoen te word om in die Voorslaggieklub te help, en 'n inligtingsvraelys behoort gesirkuleer te word.

**2. Leer die basiese beginsels van Voorslaggies**

Die Voorslaggie Basiese Personeelopleidingskursus behoort aan die klub leierskappersoneel aangebied te word. Voorslaggieklub hang af van 'n voldoende aantal opgeleide personeel. Die konferensie Voorslaggie spesialis is verantwoordelik om hierdie kursus en die nodige hulpbronmateriaal beskikbaar te maak.

**3. Kies 'n direkteur en mede-direkteure.**

Die benoemingskomitee/kerkraad behoort bekend te raak met diegene wat die beste gekwalifiseer is om in die Voorslaggieklub uit te lei en 'n direkteur en mede-direkteure soos benodig aan die kerk aan te beveel.

**4. Die Voorslaggieklub Uitvoerende Komitee**

Die Voorslaggieklub Uitvoerende Komitee bestaan uit die Voorslaggieklub leierskap, leraar, primêre Sabbatskool leier, waar moontlik onderwysers betrokke by kerkskoolgrade en 'n Voorslaggie

moeder en vader. Die Voorslaggie direkteur is die voorsitter. Hierdie groep stel belangrike beleide op vir die bedryf, doele en doelstellings van die klub, en kies raadgewers en instrukteurs.

**5. Bou die program**

Hierdie kan die belangrikste stap in die hele organiserende proses wees. Programbou bestaan uit langtermyn beplanning. Die doelstellings van die klub oor 'n periode van maande en jare behoort in fokus gebring te word. Die klubaktiwiteite behoort op hierdie oorhoofse doelstellings geskoei te word. Elke vergadering behoort weke voor die tyd in detail beplan te word.

Erkenning van die karaktertrekke van kinders sal die personeel lei om die jaar se program in drie of vier segmente te verdeel, elkeen met spesifieke aktiwiteite en doelstellings. Hierdie segmente gee buigbaarheid aan die jaar se program wat toelaat dat nuwe idees en glanspunte van tyd tot tyd ingelyf kan word.

**6. Hou 'n gasteprogram**

'n Gasteprogram is 'n algemene aktiwiteit ongeveer twee of drie weke voor inskrywing. Elke Voorslaggie mag een van sy spesiale vriende uit die gemeenskap uitnooi na hierdie "gasteprogram" klubbyeenkoms. Die direkteur behoort elke besoekende kind te leer ken. Gedurende die gesprek behoort die direkteur te vra, "Sal jy daarvan hou om by ons Voorslaggieklub aan te sluit?" Indien die antwoord"Ja" is, besoek die huis die volgende week en verduidelik die hele program en wys 'n gewilligheid om saam met die gesin te werk oor hulle geestelike geloof en gevoelens.

**Bykomende gasteprogramme kan vir die nie-geregistreerde ouers en kinders gehou word om by te woon en aangemoedig te word om aan te sluit.**

**7. Hou 'n Registrasiebyeenkoms**

**a.** Stuur vier weke voor die inskrywingsaand briewe aan potensiële Voorslaggie gesinne.
**b.** Adverteer die Voorslaggieprogram.
**c.** Ontvang lidmaatskapaansoeke asook gesondheidsgeskiedenis vorms.
**d.** Lei personeel op en rus hulle toe met uniforms voor inskrywingsaand. Die direkteur, mede-direkteure, raadgewers en instrukteurs vorm die personeel van die klub. Daar behoort 'n paar geleenthede te wees wanneer die personeel bymekaar kan kom vir opleiding sodat elke persoon bekend raak met sy/haar pligte en die oorhoofse omvang van die klubaktiwiteite. Hierdie personeellede behoort uniforms te kry en kentekens behoorlik op die uniform aan te bring.
**e.** Publisiteit vir die weke voor inskrywingsaand.

**Vier weke voor die tyd:**
Kerkbulletin aankondigings
**Drie weke voor die tyd:**
Aantreklike bulletinborde
**Twee weke voor die tyd:**
Kindersabbatskool program
Kerk sendingperiode
Direkteur se brief aan ouers van potensiële Voorslaggies
**Een week voor die tyd:**
Leraar se brief aan ouers van potensiële Voorslaggies
Kerkdiens wat die program beklemtoon

f. Hou 'n Registrasiebyeenkoms

**8. Implementeer 'n huisbesoekprogram.**

Raadgewers behoort die huis van elke Voorslaggie in sy/haar eenheid onmiddellik na registrasie te besoek om hom-/haarself as die kind se raadgewer voor te stel.

**a.** Voltooi hulle aansoek- en gesondheidsrekord

**b.** Herinner die gesin aan die klubkalender afsprake.

**c.** Beantwoord alle vrae rakende uniforms, uitstappies, ens. Voordat u gaan, beklemtoon die feit dat as 'n raadgewer u die ouer wil help op enige manier waarop u kan.

**d.** Sodra die Voorslaggieprogram begin het, moet elke huis wat in klublidmaatskap betrokke is ten minste eenkeer per kwartaal deur die raadgewer gekontak word.


**9. Eerste klubbyeenkoms.**

Dit is belangrik dat hierdie klubbyeenkoms een van pret en opwinding moet wees, met lede en personeel wat in die aktiwiteite betrokke is.

**10. Hou ongeveer drie weke na inskrywings aand 'n inhuldigingsprogram.**

**11. Gemeenskap en kerk belangstelling.**

Sodra 'n Voorslaggieklub gevestig is, doen 'n beroep op kerklidmate en gemeenskapsvriende wat nie voorheen belang gestel het nie. Die direkteur behoort vriende te maak met elke Voorslaggie gesin, en hulle in hulle gesinsdoelstellings vir hulle kind help. Help elke nie-Sewendedag-Adventiste Voorslaggie gesin om die leraar te leer ken. Hierdie gesinne kan dan uitgenooi word om te hoor wat die kerk hulle kan bied. Die Voorslaggieklub behoort evangelisties te wees.



## *AFDELING VYF*

| *KLUBPROGRAM (120 min)* | *NOTAS* |
|---|---|

## *DOEL*

*Om kinders te help om 'n vriendskap met Jesus te bou, hulle te lei na die ewige lewe, en hulle verhouding met hulle ouer(s) te versterk.*

## *DOELSTELLING*

*Om die Voorslaggieprogram te verstaan en te implementeer, die kenmerke te volg en aan te bied, en persone te laat deelneem.*

## *VERDUIDELIKING*

*1. Jaarlikse Program ……………………………………………….. (35 min)*
- *a. Voorslaggieklub doelstellings*
- *b. Beplanning van die kalender*
- *c. Klubbyeenkoms*
- *d. Voorslaggieleerplan*
- *e. Betrekking van ouers*

*2. Programriglyne ……………………………………………....... (10 min)*

*3. Klublidmaatskap …………………………………………………. (25 min)*
- *a. Klublidmaatskap*
- *b. Bemarking van die Voorslaggieklub*

*4. Kind-Ouer Aktiwiteite ………………………………………….  (15 min)*

*5. Program ……………………………………………………………...  (25 min)*
- *a. Registrasie*
- *b. Gesinsnetwerk*
- *c. Inhuldiging*
- *d. Voorslaggie Sabbat*
- *e. Velduitstappies*
- *f. Konferensie "Pretdag"*
- *g. Bekledingsdiens*

Voorslaggie Personeelhandleiding, bls. 25-40

# KLUBPROGRAM

## Jaarlikse Program

## 1. Jaarlikse Program

### a. Voorslaggieklub Doelstellings

**1.** Kinders sal, op hulle eie vlak, hulle harte en lewens aan Jesus Christus toevertrou.

**2.** Kinders sal 'n positiewe houding kry teenoor die voordele, vreugdes, en verantwoordelikhede om 'n Christelike lewe te ly.

**3.** Kinders sal die gewoontes, vaardighede en kennis verkry wat nodig is om vandag vir Jesus te leef.

**4.** Ouers en ander belangrike versorgers sal meer vertroue kry en meer doeltreffend raak as medewerkers met Christus vir hulle kinders.

### b. Beplanning van die kalender

Ellen White se raad aan kerkadministrateurs kan ook op Voorslaggieleiers toegepas word: "Daar moet baie meer persoonlike verantwoordelikheid, baie meer denke en beplanning, baie meer verstandelike krag ingesit word in die werk wat vir die Meester gedoen word."
*Testimonies to Ministers*, bl. 498.

"God se werk is as 'n geheel volmaak, omdat dit in elke deel volmaak is, hoe klein ookal: … Indien ons verlang om volmaak te wees, soos wat onse Vader in die hemel volmaak is, moet ons getrou wees in die klein dingetjies wat ons doen. Dit wat die moeite werd is om gedoen te word, moet goed gedoen word." *Dink Aan Jou Skepper*, bls. 144, 145.

Om jong lewens na die ewige lewe te lei, is die belangrikste werk wat aan die mens gegee is en behoort goed beplan te word. Beplan 'n gebalanseerde program met die klem op geestelike, fisiese, verstandelike en sosiale belange.

'n Plan moet met sorg uiteengesit en gevolg word. 'n Goeie program is een van die belangrikste faktore in die suksesvolle bedryf van 'n Voorslaggieklub. 'n Program met breë doelstellings behoort eers vir die jaar ontwikkel te word, dan vir die kwartaal of trimester, en dan vir die weeklikse of tweemaandelikse byeenkoms.

Die Voorslaggieklub personeel is verantwoordelik vir die beplanning van die program. Die direkteur is die voorsitter. Voorstelle van alle bronne behoort verwelkom te word. In die opstel van 'n program behoort die personeel die volgende te oorweeg:

**1.** Leiers se verwagtinge vir die komende jaar.
**2.** Voorslaggie en ouer verwagtinge vir die komende jaar.
**3.** Spesifieke planne vir jaarlikse geleenthede, soos Voorslaggiedag, Kersfees, vakansies, Nuwe Jaar, 'n bekledingseremonie, 'n inhuldigingseremonie, kampvergadering en Pretdag, ens.
**4.** Verrassings, verskeidenheid, aksie, prestasies, en pret.
**5.** Die voortdurende en bestendige vordering van Voorslaggies in die Voorslaggieleerplan.
**6.** Vra die plaaslike konferensie Voorslaggie direkteur vir programidees.
**7.** Gebruik 'n spesifieke tema vir jaarlikse of kwartaallikse beplanning.
**8.** Begin en eindig altyd elke vergadering op tyd.
**9.** Wees kreatief deur die program aan te pas by die klub se spesifieke voorwaardes en behoeftes van die klublidmaatskap.
**10.** Toon geloof in en entoesiasme vir die Voorslaggieprogram.
**11.** Skeduleer ouer opleidingseminare. (Kan saam met Tuis- en Skooldirekteur of kerk Gesinslewe direkteur wees).

## c. Klubbyeenkoms

**Voorbeeld: Voorslaggie Klubbyeenkoms**

**Tema: Die Natuur**

| **Tyd** | **Aktiwiteit** |
|---|---|
| 10 min | Openingsoefening: bv.<br>Gelofte van Getrouheid<br>Voorslaggie Gelofte en Wet<br>Gelofte tot die Bybel<br>Godsdiens |
| 3 min | Bywoningsregister |
| 17 min | Ysbreker aktiwiteit<br>Eenheidaktiwiteit |
| 15 min | Natuurspeletjie |
| 30 min | Voorslaggie klaswerk |
| 14 min | Afsluitingseremonie<br>Musiek<br>Aanskouingsles |
| 1 min | Gebed en verdaging |
| 90 min | Totale tyd |

## d. Voorslaggieleerplan

Die Voorslaggieleerplan is die grondslag van die Voorslaggieprogram. Pret en praktiese aktiwiteite wat die Voorslaggies sal geniet, moet gebruik word om die doelstelllings van die program te bereik. Kinders wy hulle harte en lewens aan Jesus Christus toe en leer gewoontes, vaardighede en kennis aan om vandag vir Jesus te leef. Die Voorslaggieleerplan is in vier vlakke verdeel:

Drawwertjie – Graad Een
Uitblinker – Graad Twee
Bouer – Graad Drie
Helpende Hand – Graad Vier

Mag u hierdie ook as nog 'n bruikbare manier vind om u seuns en dogters te lei om Jesus as hulle Vriend te leer ken en om te begin om 'n werklike verhouding met Hom te bou.

## Voorbeeld: Maand-tot-Maand Leergids

Hierdie maand-tot-maand gids is ontwikkel om u te help in die voltooiing van die Voorslaggieleerplan vereistes. Die verantwoordelikheid om die kind by te staan in die voltooiing van sy/haar leerplan is verdeel tussen die Voorslaggieklub en die ouers en is in die linkerkantste kolom gemerk om aan te dui wie daarvoor verantwoordelik is.

Daar word aanbeveel dat gedurende die ouervergadering u ‘n paar minute neem om te verduidelik wat gedurende die volgende maand van hulle verwag gaan word. Maak seker dat u hulle met die hulpbronne voorsien wat hulle nodig sal hê om hulle kind te help om die meeste uit elke vereiste te kry. ‘n Lys van voorgestelde materiaal word vir elke maand voorsien.

U sal oplet dat ‘n ouer/kind aktiwiteit vir elke maand gelys word. Dit is nie ‘n aktiwiteit wat deur die klub beplan word nie; die aktiwiteit word egter deur die ouer en kind saam beplan. Een maand kies die kind die aktiwiteit en die volgende maand word die aktiwiteit deur die ouer gekies.

### Maandelikse Beplanningskalender Voorslaggieleerplan

| Maand | Drawwertjie | Uitblinker | Bouer | Helpende Hand |
|---|---|---|---|---|
| Januarie | Alle Klasse – Memoriseer en verduidelik Gelofte en Wet | | | |
| Januarie | Lees Gen. 1:1-2:3 of Openb. 21:1-22:5<br>**My God** – Doen #1-A | Lees twee hoofstukke van Markus<br>**My God** – Doen #1-A | Lees drie hoofstukke van Handelinge<br>**My God** – Doen #1-A | Lees eerste drie hoofstukke van 1 Samuel<br>**My God** - Doen #1-A |
| Februarie | **My Self** – Doen #1<br>Lees ‘n boek oor die Skepping<br>**My God** – Doen #1-B | **My Self** – Doen #1<br>Lees ‘n boek oor Jesus<br>**My God** – Doen #1-B | **My Self** – Doen #1<br>Lees ‘n boek oor die Kerkgeskiedenis<br>**My God** – Doen #1-B<br>**My Gesin** – Doen #1 A,B | **My Self** – Doen #1-A,B<br>Lees ‘n boek oor ‘n OR karakter<br>**My God** – Doen #1-B<br>**My Gesin** – Doen #1 A,B |
| Maart | **My Self** – Doen #2<br>Lees ‘n boek oor gevoelens<br>**Toekenning** – *Bybel 1,* #3,5<br>Doen – memoriseer 2 versies; ken eerste en laaste boek van die Bybel | Lees ‘n boek oor Hoe om vir My Liggaam te Sorg<br>**Toekenning** – Hoflikheid<br>**My God** – Doen #2-A | Lees ‘n boek oor Hoe die Liggaam Werk<br>**Toekenning** – Media Kritiek<br>**My God** Doen #2 A,B<br>**My Gesin** Doen #2 | Lees ‘n boek oor groot word<br>**Toekenning** – *Bybel II* |
| April | **Toekenning** – *Gesondheidspesialis*<br>**Toekenning** – Voltooi Bybel I<br>Maak ‘n geskenkie vir iemand wat huisgebonde is | Lees ‘n boek oor die Natuur<br>**My God** – Doen #2-A<br>**My Gesin** Doen #1 | Lees ‘n Geskiedenis boek<br>**Toekenning** – Natuur (jou keuse) | **Toekenning** – Higiëne |
| Mei | Lees ‘n boek oor Veiligheid<br>**My God** – Doen 3-A,B | Lees ‘n boek oor die Natuur<br>**Toekenning** – *Fiksheid Pret*<br>**My Gesin** – Doen #2,3 | Lees ‘n boek oor jou Land<br>**Toekenning** – *Matigheid*<br>**My Wêreld** – Doen #1 – A,B | Lees ‘n boek oor Sending<br>**My God** – Doen #3 A,B<br>**My Self** – Doen #1 A,B<br>**My Wêreld** – Doen #1 A,B |
| Junie | **My Gesin** – doen #1&3<br>Lees ‘n boek oor Vriende | **My God** – Doen #3 A,B<br>**Toekenning** – Padveiligheid | **My God** – Doen #3 A,B<br>**Toekenning** – Natuur (jou keuse) | Beplan ‘n spesiale gesinsgodsdiens<br>**My Wêreld** – Doen #2,3<br>**Toekenninng** - *Omgewing* |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Julie | **My Gesin** – Doen #2-A,B<br>**My Wêreld** – Doen #1 | **My Wêreld** – Doen #2-A,B | **My Wêreld** – Doen #2-A,B<br>**Toekenning** – *Wysheid* | **My Gesin** – Doen #3 |
| Augustus | **My Wêreld** – Doen #2-A,B<br>**Toekenning** – *Vriend van Diere* | **Toekenning** – *Vriend van die Natuur* | **My Wêreld** – Doen #3 | **Toekenning** – Doen 'n Toekenning wat nog nie voorheen verwerf is nie |

## e. Ouerbetrokkenheid

## Voorbeeld: Brief van Ouerbetrokkenheid

Datum

Liewe Ouers:

Een van die doelstellings waarna u kind streef, is om sy/haar Voorslaggie prestasiespeldjie teen die einde van die jaar te verdien. Hierdie speldjie word gegee ter erkenning van suksesvolle voltooiing van 'n verskeidenheid van aktiwiteite op die gebied van geestelike, emosionele en sosiale ontwikkeling.

Ons wil seker maak dat elke kind 'n geleentheid het om deel te neem aan hierdie waardevolle leeraktiwiteite en om sy/haar speldjie te verdien. Die meeste kinders voltooi 'n deel van die Voorslaggieklaswerk by die huis en 'n deel by die Voorslaggieklub, wat beteken op 'n Sabbat en op aangekondigde datums. Aangesien u kind nie beide hierdie programme bywoon nie, mis hy/sy sommige van die aktiwiteite.

Hieronder volg 'n lys van vereistes wat voltooi moet word voordat die kind sy/haar klasspeldjie teen die einde van die jaar kan ontvang. (Die aktiwiteite wat u kind gemis het, is in vetdruk.) Hierdie is pretaktiwiteite wat as deel van gesinsgodsdiens of Sabbatmiddag aktiwiteite voltooi kan word. Ons moedig u aan om dit saam met u kind te doen om dit vir hom/haar moontlik te maak om 'n gevoel van groei en prestasie te ervaar wanneer hy/sy die aktiwiteite voltooi het en die speldjie verdien.

Indien u belangstel om saam met u kind aan hierdie aktiwiteite te werk en 'n aktiwiteitspakkie wil ontvang om u te help, kontak enigeen van ons (ons telefoonnommers verskyn hieronder).

Wanneer u kind hierdie aktiwiteite voltooi het, plaas u voorletters daarby op die vereistebladsy en stuur dit aan ons terug.

Christelike groete
Naam
Voorslaggieklub:
Direkteur Telefoonnommer

## 2. Programriglyne

**Riglyne om in gedagte te hou:**

**1.** Klubprogram moet nie onnodige druk op die gesin, klublede of personeel plaas nie.
**2.** Onnodige druk moet nie op die kind geplaas word nie.
**3.** Hou die program gesinsgeoriënteerd. Dit is die doelstelling van die Voorslaggieklub.

**4.** Dit word aanbeveel dat daar nie klem geplaas word op driloefeninge en marsjering nie as gevolg van hierdie ouderdomsgroep se gebrek aan koördinasie. Indien die klub 'n bietjie marsjering wil doen, maak dit 'n pretondervinding.
**5.** Hou die program binne die graad en fisiese beperkings van die kind.

## Klublidmaatskap

### a. Klublidmaatskap

Die Voorslaggieklublidmaatskap is 'n Sewendedag-Adventiste geborgde bediening wat beskikbaar is vir alle gesinne met kinders in grade 1-4 wat instem om die Voorslaggie Gelofte en Wet te onderhou. Die Voorslaggie kinders en ouers word aangemoedig om alle beplande byeenkomste en funksies wat deur die Voorslaggieklub geborg word, by te woon.

### b. Bemarking van die Voorslaggieklub

- Adverteer die Voorslaggieprogram.
- Publiseer u aktiwiteite in plaaslike koerante.
- Adverteer u aktwiteite oor die radio en televisie.
- Deel die aktiwiteite van u Voorslaggies deur persoonlike uitnodiging.
- Pubiliseer u aktiwiteite in die kerkbulletin.
- Voorslaggieklub bulletinbord.

## 4. Kind-Ouer Aktiwiteite

Die doel van hierdie aktiwiteit is om die kind/ouer verhouding te versterk deur hulle toe te laat om 'n betekenisvolle "lewens"ervaring in mekaar se wêrelde te ervaar. Voorbeelde:

| **Kinderaktiwiteite** | **Volwasse Aktiwiteite** |
|---|---|
| Ontspanning | Inkopies |
| Tafelspeletjies | Tuinwerk |
| Vertel van stories | Huiswerk |
| Speel met speelgoed | Voedselvoorbereiding |
| Kom ons gee voor | Wasgoed was/Klere stryk |
| Ontdekking | Was die Motor |
| Ander ________________________ | Ander ________________________ |

Die aktiwiteite verander elke maand. Alhoewel hierdie nie 'n klubbyeenkoms is nie, word dit gesien as 'n maandelikse Voorslaggieklub afspraak.

## 5. Program

### a. Registrasie

Leer-mekaar-ken tyd vir ouers en Voorslaggies; bedien verversings

Verwelkoming

Agenda:

**1.** Verduidelik die Voorslaggieprogram en leerplan.
**2.** Hersien die maandelikse, kwartaallikse en jaarlikse kalender.

**3.** Voltooi Voorslaggie registrasievorms.
**4.** Verduidelike mediese toestemmingvorm en Voorslaggie versekeringsinligting.
**5.** Verduidelik die klubgelde. Kollekteer gelde.
**6.** Voorsien *Ouer/Ondersteuningspersoneel Werwingsvorm.*
**7.** Uniforminligting.
**8.** Neem mate vir uniforms.

### b. Gesinsnetwerk

Hou 'n maandelikse byeenkoms vir die ouers van die Voorslaggiekinders in grade 1-4 om die Voorslaggie Gesinsnetwerk bekend te stel met die doel om inspirasie, ondersteuning en inligting te deel. Spreek ook onderwerpe aan wat van spesifieke belang vir u is terwyl u daarna streef om kinders groot te maak wat in die 21ste eeu vir Jesus lief is en vir Hom leef. Bedien verversings.

### c. Inhuldiging

Die Inhuldiging is 'n spesiale Voorslaggiebyeenkoms waartydens die klublede en hulle ouers formeel aan die Here toegewy word.

Elke kind moet aan die diens deelneem, alhoewel almal nie hoef te praat nie. Gesinslede en ander belangstellende persone word uitgenooi om by te woon.

'n Inhuldigingsdiens word gewoonlik gehou binne twee maande van die tyd dat u klub begin het. Indien hierdie 'n eerste-jaar klub is, word al die Voorslaggies en personeel van die klub ingehuldig. Indien dit 'n gevestigde klub is, dan word net die nuwe Voorslaggies en personeel ingehuldig.

Voorslaggies hou van vertoon en daarom moet u dit so indrukwekkend as moontlik maak. Hou die program kort. Op hierdie ouderdom het Voorslaggies 'n kort aandagspan en raak gou rusteloos, en ons wil hê dat hulle die betekenis van die program moet besef.

Moedig u Voorslaggies aan om hulle klas-A uniform (formele uniform) te dra. Gee vir die Voorslaggies 'n nekdoek, skyfie en skouerband voordat die seremonie begin.

**1.** Speel musiek terwyl u die Voorslaggies bymekaar kry.

**2.** Laat die Voorslaggies inmarsjeer met vlae en plaas dit tussen die gehoor en die Voorslaggies sodat hulle na die vlae kan kyk terwyl hulle die gelofte, ens voordra.

**3.** Salueer en beloof trou aan die Suid-Afrikaanse vlag.

**4.** Beloof trou aan die Christelike vlag.

**5.** Beloof trou aan die Bybel (opsioneel).

**6.** Sing die Voorslaggie temalied.

**7.** Bid 'n openingsgebed.

**8.** Verwelkom die ouers/voogde, Voorslaggies, en gaste by die program.

**9.** Die Voorslaggiedirekteur of u leraar behoort 'n kort praatjie aan te bied oor die Betekenis van die altaar. Vertel hoe Bybelpersone soos Isak, Moses en Ester hulle lewens aan God toegewy het, en verduidelik hoe die Voorslaggies hulleself aan God en die Voorslaggieklub gaan toewy. Wys hulle daarop dat hulle 'n altaar bou, net soos wat die mense in die Bybelse tye gedoen het. Die fondament van die altaar is gebou op die Voorslaggiewet. Wat beteken die Voorslaggiewet en hoe belangrik is dit

in ons lewens? Vra benoemde persone om vorentoe te kom en te lees wat elke gedeelte van die Wet beteken.

**10.** Vra die individue wat ingehuldig gaan word om vorentoe te kom en na die gehoor te kyk. Die Voorslaggiedirekteur sal dan vir hulle vra om hulle toewyding tot die beginsels van die Voorslaggieklub te bevestig. Hulle doen dit deur die Voorslaggie Gelofte en Wet voor te dra.

**Voorslaggie Gelofte Voordrag**
Omdat Jesus my liefhet, sal ek altyd my bes doen.

**Voorslaggie Wet Voordrag**
Die volgende is 'n voorgestelde verduideliking van elke deel van die wet, om uit die hoof opgesê te word terwyl die altaar gebou word by die Inhuldiging. Die bedoeling is dat ervare klublede sal voordra, maar in 'n klein klub kan almal deelneem.

**Jesus kan my help om …**

**A. Gehoorsaam te wees** – Ek sal God se wette gehoorsaam en blymoedig doen wat my ouers en onderwysers my vra om te doen. Ek sal die wette van my land gehoorsaam.
**B. Rein te wees –** My liggaam is die tempel van God, daarom sal ek dit skoon hou. Ek sal nie vloek, rook, alkohol drink, dwelms gebruik, of enige ander ding doen wat God sê walglik is nie.
**C. Opreg te wees** – Ek sal altyd die waarheid vertel en nooit probeer om te bedrieg nie – selfs al sou ek in die moeilikheid beland daarvoor.
**D. Vriendelik te wees** – Ek sal altyd na maniere soek om ander mense gelukkig te maak. Ek sal nooit 'n persoon of dier moedswillig seermaak nie. Ek sal ook my speelgoed deel.
**E. Beleefd te wees** – Ek sal hoflik wees teenoor diegene wat God in gesag oor my aangestel het (soos ouers en onderwysers) en teenoor diegene wat jonger en swakker as ek is (soos klein boeties en sussies). Ek sal mooi na ander mense se besittings kyk, selfs al is dit iets klein soos 'n geleende potlood.
**F. Oplettend te wees** – Ek sal luister wanneer iemand by die huis, skool en die kerk met my praat. Ek sal veral na God luister om vir my te sê wat ek met my lewe moet doen.
**G. Behulpsaam te wees** – Ek sal soek na maniere om te help en nie wag om gevra te word om dit te doen nie. Ek kan my gesin by die huis help, onderwysers en vriende by die skool, en ander mense op ander plekke. Ek kan selfs vir God help.
**H. Opgewek te wees** – Ek sal nooit kla en brom wanneer ek nie my sin kry nie of wanneer ek werk het om te doen. Ek sal onthou dat God my gemaak het; God maak nie rommel nie, so ek is nie rommel nie! Om dit te weet, maak my gelukkig.
**I. – Bedagsaam te wees** – Ek sal hoflikheid 'n gewoonte maak, beide in woord en daad. Ek sal soek na maniere om vriendelik met mense te wees. Ek sal nie onbeskof of irriterend wees nie.
**J. Eerbiedig te wees** – Ek sal noukeurig na God, Sy Woord en Sy boodskappers luister. Ek sal my Bybel en kerkeiendom goed versorg. Ek sal nooit die spot dryf met heilige dinge nie.

Die leier sê dan: "Ons verklaar hiermee dat hierdie kandidate as lede van die ____________ Voorslaggieklub aanvaar word." Op hierdie tydstip plaas elke kind en personeellid sy of haar naam op een van die klippe op die altaar.

**11**. Die leier vra dan dat ouers/voogde vorentoe moet kom en agter hulle Voorslaggie(s) moet kom staan. Elke ouer/voog word 'n brandende kers gegee. Die leier lees die opdrag aan hulle: "Die kind wat voor u staan het warmte, sekuriteit en liefde van u, hulle ouer, nodig. Die Voorslaggieklub is daar om u aan te moedig met die versorging van hierdie kind, maar wil nie u plek inneem nie. Onderneem u dat u sal deelneem in die vervulling van u kind se belofte van verbintenis tot die Voorslaggieklub?" (Ouers sê: "Ja!")

**12.** Doen ‘n Toewydingsgebed.
Die inhuldiging sal dalk nie die volle tyd van die byeenkoms in beslag neem nie, daarom behoort ander aktiwiteite beplan te word wat die besoekers sal insluit, soos speletjies en verversings. Indien daar nie van besoekers verwag word om vir die gewone program te bly nie, kan dit begin sodra die inhuldiging verby is.

## d. Voorslaggie Sabbat

Die doel van ‘n Voorslaggie Sabbat is om kerkbewustheid van Voorslaggiebedieninge te bevorder. Dit illustreer dat, as ‘n kerk, ons die ouerlike verantwoordelikhede besef van “oefen die seun volgens die eis van sy weg,” (Spreuke 22:6), sowel as om die kinders te leer om God lief te hê, “met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag” (Deuteronómium 6:5).

Voorslaggie Sabbat gee kerklidmate ‘n unieke geleentheid om erkenning en ondersteuning aan die ouers te verleen. Dit kan een of meer van die volgende aktiwiteite insluit:
- Kinders wat optree deur musiek, toneelstukkie, of voordrag
- Preek wat gerig is op kinders of oor positiewe ouerskap
- Voorslaggies wat betrokke is in betekenisvolle aktiwiteite soos Skriflesing, vertel van die storie, plekaanwysing, verwelkoming, ens.
- Borg van die kerkbulletin, kerkblomme, ens.


**Uiteensetting van Program**
- Laat die Voorslaggies met vlae en ander klubitems in marsjeer.
- Herhaal die Voorslaggie Gelofte en Wet.
- Spreker: Kies die leraar of ‘n gasspreker wat goed oorgaan tot hierdie ouderdomsgroep.
- Vir die Skriflesing, vra ‘n ouer en kind om dit saam te lees.
- Vra ‘n kind om die openingsgebed te doen, of laat ‘n ouer en kind dit saam doen.
- Vra of die vaders en die Voorslaggies om die offergawe op te neem, of laat die Voorslaggies dit alleen doen. (Voorstel: Laat Voorslaggies na die diens by die deur staan om ‘n offergawe vir die klub op te neem.)
- Vra Voorslaggies om spesiale musiek te lewer.
- Kies ‘n Voorslaggie ouer om die kinderstorie te vertel, of vra ‘n Voorslaggie om te help met ‘n kinderstorie.
- Hou ‘n spesiale ete vir Voorslaggies en hulle ouers.
- Sommige klubs besoek na die ete ouetehuise.

## e. Velduitstappies

## Voorgestelde Velduitstappies

Voorslaggies – Kwartaal

- Brandweerstasie
- Dierehospitaal
- Natuuruitstalling
- Stadsraadkantoor
- Bakkery



Voorslaggie – Kwartaal

- Hospitaal
- Kwekery
- Openbare biblioteek
- Treinrit
- Kragstasie

Voorslaggie – Kwartaal

- Televisiestasie
- Blomwinkel
- Handwerkwinkel
- Vragmotorrit
- Planetarium

Voorslaggie – Kwartaal

- Busrit in die Stad
- Fabriek
- Polisiestasie
- Geskiedkundige plek of belang
- Nooddienste sentrum

## f. Konferensie "Pretdag"

## Spesiale Geleenthede (Voorslaggie "Pretdag")


Hierdie kan 'n konferensie-wye geleentheid wees of 'n streeksgeleentheid. Dit kan soos 'n klein kermis gehou word waar die klubs die projekte en handwerk waaraan hulle gedurende die jaar gewerk het, kan uitstal. Die aktiwiteite vir die dag kan die volgende insluit:

1. Openingsprogram
2. Buitemuurse aktiwiteite waaraan Voorslaggies en hulle ouers kan deelneem
3. Middagete
4. Handwerkuitstalling
5. Afsluiting

Gee 'n aantal items wat hulle kan huistoe neem, soos speldjies, ballonne, ens. Dit is nie 'n tyd vir inter-klub kompetisie nie, maar 'n tyd om 'n gevoel van goeie sportmanskap en kameraadskap te skep.

**Voorbeeld van "Pretdag" Program**

- Meld klub aan
- Voorslaggie temalied
- Gelofte en Wet
- Openingsrede
- Gebed
- Verwelkoming
- Spesiale hoofitem
- Aktiwiteite:
  - Sakresies
  - Hindernisbaan
  - Agteruit resies
  - Touspring
  - Frisbee gooi
  - Op stelte loop
  - Hasie spring
  - Sagtebal gooi
  - Opslagbal
  - Eenbeentjie spring



- Handwerk
- Afsluitingsoefening

**Gesinsuitstappies**

Hierdie is 'n naweek wanneer gesinne die uitstappie bywoon. Dit is noodsaaklik dat die Voorslaggie deur 'n ouer of 'n volwassene vergesel word.

## g. Bekledingsdiens

Die bekledingsdiens is die geleentheid waartydens die Voorslaggietoekennings en Voorslaggie klaskentekens wat die kinders gedurende die jaar verwerf het aan hulle oorhandig word.

Dit is uiters belangrik dat hierdie diens op 'n waardige wyse gehou word en op 'n manier wat in elke hart die begeerte sal laat ontwaak om meer te doen vir die aanmoediging en behoud van ons seuns en dogters.

'n Basiese program van 20 tot 30 minute word hieronder uiteengesit vir enigeen wat leiding nodig het.

- Lied
- Voorslaggie Gelofte en Wet
- Gebed
- Spesiale musiek
- Geheuewerk
- Praktiese demonstrasie of toneelstukkies
- Erkenning van Ouers (speldjie)
- Opdrag en aanbieding van Voorslaggie toekennings, sertifikate en ouer speldjies
- Lied
- Gebed

**Opsioneel:** Indien daar 'n Baanbrekerklub of 'n kerkskool in u gemeente is, kan die Bekledingsdiens alternatiewelik in samewerking met die ander organisasie gehou word. Die Sabbat aanbiddingsuur is 'n ideale tyd om 'n Bekledingsdiens te hou.

## *AFDELING SES*

| *VOORSLAGGIELEERPLAN (90 min)* | *NOTAS* |
|---|---|

## *DOEL*

*Om die Voorslaggieleerplan en die algehele toepassing op die Voorslaggie kind te verstaan.*

## *DOELSTELLING*

*Om metodes voor te stel om die Voorslaggieleerplan op 'n kreatiewe en betekenisvolle manier te onderrig.*

## *VERDUIDELIKING*

*1. Oorsig van Afdelings en Oogmerke ………………………….. (10 min)*

*2. Doelwitte ……………………………………………….…...... (5 min)*

*3. Hoe om die Leerplan materiaal te gebruik…………………… (10min)*

*4. Beplanning van die Kalender………………………………….. (20 min)*
- *a. Deel van Verantwoordelikhede*
- *b. Uitleg van die kalender*

*5. Die onderrig van 'n Vereiste ………………………………….. (45 min)*
- *a. Beplan vir Sukses*
  1. *Identifiseer spesiale behoeftes en belangstellings*
  2. *Wie sal die vereiste aanbied?*
  3. *Wanneer sal die onderrig van die vereiste plaasvind?*
  4. *Waar sal die vereiste aangebied word?*
  5. *Van watter inligting moet hulle kennis dra?*
  6. *Hoe sal u dit aanbied?*

- *b. Om kreatiwiteit te verstaan*
- *c. Spesiale uitdagings*
- *d. Hulpbronne*

NAD Voorslaggie Personeelhandleiding, bls. XVII, XIX, 28-29, 44-155, 295-316; Aanhangsel, bls. 337-474

# *VOORSLAGGIELEERPLAN*

# Oorsig van Afdelings en Oogmerke

## 1. Oorsig van Afdelings en Oogmerke

## Oorsig van die Voorslaggieleerplan

Die Voorslaggieleerplan fokus op die vier verskillende aspekte van die kind se wêreld wat hieronder genoem word. Elkeen van hierdie vier afdelings is verder verdeel in drie aparte komponente. Bykomend help die basiese afdeling die kinders om die Voorslaggie Gelofte en Wet te leer en om boeke te lees wat versterk wat hulle leer. Die doele, komponente, konsepte en oogmerke word ook hier genoem.

| Afdeling en Doel | Komponente, Konsepte en Oogmerke |
|---|---|
| **Basies**<br>Om te verseker dat die kinders die nodige opvoeding het om maksimum voordeel te ontvang uit die Voorslaggie program. | **I. Verantwoordelikheid** – Verbintenis tot die algemene doele van die groep<br>**Ken:** Die betekenis en doelstelling van die Voorslaggie gelofte en wet;<br>**Voel:** 'n gevoel van vasberadenheid om die Gelofte en Wet deel van hulle lewens te maak; en<br>**Optree:** om volgens hierdie beginsels te leef.<br><br>**II. Versterking** – Bekendstelling en hersien van die Voorslaggie konsepte deur te lees<br>**Ken:** en verstaan meer oor hulle God, hulleself, hulle gesinne en hulle wêreld;<br>**Voel:** die waarde van vreugde daarvan om te lees; en<br>**Optree:** deur aan te hou om boeke te gebruik vir kennis en plesier. |
| **My God**<br>Om die ontwikkeling van 'n groeiende en vrugbare verhouding tussen die kind en Jesus Christus te bewerkstellig. | **I. Sy Plan om My Te Red** – God se liefde, sonde en vergifnis, bekering, gehoorsaamheid<br>**Ken:** die breë riglyne van God se plan van verlossing en hoe om hierdie gawe persoonlik te ervaar;<br>**Voel:** die versekering van God se liefde en verlossing wat vreugdevolle lof en 'n sterk oortuiging teweegbring om vir Hom te leef;<br>**Optree:** deur Jesus Christus se gawe van vergifnis en nuwe lewe te aanvaar.<br><br>**II. Sy Boodskap aan My** – Geheuetekse, Bybelboeke, gebruik van en vertrou die Bybel<br>**Weet:** hoe om van God se Liefde en Sy plan vir ons te leer deur die geskiedenis en die Bybel;<br>**Voel:** die begeerte en vertroue om nader aan God te kom deur die Bybel te studeer.<br>**Optree:** deur die Bybel gereeld, maklik en met begrip te bestudeer. |

| | |
|---|---|
| | **III. Sy Krag in My Lewe** – Gebed, Bybelstudie, getuienis, leef vir Christus<br>**Weet:** hoe om 'n groeiende verhouding met God te bou;<br>**Voel:** die vreugde wat kom deur vir Hom te lewe, en 'n vasberadenheid om aan te hou; en<br>**Optree:** deur stiltetyd saam met God deur te bring en elke dag meer soos Hy te word. |
| **Myself**<br>Om die kinders se besorgdheid en waardering van die Godgeskape individue wat hulle is, te verbreed | **I. Ek is Spesiaal** – Uniekheid en waarde van elke persoon, verantwoordelikheid vir diens, talente<br>**Weet:** dat God elke persoon op 'n spesiale manier en vir 'n spesiale doel geskape het;<br>**Voel:** die versekering van hulle eie unieke waarde as kinders en medewerkers van God;<br>**Optree:** deur sommige van hulle eie spesiale sterk punte en swakhede te ontdek en om te streef om dit te verbeter.<br><br>**II. Ek Kan Wyse Keuses Maak** – Gevoelens, waardes, besluitmaking, media<br>**Ken:** die basiese beginsels van wyse besluitmaking;<br>**Voel:** die waarde van vasberadenheid in hulle eie geluk en sukses deur wyse keuses in Christus te maak;<br>**Optree:** deur besluitmakingsvaardighede te gebruik om keuses in die alledaagse lewe te maak.<br><br>**III. Ek Kan vir My Liggaam Sorg** – Gesondheid, fiksheid, anatomie, matigheid, higiëne<br>**Ken:** God se riglyne vir 'n gelukkige gesonde liggaam, en waarom dit nodig is;<br>**Voel:** die belangrikheid en waarde van goeie gesondheid;<br>**Optree:** deur te kies om die basiese beginsels van gesondheid te volg sodat dit lewenslange gewoontes word. |
| **My Gesin**<br>Om die kinders te bemagtig om gelukkige en produktiewe lede van die gesinne te wees wat God aan hulle gegee het. | **I. Ek Het 'n Gesin** – Uniekheid van gesinne, gesinsveranderinge, rolle en verantwoordelikhede<br>**Weet:** dat God elke gesin vir 'n spesiale rede gemaak het en dat elke lid 'n rol het om te vervul;<br>**Voel:** waarderend oor hulle eie gesinne en gemaklik met hulle rol daarin;<br>**Optree:** deur hulle eie rolle in die gesin verantwoordelik te vervul.<br><br>**II. Gesinne Gee Om Vir Mekaar** – Gesag en respek, waardering, gesinsaktiwiteite<br>**Weet:** wat gesinslede moet doen ten einde te leef, werk en gelukkig saam te speel tot eer van God;<br>**Voel:** 'n groeiende liefde vir gesinslede en gemak om met hulle te kommunikeer;<br>**Optree:** deur te werk om positiewe verhoudings met elke gesinslid aan te kweek.<br><br>**III. My Gesin Help My Om Vir Myself Te Sorg** - Veiligheid, rentmeesterskap, binnenshuise vaardighede, buitemuurse vaardighede<br>**Ken:** die vaardighede wat nodig is vir die onafhanklikheid wat op hulle ouderdomsvlak van toepassing is;<br>**Voel:** vertroue en vervulling in hulle groeivermoë om hul eie lewens met Jesus se hulp te beheer;<br>**Optree:** deur gereeld hulle groeiende onafhanklikheidsvaardighede toe te pas. |

| | |
|---|---|
| **My Wêreld**<br>Om die kinders in staat te stel om God se wêreld met vertroue en deernis te ontdek | **I. Die Wêreld van Vriende** – Sosiale vaardighede, hoflikheid, vooroordeel, portierdruk<br>**Weet:** hoe om op 'n positiewe manier vriendskappe te ontwikkel en daarin te deel;<br>**Voel:** 'n vertroue in die hantering van sosiale situasies wat hulle in staat sal stel om met deernis en moed op te tree; en<br>**Optree:** om vervullende vriendskappe te geniet deur Christelike sosiale vaardighede toe te pas.<br><br>**II. Die Wêreld van Ander Mense** – Dien die kerk, gemeenskap, land, wêreld<br>**Ken:** die wye verskeidenheid van mense en groepe in God se wêreld en hoe hulle met hulle oor die weg kom;<br>**Voel:** respek en ontferming vir elke individu en groep; en<br>**Optree:** wyslik, om 'n model van God se liefde en plan vir Sy volk te voorsien<br><br>**III. Die Wêreld van die Natuur** – God en die natuur, natuurstudie, natuurontspanning, besorgdheid oor die omgewing<br>**Ken:** sommige van die spesiale dinge wat God se skepping het om aan te bied;<br>**Voel:** 'n waardering en besorgdheid vir die natuurlike wêreld; en<br>**Optree:** wyslik, om die natuur te geniet en daarvoor te sorg. |

## 2. Doelwitte

1. Kinders sal, op hulle vlak, hulle harte en lewens aan Jesus Christus gee.

2. Kinders sal 'n positiewe houding verwerf oor die voordele, vreugdes, en verantwoordelikhede daarvan om 'n Christelike lewe te leef.

3. Kinders sal die gewoontes, vaardighede en kennis verkry wat nodig is om elke dag vir Jesus te leef.

4. Ouers en ander belangrike versorgers sal meer selfvertroue ontwikkel en doeltreffend word as medewerkers met Christus vir hulle kinders.

## 3. Hoe om die Leerplan Materiaal te Gebruik

Die Voorslaggieleerplan is die grondslag van die Voorslaggieprogram. Dit neem die doelwitte van die Voorslaggieprogram – dat kinders hulle harte en lewens aan Jesus sal toewy en dat hulle die gewoontes, vaardighede en kennis sal verkry om vandag vir Jesus te leef – en verander dit in prettige en praktiese aktiwiteite wat Voorslaggies sal geniet.

Die Voorslaggieleerplan is gebaseer op die vrae: "Watter dinge moet kinders in hulle daaglikse lewe hanteer waarvoor hulle gesinne, skole of Sabbatskole hulle dalk nie voorberei het nie?" en "Wat is so belangrik dat dit die moeite werd is om tyd in die Voorslaggieklub te neem om seker te maak dat kinders dit verstaan en waardeer?"

Die Voorslaggieleerplan gebruik 'n aktiewe leerbenadering. In plaas daarvan om kinders te vra om 'n groot hoeveelheid feitelike inligting te leer, word hulle bekendgestel aan algemene begrippe. Die kinders leer om hierdie begrippe op hulle eie lewens toe te pas deur in 'n wye verskeidenheid van ervarings deel te neem.

Die Voorslaggieleerplan is georganiseer rondom vier basiese verhoudings in ‘n kind se lewe: My God; Myself; My Gesin; en My Wêreld. In die “My God” afdeling, leer die kinders die opwindende storie van die groot stryd, en hoe om ‘n verhouding met die God te bou wat soveel vir hulle gedoen het. In die “Myself” afdeling, neem elke kind deel in aktiwiteite wat hom/haar help om sy/haar eie uniekheid te waardeer en te ontwikkel. Die “My Gesin” gedeelte help kinders om positiewe gesinsverhoudinge te verstaan en daaraan deel te neem. Die “My Wêreld” gedeelte lei kinders om die opwinding van die wêreld wat God vir hulle gemaak het te ervaar en hulle verantwoordelikheid om daarvoor te sorg.

Die Voorslaggieleerplan word in vier vlakke verdeel:
- die Drawwertjie vlak is ontwerp vir graad een’s;
- die Uitblinker vlak vir graad twee’s;
- die Bouer vir graad drie’s; en
- die Helpende Hand vlak vir graad vier’s.

Elke vlak bou op die vlakke wat daardie vlak voorafgaan en is veral ontwerp om belangstellings, uitdagings en suksesvolle ervarings vir kinders van daardie graadvlak te voorsien.

## 4. Beplanning van die Kalender

## a. Deel van Verantwoordelikhede

Binne elke klub word seuns en dogters in eenhede van vier tot agt Voorslaggies georganiseer met ‘n raadgewer as hulle leier. Alle Voorslaggie aktiwiteite draai om die eenheid. Die Voorslaggie eenheid het gereelde gesamentlike periodes wat deur en vir die Voorslaggie eenheid beplan word onder leiding van die raadgewer en sluit dikwels lede van die Voorslaggie se gesin in.

Die Voorslaggie Uitvoerende Komitee verkies die Voorslaggie personeelkomitee lede soos volg:

**Raadgewers** – Die Voorslaggie personeellede wat vir ‘n eenheid van ses tot agt Voorslaggies verantwoordelik is.
**Onderwysers** – Gekwalifiseerde individue wat uitlei om Voorslaggie klaswerk aan die Voorslaggies aan te bied.
Die eenheidsraadgewer kan ook die klaswerk onderwyser wees.
**Instrukteurs** – Spesialiste wat Toekennings, handwerk en ander uitgesoekte studierigtings aanbied.

Die Voorslaggie Klub Personeelkomitee ontmoet gereeld om die dag-tot-dag bedryf en beplanning vir spesifieke geleenthede soos kampering of ander klubaktiwiteit te hanteer. Hierdie groep behoort elke week te ontmoet net voor die klubbyeenkoms of daarna om dringende besorgdhede te bespreek, aankondings te hoor, en sake wat onmiddellike aandag verg, te hanteer.

**b. Uitleg van die Kalender**

**Klas Beplanningsbladsy**

**Toekenning of Vereiste wat geleer gaan word --------------------------------------------**

| DATUM | VAARDIGHEID/INLIGTING WAT AANGEBIED GAAN WORD | AKTIWITEIT VIR PRET & LEER | MATERIAAL BENODIG |
|---|---|---|---|
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |

## 5. Die Onderrig van 'n Vereiste

## a. Beplan vir Sukses

Suksesbeplanning werk hand-aan-hand met Suksesbepaling, u kan u leerprogram vir die jaar beplan en dan u vordering monitor met elke leerplanvereiste op 'n maand-tot-maand basis, of week-vir-week. Hieronder is 'n stel vrae wat u in staat sal stel om met die strategiese beplanning betrokke te raak van die leer van 'n vereiste.

1. **Identifiseer spesiale behoeftes en belangstellings**
2. **Wie sal die vereiste aanbied?**
3. **Wanneer sal die onderrig van die vereiste plaasvind?**
4. **Waar sal die vereiste aangebied word?**
5. **Van watter inligting moet hulle kennis dra?**
6. **Hoe sal u dit aanbied?**

**Hoe om Voorslaggies te Leer**

1. Begin met goeie oorhoofse beplanning. Stel u jaarlikse rooster op. Weet hoeveel tyd beskikbaar is om elke vereiste te voltooi.
2. Ken u vereiste. Verstaan die vereiste waaraan u werk en hoe dit in die oorhoofse doel van die Voorslaggieprogram inpas.
3. Neem u kinders in ag. Vind uit watter inligting en ervarings die kinders nodig sal hê ten einde die vereiste te voltooi. Waarin sal hulle belangstel?
4. Skeduleer u klaswerk. Hersien hoeveel tyd beskikbaar is om die vereiste te voltooi. Beplan watter inligting en vaardighede u gedurende elke periode wil aanbied.
5. Beplan die klasperiode. (Die voorgestelde tyd hier is gebaseer op 'n klastyd van 30 minute.)
   - Prikkel hulle belangstelling – Kry die kinders geïnteresseerd in die inligting deur 'n interessante voorwerp, demonstrasie, of probleem om opgelos te word, aan te bied. (2 minute)
   - Bied inligting aan – Bied die nodige inligting op 'n interessante wyse aan. Gebruik 'n verskeidenheid van metodes, soos visuele hulpmiddels, prente, films, stories, spesiale voorwerpe, of besoekers, besprekings, demonstrasies, ens. (5 minute)
   - Oefen – Gebruik 'n verskeidenheid van aktiewe ervarings om die leerondervinding pret en suksesvol vir die kinders te maak. (20 minute)
   - Toepassing op die lewe – Help die kinders om dit wat hulle geleer het op die dinge wat hulle elke dag doen, toe te pas. (3 minute)
   - Evalueer – Kontroleer om te sien of elke kind die vereiste voltooi het en u doelstellings bereik het. Lê klem op deelname en verbetering eerder as volmaaktheid.

6. Maak hulpbronne bymekaar. Maak die inligting, voorrade, boeke, en oudivisuele materiaal bymekaar wat u nodig het om die aktiwiteite opwindend en prakties te maak.
7. Bied die klas aan. U entoesisasme vir die onderwerp en vir Jesus Christis is wat 'n verskil in die kinders se lewens sal maak.
8. Evalueer die klas. Vra uself na die klas, "Het die klasperiode die kinders gehelp om Jesus lief te hê en vir hom te lewe? Watter dinge het goed gewerk? Wat kon dit beter gemaak het?" Laat die kinders u vertel hoe hulle van die aktiwiteit gehou het.

## b. Om Kreatiwiteit te Verstaan

## Aankweking van kreatiwiteit

Dink aan kreatiwiteit as die vermoë om nuwe oplossings vir probleme te vind, dikwels deur af te wyk van gevestigde denkwyses. Kreatiwiteit kan aan gedink word as "speel volwasse".

Wees bewus dat, volgens navorsing, gesinne wat uit kreatiewe kinders bestaan: kan enige grootte wees; kinders aanmoedig om dinge op hulle eie manier te doen; kinders help om hulle eie belangstellings te ontwikkel; voorsien baie onbeplande tyd vir speel en ontdekking; behandel elke kind met respek en vertroue; is nie te veel bekommerd oor wat ander mense dink nie; en streef nie na strenge beheer oor elke gedagte en daad van die kind nie.

Moedig kinders aan om hulle eie belangstellings te ontwikkel deur 'n wye verskeidenheid van material en ervarings vir hulle te voorsien waarmee hulle kan eksperimenteer; en deur hulle te help om die areas wat hulle interessant vind na te volg deur boeke, klasse en ontdekking.


Stel kinders bloot aan die kunste deur: voordeel te kry uit dinge waarin hulle belangstel ('n kuns soos sang, of 'n onderwerp soos diere wat by 'n kunsmuseum gesien kan word of oor gelees kan word in digkuns); vermy dit om kinders te dwing om "kuns" by te woon indien hulle eerder iets anders sou wou doen; berei kinders voor voordat hulle op 'n uitstappie gaan en help hulle om te weet wat om te verwag en waarvoor om op te let; en kies aktiwiteite wat by hulle ouderdom en aandagspan pas.

**Aanbevole Materiaal**
**Boek**
Fritz, Robert, *The Path of Least Resistance,* Fawcett Columbine, NY 1989

## c. Spesiale uitdagings

U sal voor baie verskillende uitdagings te staan kom wanneer u die Voorslaggieleerplan aanbied. Een so 'n uitdaging is om te weet dat kinders se geaardhede op baie maniere verskil selfs vanaf geboorte. Hierdie maniere sluit in: aktiwiteitsvlak; gereelde liggaamsfunksies; reaksie op nuwe mense en dinge; aanpasbaarheid; hoe vinnig en sterk hulle op dinge reageer; negatiewe of positiewe uitkyk, en uithouvermoë.

Wees verseker dat wanneer ouers en raadgewers hulle bes doen en die kinders nie goed reageer nie, is die probleem dikwels nie omdat hulle iets "verkeerd" doen nie, maar omdat hulle die "toepaslikheid" moet aanpas by die wyse waarop hulle die kind en die kind se geaardheid en persoonlikheid hanteer.



## d. Hulpbronne

**Drawwertjie Klas Kontrolelys** **Naam: ………………………………**

| Basiese Vereistes | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **I. Verantwoordelikheid** | | | | | | | | | | | | | |
| Sê die Voorslaggie Gelofte op en aanvaar dit | | | | | | | | | | | | | |
| **II. Versterking** | | | | | | | | | | | | | |
| Verwerf die Drawwertjie Leessertifikaat | | | | | | | | | | | | | |
| **My God** | | | | | | | | | | | | | |
| **I. Sy Plan om My te Red** | | | | | | | | | | | | | |
| A. Maak 'n storiekaart of boek van Bybelgebeure OF illustreer gestudeerde Bybelstories | | | | | | | | | | | | | |
| B. Gebruik jou storiekaart of boek om vir iemand te wys hoeveel Jesus vir jou omgee. | | | | | | | | | | | | | |
| **II. Sy Boodskap aan My** | | | | | | | | | | | | | |
| Verwerf die Bybel 1 Voorslaggie Toekenning | | | | | | | | | | | | | |
| **III. Sy Krag in My Lewe** | | | | | | | | | | | | | |
| A. Hou gereelde stiltetyd met Jesus. | | | | | | | | | | | | | |
| B. Vra vir drie mense waarvoor hulle bid. | | | | | | | | | | | | | |
| **Myself** | | | | | | | | | | | | | |
| **I. Ek is Spesiaal** | | | | | | | | | | | | | |
| Maak 'n boekie van verskillende mense wat vir jou omgee | | | | | | | | | | | | | |
| **II. Ek kan Wyse Keuses Maak** | | | | | | | | | | | | | |
| Noem vier verskillende gevoelens. Speel die "Gevoelens" speletjie. | | | | | | | | | | | | | |
| **III. Ek Kan vir My Liggaam Sorg** | | | | | | | | | | | | | |
| Verwerf die Gesondheidspesialis Voorslaggie Toekenning. | | | | | | | | | | | | | |
| **My Gesin** | | | | | | | | | | | | | |
| **I. Ek Het 'n Gesin** | | | | | | | | | | | | | |
| Teken prente van dit waarvan jy van elke gesinslid hou. | | | | | | | | | | | | | |
| **II. Gesinne Gee Om vir Mekaar** | | | | | | | | | | | | | |
| A. Ontdek wat Eksodus 20:12 oor gesinne sê. | | | | | | | | | | | | | |
| B. Rolspeel drie maniere waarop jy jou gesin kan eer. | | | | | | | | | | | | | |
| **III. My Gesin Help My om Myself te Versorg** | | | | | | | | | | | | | |
| Voltooi een vereiste van die Veiligheidspesialis Voorslaggie Toekenning. | | | | | | | | | | | | | |
| **My Wêreld** | | | | | | | | | | | | | |
| **I. Die Wêreld van Vriende** | | | | | | | | | | | | | |
| Vertel hoe jy 'n goeie vriend kan wees. | | | | | | | | | | | | | |
| **II. Die Wêreld van Ander Mense** | | | | | | | | | | | | | |
| A. Bespreek die werk wat mense vir jou kerk doen. | | | | | | | | | | | | | |
| B. Leer oor een werk deur iemand anders te help om dit te doen. | | | | | | | | | | | | | |
| **III. Die Wêreld van die Natuur** | | | | | | | | | | | | | |
| Verwerf die Vriend van Diere Voorslaggie Toekenning. | | | | | | | | | | | | | |

**(Vereistes is verkort)**

## Uitblinker Klas Kontrolelys                    Naam: ……………………………….

| | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Basiese Vereistes** | | | | | | | | | | | | | |
| **I. Verantwoordelikheid** | | | | | | | | | | | | | |
| Sê die Voorslaggie Wet op en aanvaar dit | | | | | | | | | | | | | |
| **II. Versterking** | | | | | | | | | | | | | |
| Verdien die Uitblinker Leessertifikaat | | | | | | | | | | | | | |
| **My God** | | | | | | | | | | | | | |
| **I. Sy Plan om My te Red** | | | | | | | | | | | | | |
| A.. Maak ‘n storiekaart of boek van Jesus se lewe OF illustreer gestudeerde Bybelstories | | | | | | | | | | | | | |
| B. Deel storiekaart of boek met iemand om vir hulle die vreugde te wys dat jy deur Jesus gered is. | | | | | | | | | | | | | |
| **II. Sy Boodskap aan My** | | | | | | | | | | | | | |
| A. Memoriseer en verduidelik twee Bybelversies wat sê dat Jesus ons red. | | | | | | | | | | | | | |
| B. Noem die twee hoofdele van die Bybel en die vier evangelies. | | | | | | | | | | | | | |
| **III. Sy Krag in My Lewe** | | | | | | | | | | | | | |
| A. Hou gereelde stiltetyd met Jesus. | | | | | | | | | | | | | |
| B. Vra drie mense waarom hulle die Bybel bestudeer. | | | | | | | | | | | | | |
| **Myself** | | | | | | | | | | | | | |
| **I. Ek is Spesiaal** | | | | | | | | | | | | | |
| Maak ‘n buitelyn van jouself. Versier dit met prente en woorde wat goeie dinge oor jouself oordra. | | | | | | | | | | | | | |
| **II. Ek kan Wyse Keuses Maak** | | | | | | | | | | | | | |
| Speel die “Wat-as?” speletjie. | | | | | | | | | | | | | |
| **III. Ek Kan vir My Liggaam Sorg** | | | | | | | | | | | | | |
| Verwerf die Fiksheid Pret Voorslaggie Toekenning. | | | | | | | | | | | | | |
| **My Gesin** | | | | | | | | | | | | | |
| **I. Ek Het ‘n Gesin** | | | | | | | | | | | | | |
| Vra gesinslede om van hulle geliefkoosde herinneringe te vertel. | | | | | | | | | | | | | |
| **II. Gesinne Gee Om vir Mekaar** | | | | | | | | | | | | | |
| Vertel hoedat Jesus jou help om verskille te hanteer. | | | | | | | | | | | | | |
| **III. My Gesin Help My om Vir Myself te Sorg** | | | | | | | | | | | | | |
| Voltooi een vereiste van die Padveiligheid Voorslaggie Toekenning. | | | | | | | | | | | | | |
| **My Wêreld** | | | | | | | | | | | | | |
| **I. Die Wêreld van Vriende** | | | | | | | | | | | | | |
| Voltooi vereiste #1 en #6 van die Hoflikheid Voorslaggie Toekenning. | | | | | | | | | | | | | |
| **II. Die Wêreld van Ander Mense** | | | | | | | | | | | | | |
| A. Ontdek jou omgewing. Maak ‘n lys van goeie dinge en maniere waarmee jy kan help om dit te verbeter. | | | | | | | | | | | | | |
| B. Kies ‘n paar maniere om jou omgewing te verbeter. | | | | | | | | | | | | | |
| **III. Die Wêreld van die Natuur** | | | | | | | | | | | | | |
| Verwerf die Vriend van Die Natuur Voorslaggie Toekenning. | | | | | | | | | | | | | |

**(Vereistes is verkort)**

## Bouer Klas Kontrolelys                Naam: ………………………………

| Basiese Vereistes | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **I. Verantwoordelikheid** | | | | | | | | | | | | |
| A. Sê die Voorslaggie Gelofte en Wet op. | | | | | | | | | | | | |
| B. Verduidelik die Gelofte | | | | | | | | | | | | |
| **II. Versterking** | | | | | | | | | | | | |
| Verwerf die Bouer Leessertifikaat | | | | | | | | | | | | |
| **My God** | | | | | | | | | | | | |
| **I. Sy Plan om My te Red** | | | | | | | | | | | | |
| A. Maak 'n storiekaart of boek van kerkleiers OF illustreer gestudeerde Bybelstories | | | | | | | | | | | | |
| B. Deel storiekaart of boek met iemand om te wys hoe om jou lewe vir Jesus te gee. | | | | | | | | | | | | |
| **II. Sy Boodskap aan My** | | | | | | | | | | | | |
| A. Vind, memoriseer, en verduidelik drie Bybel-versies oor om jou lewe aan Jesus te gee. | | | | | | | | | | | | |
| B. Noem die boeke van die Nuwe Testament. | | | | | | | | | | | | |
| **III. Sy Krag in My Lewe** | | | | | | | | | | | | |
| A. Hou gereelde stiltetyd met Jesus. | | | | | | | | | | | | |
| B. Vra vir drie mense waarom hulle bly is dat hulle aan Jesus behoort. | | | | | | | | | | | | |
| **Myself** | | | | | | | | | | | | |
| **I. Ek is Spesiaal** | | | | | | | | | | | | |
| Maak 'n plakboek, plakkaat of uitknipselboek van dinge wat jy kan doen om Jesus te dien. | | | | | | | | | | | | |
| **II. Ek kan Wyse Keuses Maak** | | | | | | | | | | | | |
| Verwerf die Media Kritikus Voorslaggie Toekenning. | | | | | | | | | | | | |
| **III. Ek Kan vir My Liggaam Sorg** | | | | | | | | | | | | |
| Verwerf die Matigheid Voorslaggie Toekenning. | | | | | | | | | | | | |
| **My Gesin** | | | | | | | | | | | | |
| **I. Ek Het 'n Gesin** | | | | | | | | | | | | |
| A. Noem een manier waarop jou gesin verander het. Vertel hoe jy gevoel en wat jy gedoen het. | | | | | | | | | | | | |
| B. Vind 'n storie in die Bybel oor 'n gesin wat verander het. | | | | | | | | | | | | |
| **II. Gesinne Gee Om vir Mekaar** | | | | | | | | | | | | |
| Speel die "Ek Gee Om" speletjie. | | | | | | | | | | | | |
| **III. My Gesin Help My om Vir Myself te Sorg** | | | | | | | | | | | | |
| Voltooi een vereiste van die Verstandige Rentmeesterskap Voorslaggie Toekenning. | | | | | | | | | | | | |
| **My Wêreld** | | | | | | | | | | | | |
| **I. Die Wêreld van Vriende** | | | | | | | | | | | | |
| A. Maak vriende met 'n persoon van 'n ander kultuur of geslag, of iemand wat gestremd is. | | | | | | | | | | | | |
| B. Nooi daardie persoon uit na 'n gesins- of kerkgeleentheid. | | | | | | | | | | | | |
| **II. Die Wêreld van Ander Mense** | | | | | | | | | | | | |
| A. Ken en verduidelik jou nasionale volkslied en vlag. | | | | | | | | | | | | |
| B. Noem jou land se hoofstad en die naam van jou land se leier. | | | | | | | | | | | | |
| **III. Die Wêreld van die Natuur** | | | | | | | | | | | | |
| Verwerf 'n Voorslaggie Natuurtoekenning wat jy nog nie vantevore verwerf het nie. | | | | | | | | | | | | |

**(Vereistes is verkort)**

## Helpende Hand Klas Kontrolelys    Naam: ………………………………

| | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Basiese Vereistes** | | | | | | | | | | | | | |
| **I. Verantwoordelikheid** | | | | | | | | | | | | | |
| A. Sê die Voorslaggie Gelofte en Wet op. | | | | | | | | | | | | | |
| B. Verduidelik die Wet. | | | | | | | | | | | | | |
| **II. Versterking** | | | | | | | | | | | | | |
| Verwerf die Helpende Hand Leessertifikaat | | | | | | | | | | | | | |
| **My God** | | | | | | | | | | | | | |
| **I. Sy Plan om My te Red** | | | | | | | | | | | | | |
| A. Maak 'n storiekaart of boek om Bybelkarakters se lewens te illustreer OF om gestudeerde Bybelstories te illustreer. | | | | | | | | | | | | | |
| B. Gebruik die kaart of boek om met iemand te deel hoe om vir God te lewe. | | | | | | | | | | | | | |
| **II. Sy Boodskap aan My** | | | | | | | | | | | | | |
| Verwerf die Bybel II Voorslaggietoekenning | | | | | | | | | | | | | |
| **III. Sy Krag in My Lewe** | | | | | | | | | | | | | |
| A. Hou gereelde stiltetyd met Jesus. | | | | | | | | | | | | | |
| B. Met behulp van 'n volwassene kies iets in jou lewe om met Jesus se hulp te verbeter. | | | | | | | | | | | | | |
| **Myself** | | | | | | | | | | | | | |
| **I. Ek is Spesiaal** | | | | | | | | | | | | | |
| A. Maak 'n lys van spesiale vaardighede wat God aan jou gegee het. | | | | | | | | | | | | | |
| B. Deel jou talente in 'n talentvertoning, 'n wys-en-vertel of deur 'n Voorslaggie Toekenning te verwerf. | | | | | | | | | | | | | |
| **II. Ek kan Wyse Keuses Maak** | | | | | | | | | | | | | |
| A. Leer die stappe vir goeie besluitmaking. | | | | | | | | | | | | | |
| B. Gebruik dit om twee probleme in die werklike lewe op te los. | | | | | | | | | | | | | |
| **III. Ek Kan vir My Liggaam Sorg** | | | | | | | | | | | | | |
| Verwerf die Higiëne Voorslaggie Toekenning. | | | | | | | | | | | | | |
| **My Gesin** | | | | | | | | | | | | | |
| **I. Ek Het 'n Gesin** | | | | | | | | | | | | | |
| Maak 'n gesinsvlag of banier OF versamel stories of foto's oor jou familiegeskiedenis. | | | | | | | | | | | | | |
| **II. Gesinne Gee Om vir Mekaar** | | | | | | | | | | | | | |
| Help met die beplanning van 'n spesiale gesinsaand, godsdiensoefening of uitstappie. | | | | | | | | | | | | | |
| **III. My Gesin Help My om Vir Myself te Sorg** | | | | | | | | | | | | | |
| Verwerf 'n Voorslaggie Toekenning wat jy nog nie vantevore verwerf het nie in finansies, veiligheid, binnenshuise vaardighede, of buitemuurse vaardighede. | | | | | | | | | | | | | |
| **My Wêreld** | | | | | | | | | | | | | |
| **I. Die Wêreld van Vriende** | | | | | | | | | | | | | |
| Verwerf die Vriende wat Omgee Voorslaggie Toekenning | | | | | | | | | | | | | |
| **II. Die Wêreld van Ander Mense** | | | | | | | | | | | | | |
| Bestudeer 'n ander wêreldkultuur en vind 'n manier om Jesus met mense in daardie kultuur te deel. | | | | | | | | | | | | | |
| **III. Die Wêreld van die Natuur** | | | | | | | | | | | | | |
| Verwerf die Omgewingspesialis Voorslaggie Toekenning. | | | | | | | | | | | | | |

**(Vereistes is verkort)**

## *AFDELING SEWE*

| *VOORSLAGGIE GESINSNETWERK (90 min)* | *NOTAS* |
|---|---|

## *DOEL*

*Om suksesvolle ouerlike tegnieke te leer en daardeur God se beloofde seëning te ontvang.*

## *DOELSTELLING*

*Om die belangrikheid van ouerlike aanspreeklikheid, gesag en verantwoordleikheid van kinderopvoeding te beklemtoon.*

## *VERDUIDELIKING*

*1. Ouerlike Bemagtiging ………………….………………………. (15 min)*

*2. Die Voorslaggie Gesin ………………………………………….  (5 min)*

*3. Voorslaggie Gesinsnetwerk Vergadering ……………………  (30min)*
   *a. Ouerlike Verhoudings*
   *b. Gemeenskapshulpbronne*
   *c. Netwerkprogram*

*4. Voorslaggie Gesinsnetwerk as 'n Ondersteuningselsel …..  (30 min)*
   *a. Doel*
   *b. Gesinsbetrokkenheid*
   *c. Voorslaggie Gesinsnetwerk is …..*
   *d. Gemeenskapshulpbronne*

*5. Ouerlike Bevestiging …………..………………………………. (10 min)*

Voorslaggie Personeelhandleiding, bls.XVII, XIX, bls. 39, 157-241; Aanhangsel, bls. 485-497

# VOORSLAGGIE GESINSNETWERK

## Ouerlike Bemagtiging

## 1. Ouerlike Bemagtiging

Ouers moet gesien wod as die sleutel “verhoudingsbediener,” diegene wat meer as enigiemand anders die gevoel van vertroue, liefde en besorgdheid kan skep wat die grondslag is vir die ontwikkeling van “oopheid” vir geloof. Ouers moet gesien word as die “primêre evangeliseerders” van hulle kinders. Geen enkele faktor beïnvloed die geloofsontwikkeling van persone meer as die getuienis en geloofslewe van die ouers nie. Diegene in kinder/jeugbedieninge moet ouers help om hierdie onmisbare rol te vervul deur ‘n ondersteuningstelsel (program) aan te bied aan die ouers in kinder/puberteitsjare ontwikkeling.

## 2. Die Voorslaggie Gesin

### Die Gesin en die Voorslaggieklub

Die doel van die Voorslaggieklub is om ouers en versorgers te ondersteun terwyl hulle daarna streef om gelukkige, gesonde, en toegewyde kinders vir Jesus Christus groot te maak. Die Voorslaggieklub streef nie daarna om hierdie verantwoordelikheid by die ouers oor te neem nie, of om ouers nog verder van die lewens van hulle kinders te vervreem nie. Inteendeel gesinne is die middelpunt van die Voorslaggieprogram.

**Kommunikasie**

Bewerk kommunikasie en begrip tussen die klub en ouers deur gereelde persoonlike gesprekke, telefoonoproepe en briewe. Maak ouers bewus van die doelwitte van die Voorslaggieklub en neem tyd om na hulle gedagtes en besorghede te luister. (Daar is baie redes waarom ouers hulle kinders in die Voorslaggieklubs wil plaas, insluitende:

- vir die kind se genot;
- om te weet waar die kind gedurende die Voorslaggieklub tyd is;
- om vir die Bekledingsdiens voor te berei;
- om sosiale vaardighede moontlik te maak;
- vir die geestelike hulp wat die klub bied; of
- slegs omdat ander ouers dit doen.)

**Die Voorslaggieklub is ‘n Gesinsklub**

In ‘n Voorslaggieklub gebruik ouers hulle spesiale gawes en vaardighede om op een of ander manier met die klub te help. Byvoorbeeld, ouers kan ‘n Voorslaggietoekenning aanbied, advertensieplakkate maak, briewe tik, raadgewers wees, spesiale geleenthede beplan, of toesig hou oor speletjies. Ouers kan ook gesinsaande en spesiale geleenthede bywoon.

**Die Voorslaggieleerplan**

Aangesien die Voorslaggiekonsep die sentraliteit van die gesin beklemtoon, vereis verskeie afdelings van die leerplan dat die kinders saam met hulle gesinne aan spesifieke projekte moet werk. Die “My Gesin” afdeling, in besonder, voorsien ouers met ‘n geleentheid om deel te neem om hulle kinders te help om die Voorslaggiedoelstellings te bereik.

Waar die Voorslaggie klaswerk buite die huis geleer word, gebruik briewe, kennisgewings, of gesinsbyeenkomste om ouers oor ‘n projek, die doel daarvan, en hoe hulle hulle kind kan help om die leerplan te geniet, in te lig. ‘n Hele paar voorbeelde van briewe word in hierdie handleiding voorsien.

**Die Voorslaggie Gesinsnetwerk**
Die Voorslaggie Gesinsnetwerk is ‘n deel van die Voorslaggieklub, ontwerp spesifiek vir Voorslaggie ouers of ander versorgers. Dit streef daarna om die geleentheid te voorsien om die frustrasies en oorwinnings van ouerskap te deel, en om nuwe idees en vaardighede te deel om elke gesin selfs nog ‘n beter plek te maak om in te leef en op te groei.

# 3. Voorslaggie Gesinsnetwerk Vergadering

## a. Ouerlike Verhoudings

### Stappe vir die Organisering van ‘n Voorslaggie Gesinsnetwerk-Ouerlike Verhouding

1. Leer oor die Voorslaggie Gesinsnetwerk deur: die hulpbronmateriaal in hierdie afdeling te bestudeer; ‘n Voorslaggie Personeelopleiding geleentheid by te woon; en/of vra raad by u Konferensie.
2. Voorslaggiedirekteur
3. Praat met Voorslaggie personeel en ouers oor die Voorslaggie Gesinsnetwerk.
4. Verkry die goedkeuring van u plaaslike leraar, gesinsbedieninge direkteur, en kerkraad. Bespreek hoe om dit te koördineer met die ander bedieninge van die kerk.
5. Kyk deur die lys van voorgestelde onderwerpe vir die eerste jaar (vergelyk voorbeeld). Pas die lys aan vir die behoeftes van u groep deur:
    a. Onderwerpe by te voeg wat u weet waarvan u ouers sal hou.
    b. Sluit onderwerpe uit wat u verkies om nie hierdie jaar te hanteer nie.
    c. Verander die bewoording van die onderwerpopskrifte om dit aantrekliker te maak vir u groep ouers.
6. Bepaal ‘n datum vir die openingsaand en beplan u program.
7. Deel kennisgewings en Voorslaggie Gesinsnetwerk onderwerp inligtingsblaaie uit aan alle Voorslaggie ouers.
8. Kies tydens die openingsprogram die onderwerpe wat gedurende die komende jaar bespreek gaan word. Vra die ouers om voorstelle te maak oor hoe hulle wil hê dat die onderwerpe bespreek moet word, wie hulle ken wat kan help, watter materiaal beskikbaar is, en hoe dikwels en wanneer hulle wil byeenkom.
9. Stel ‘n skedule op van Voorslaggie Gesinsnetwerk byeenkomsdatums en onderwerpe vir die komende jaar.
10. Beplan u eerste Voorslaggie Gesinsnetwerk byeenkoms. Bepaal onderrigresultate wat u vir die ouers wil hê, en beplan dan die program rondom u doelwitte.
11. Reël vir publisiteit, sprekers, en benodigde materiaal vir elke vergadering. Kry terugvoering van ouers om u te help om te weet wat werk en wat verbeter moet word.

## b. Gemeenskapshulpbronne

### Maak Gebruik van Plaaslike Hulpbronne

Daar kan verskeie ampsdraers in u gemeente wees wat ook werk om ouers en gesinne te ondersteun. Beplan saam om elkeen se bediening te verbeter, eerder as om te kompeteer. Sommige programme kan as ‘n gesamentlike poging aangebied word, en miskien wil u mekaar se aktiwiteite promoveer. Hierdie leiers kan dalk vir een van u byeenkomste praat of u help om sprekers en hulpbronne te vind. Hierdie ampsdraers sluit in:

- Tuis- en Skoolopvoeders
- Gesinslewe Koördineerder
- Kerkskool personeel
- Leraar

Daar is baie plekke om sprekers te vind. Begin deur in u plaaslike gemeenskap te soek: Dokters en ander professionele gesondheidspersone, sielkundiges, psigiaters, maatskaplike werkers, onderwysers, skoolhoofde, ervare ouers, en leraars.

Probeer plaaslike konferensie en unie ampsdraers van die departemente van: Kerkbedieninge, Gesinsbedieninge, Kinderbedieninge, Opvoeding en Gesondheid. Verseker dat enige spreker wat u gebruik of enige hulpbronne nie in teenstelling is met Adventiste filosofieë en waardes nie. Neem tyd om noukeuring met nie-Adventiste sprekers te praat en om hulle basiese idees en filosofieë te ondersoek. Sommige plekke om vir ander sprekers te soek, sluit in: Gesinslewe leiers en predikante in ander plaaslike kerke, professore van plaaslike kolleges en universiteitsdepartemente soos: Sielkunde, Sosiologie, Opvoeding, Huishoudkunde, Vroeë Kindertyd Godsdienstige Opvoeding, Kinder en Gesinstudies. Plaaslik: Kindersielkundiges, kinderpsigiaters, hospitaalopvoeders, openbare skool: raadgewers, sielkundiges, skoolhoofde, beraders en maatskaplike werkers. Soek na boeke en video's by: Christelike boekwinkels, boekwinkels, biblioteke. Begin 'n belange/spesialiteit lys van mense wat u kan skakel oor verskeie onderwerpe.

## c. Netwerkprogram

**Openingsprogram (Voorbeeld Program)**

1. Voorsien vrugtesap, warm drankies, beskuitjies en doopsous, of 'n gesonde soetigheid (soos gesnyde vrugte) soos wat die ouers arriveer.

2. Begin met gebed en 'n kort oordenking (Bespreek Deuteronomium 6:4-6, en hoe Voorslaggie Gesinsnetwerk ouers kan help om hierdie opdragte uit te voer.)

3. Neem tyd vir 'n ysbreker om die ouers te help om mekaar te leer ken en meer op hulle gemak met mekaar te voel.
   a. Vra ouers om 'n maat te vind wat hulle nie te goed ken nie.
   b. Hulle moet 'n onderhoud met hulle maat voer om een ding in hulle gesin te vind waarop hulle baie trots is.
   c. Laat tyd toe vir ouers om met hulle groep te deel wat hulle ontdek het.

4. Gaan saam deur die onderwerplys. (Plaas die lys voor die tyd op 'n oorhoofse projektor of swartbord.) Neem tyd om elke onderwerp te bespreek en wees op die uitkyk vir ouers met spesiale behoeftes, soos enkelouers.

5. Bespreek wanneer en hoe dikwels ouers sal wil ontmoet. Stem oor 'n basiese skedule.

6. Vra ouers om die onderwerpe wat hulle graag gedurende die jaar sou wou bespreek in volgorde van belangrikheid te plaas. (Kies ongeveer die aantal wat nodig is om in die skedule te pas wat hulle gekies het.) Moedig ouers aan om te dink aan enige mense of hulpbronne waarvan hulle mag weet wat kan help met die onderwerpe wat hulle gekies het.

7. Kondig die moontlike eerste onderwerp en tyd van die byeenkoms aan. (Kies 'n eenvoudige onderwerp en aktiwiteit, soos 'n video en bespreking, vir u eerste byeenkoms.) Vra ouers om elkeen een ding te noem wat hulle graag oor die onderwerp sou wou weet.

8. Sluit af met gebed.

# 4. Voorslaggie Gesinsnetwerk as ‘n Ondersteuningstelsel

## a. Doel

- Moedig gereelde bywoning by Voorslaggie Gesinsnetwerk byeenkomste aan
- Ondersteuning van die Voorslaggieklub leierskap
- Deelname aan Voorslaggieklub funksies
- Ondersteun deelname aan en bekledingsdiens van die Voorslaggieklub klasleerplan.

## b. Gesinsbetrokkenheid

**Idees om Ouers na die Voorslaggie Gesinsnetwerk aan te trek**

1. Verwag van alle Voorslaggie ouers om VGN byeenkomste by te woon as deel van hulle lidmaatskapverpligting.
2. Hou die byeenkoms op ‘n tyd wanneer ouers en Voorslaggieklub personeel teenwoordig kan wees.
3. Om kinderversorging te voorsien, is nie ‘n vereiste nie, maar dit kan die ouers help.

**Om Hulle Daar te Kry**

1. Stuur uitnodigings aan elke Voorslaggie gesin een of twee weke voor die aktiwiteit. (Indien moontlik, pos dit. Voorslaggies is welbekend as verloorders van notas.)
2. Voorsien ‘n skedule van Voorslaggie Gesinsnetwerk Aktiwiteite.
3. Organiseer u netwerk rondom Voorslaggie ouers, en maak dan geselekteerde aande beskikbaar aan die kerk en die gemeenskap.
4. Plaas ‘n plakkaat op die kerk se bulletinbord. Benadruk dit met kleur, VGN logo, prente, sterretjies, ens.
5. Vra u leraar, persoonlike of gesinsbedieninge direkteur, of Sabbatskoolsuperintendent om Voorslaggie Gesinsnetwerk by ouers aan te beveel.
6. Probeer om een ouerprogram per jaar te hou in ‘n nie-kerk omgewing om gemeenskap ouers aan te trek. Nooi maatskaplike dienste agentskappe, ens, om die geleentheid te help borg.
7. Hou ‘n Besoekersbyeenkoms wat oop is vir diegene wat nie Voorslaggie ouers is nie. Nooi Voorslaggie ouers om ‘n vriend te bring. (Dit is ‘n groot uitreikgeleentheid.)
8. Stuur inligting aan die radio en gemeenskapskoerant vir hulle kalenders. (Hulle het dit gewoonlik twee weke voor die tyd nodig. Sluit ‘n Aanloklike opskrif, tyd, plek, telefoonnommer vir addisionele inligting, koste en ‘n paar woorde om die aktiwiteit te beskryf, in.)
9. Stuur ‘n persverklaring of kort nuusberig aan die plaaslike koerant.

**Paragraaf Een:**
Gee basiese feite (wat, waar, wanneer) oor die onderwerp en waarom dit belangrik is.
**Paragraaf Twee:**
Beskryf die spreker of aktiwiteite wat gaan plaasvind.
**Paragraaf Drie:**
Beskryf die Voorslaggie Gesinsnetwerk.

**Om Hulle Terug Te Bring**

1. Betrek die Voorslaggie ouers by besluitmaking. Vra hulle voorkeure vir byeenkomstye en onderwerpe.
2. Maak seker dat elke persoon ten minste deur een persoon individueel gegroet en verwelkom word.
3. Maak seker almal ken mekaar op eerste naam basis. Gebruik, indien nodig, ‘n naamleer ysbreker of dring aan op naametikette.
4. Voorsien altyd tyd vir interaksie deur ysbrekers, besprekings of verversingstye.
5. Eenvoudige verversings trek mense aan en verwelkom hulle. Bedien iets wat die gesondheidsbeklemtoning van die Adventistekerk sal verteenwoordig. (beskuitjies, vrugtesap, vars vrugte, ens.)
6. Hou gereelde kontak met ouers vir idees en terugvoering.

## c. Die Voorslaggie Gesinsnetwerk is …

- **‘n Gereelde gebeurtenis** wat maandeliks gedurende die kinders se Voorslaggieklub byeenkoms gehou kan word, of op ‘n ander gerieflike tyd. Dit kan spesiale sprekers, video’s, boekstudie groepe, of informele tye, insluit.

- **‘n Geleentheid,** veral vir ouers en ander versorgers van Voorslaggies, om inspirasie, ondersteuning en inligting te deel wat sal help om hulle gesinne gelukkige, gesonde plekke te maak vir kinders om in Jesus te groei.

- **Ouer-gebaseerd.** Ouers het ‘n deel in die keuse van onderwerpe en aktiwiteite, om sprekers en hulpbronne te vind, en uit hulle eie ondervindings te deel en te luister.

- **Die moeite werd**. Voorslaggie Gesinsnetwerk bevestig die bediening van ouers om die belangrikste te wees. Ouers se vertroue en gemoedsrus sal groei terwyl hulle deel in die vreugdes en frustrasies van ouerskap met ander ouers in die VGN groep.

- **Eenvoudig om te begin.** Die Voorslaggie Klubdirekteur of Voorslaggie Netwerk Koördineerder ontmoet met die ouers om die doel van die klub te bepaal, en gebruik dan die ouers se insette, en die VGN materiaal om mense te vind en die hulpbronne wat sal help om dit te laat gebeur.

## d. Gemeenskapshulpbronne

**Seminare**
**The Compleat Parent**
Nancy van Pelt
366 N. Lind
Fresno, CA93727
(209) 251-9790
Boek, werkboek en bande beskikbaar – kan studiegroep formaat gebruik

**Family Seminar**
Revelation Seminars
P.O. Box 66
Keene TX 76059
1-800-982-3344
17 Lesse ontwerp vir kerkgesinne en uitreiking.

**Huweliksverbintenis Seminare**
(Kontak u plaaslike konferensiekantoor)

**Huweliksontmoeting Seminare**
(Kontak u plaaslike konferensiekantoor)

**Positive Parenting**
Concerned Communications
Hwy 59N, Siloam Springs AR 72761
1-800-447-4332
5 Sessies

**Family Seminar** (deur Rocky en Christine Gale van Florida Konferensie)
Southern Union Revelation Seminar
Resource Center
4280 Memorial Drive
Decatur, GA 30032
(404) 296-6102

**What Is A Family** (Karen Flowers, 1980)
Advent*Source*
5040 Prescott Avenue
Lincoln, NE 68506

Basiese seminaar oor gesin as 'n plek van behoort, om spesiaal te voel … Sluit stories, besprekings, idees, oefeninge, 45 bladsye, los bladsye in

**Katalogusse van Gratis of Goedkoop Materiaal**
Office of Child Development
P.O. Box 1182
Washington, D.C. 20013

**US Departement of Health, Education & Welfare**
Office of Child Development
Government Printing Office
Washington, D.C. 20402

**Katalogusse van Aanbevole Materiaal**
Family Life Resources, 199_, Advent*Source*
(Gratis)
Family Matters Catalog, Family Matters
(Gratis)
Tools For Family Ministries, Advent*Source*

**Aanbevole Leesstof**
Lewis, Paul, *The Five Key Habits of Smart Dads*

Confreld, Ken R., *The 7 Secrets of Effective Father: Becoming the Father You Want to Be.* Wheaton: Tyndale House Publishers, 1992.

MacDonald, Gordon, *The Effective Father*, Wheaton: Living Press, 1977.

Al drie is beskikbaar vanaf Advent*Source*
5040 Prescott, Lincoln, NE 68506
(402) 486-2519 1-800-328-0525

# 5. Ouerlike Bevestiging

## Gesin Seëningsdiens

Om die gesinne van u Voorslaggieklub op te hef en aan te moedig, probeer hierdie spesiale diens. Dit kan in plek van die inhuldiging plaasvind, of dit kan gedurende 'n ouerbyeenkoms of Voorslaggie Sabbat gedurende die jaar gebruik word.

Die Voorslaggie Seëningsdiens is 'n spesiale seremonie wat ouers die geleentheid gee om hulle kinders te seën deur hulle te verseker hoe waardevol hulle in die oë van hulle ouers en in die oë van God is. Gedurende hierdie diens verbind ouers hulleself weer opnuut daaraan om hulle kinders by te staan in goeie en in slegte tye, en om altyd te poog om 'n toonbeeld te wees vir hulle kinders van die groot en onfeilbare liefde van God.

Die Voorslaggie Seëningsdiens bestaan uit die volgende:

- Binnekoms van Gesinne
- Die Tradisie van Seëning
- Voorlesings uit die Skrif
- Bevestiging van Waarde
- Gesinsgelofte
- Seëningslied
- Toewydingsgebed

**Binnekoms van Gesinne**
Ouers en kinders kom op 'n informele prosessie in, elkeen dra hulle Bybel. Hulle kan voor in 'n sirkel gaan sit of op bespreekte plekke.
Beplan 'n spesiale lied of musiekstuk om gespeel te word terwyl die gesinne binnekom. (Dit kan dieselfde wees as die lied wat later vir die Seëningslied gebruik gaan word.)

**Die Tradisie van Seëning**
Hierdie afdeling van die program is bedoel om deelnemers te inspireer met die waarde van die gesinseëning soos wat dit in die Skrif gedoen was en meer onlangs deur ortodokse Joodse gesinne.

Die Ou Testamentiese patriarge het dikwels elkeen van hulle kinders geseën, insluitende 'n spesiale geboortereg seëning vir die eersgeborene. (Vergelyk Genesis 27 en 49). Hierdie seëninge toon die hoë agting en hoop wat die vader vir sy kinders gehad het en was uitgespreek met ernstige plegtigheid. Ortodokse Jode het met hierdie tradisie voortgegaan tot selfs in moderne tye. Van kleins af moet kinders op die Sabbat en Heilige Dae na hulle vader en moeder gebring word om 'n seëning te ontvang. 'n Weeklikse Sabbatseëning, wat dikwels geskied na die aansteek van die Sabbatkerse op Vrydagaand, is 'n kosbare deel van die Joodse gesinslewe.

Ten einde die kinders se belangstelling te behou, hou dit kort en eenvoudig en betrek hulle sintuie deur die gebruik van visuele hulpmiddels, drama, of 'n ander nie-lesing tipe aanbieding. Die praatjie behoort gerig te wees op die Voorslaggies en hulle ouers eerder as op die gehoor.

**Voorlesings uit die Skrif**
Ouers staan in 'n sirkel (of halwe sirkel indien daar 'n gehoor is) met hulle kinders reg voor hulle. Ouers lees saam, Deuteronomium 6:6,7. Dan lees die Voorslaggies Efesiërs 6:1-3.

**Bevestiging van Waarde**
Kinders draai na hulle ouers. Ouers plaas een hand op die kind se skouer en lees vir hulle kinders 'n kort (een of twee bladsye) brief van seëning wat hulle vooraf voorberei het en in hulle Bybels geplaas het. Gebruik 'n mikrofoon indien nodig sodat ouers maklik gehoor kan word.

Die brief behoort 'n beskrywing van drie of vier van die eienskappe van die kind wat die ouer die meeste waardeer, in te sluit. Aan die einde van die brief behoort die ouers 'n prent te teken, of te plak,

van ‘n dier of voorwerp wat vir hulle die spesiale eienskappe van hulle kind uitbeeld. (Byvoorbeeld, ‘n ouer kan die sonskyn kies omdat wanneer hulle kind daar is, almal opgewek en vrolik voel.)

‘n Voorbeeld van ‘n ouer se brief, wat beskryf wat nodig is, word voorsien of u kan hierdie konsep aan die ouers voorstel by ‘n ouerbyeenkoms ‘n paar weke voor die Gesin Seëningsdiens.

Indien daar ‘n groot aantal Voorslaggies is, oorweeg dit om ‘n paar bevestigings op verskillende tye gedurende die diens te laat lees ten einde te voorkom dat die Voorslaggies en gehoor rusteloos en onoplettend raak.

**Gesinsgelofte**
Terwyl hulle nog na mekaar kyk, herhaal die gesinne die Gesinsgelofte met hulp van die Voorslaggieleier. Die Voorslaggieleier sal die deel in vetgedrukte letters lees, en die ouers (of kinders) sal die deel in kursief gedrukte letters lees. (Dit kan help om ‘n ouer of assistent ‘n mikrofoon te laat gebruik om die ouers in hulle deel van die gelofte te lei).

**Voorslaggies, julle word groot om puik jong seuns en dogters te wees! Nou dat julle oud genoeg is om te verstaan, wil julle ouers hê dat julle moet weet van die seëninge wat hulle met God se hulp aan julle wil gee.**

**Elke persoon moet weet dat hulle bemin word. Toe God jou aan jou ouers gegee het, het Hy vir hulle ‘n baie spesiale persoon gegee om vir die res van hulle lewens lief te hê.**

*(kind se naam), Ek beloof aan jou die seëning van my liefde vir altyd, maak nie saak wat ookal mag gebeur nie.*

**Ten einde op te groei, het elke persoon voedsel en beskutting nodig. Elke persoon het nodig om te leer hoe om op ‘n gelukkige liefdevolle manier te leef.**

*(kind se naam), Ek beloof aan jou die seëning van my hulp, op elke manier wat ek dit kan gee, sodat jy sterk kan groei in Jesus.*

**Elke kind maak foute en moet weet dat hulle vergewe word. Elke ouer maak ook foute.**

*(kind se naam), Ek beloof aan jou die seëning van vergifnis wanneer jy foute maak en verskonings wanneer ek foute maak.*

**Voorslaggies, julle is ‘n baie belangrike deel van julle gesin. Julle het die vermoë om te help om julle gesin ‘n gelukkige of ongelukkige plek te maak. Beloof julle om julle deel te doen om julle gesin ‘n gelukkige gesin te maak?**

*Ons beloof.*

Nooi op hierdie tydstip enige vriend of gesinslid wat gewillig is om die Voorslaggie gesinne te help en te ondersteun om hulle geloftes na te kom, om vorentoe te kom en agter die gesinne te staan. Nooi dan al die lede van die kerkgesin wat verlang om die geloftes wat gedurende die diens gemaak is, te ondersteun, om op te staan.

**Ons staan nie alleen met ons geloftes nie. God het vir ons hierdie lidmate van ons kerkgesin gegee om agter ons te staan en ons te ondersteun terwyl ons daarna streef om ‘n seëning vir ons gesinne te bring.**

Indien daar geen gehoor is nie, nooi die Voorslaggie ouers en kinders om een sirkel te vorm en hande te vat gedurende die lied en gebed as ‘n simbool van wedersydse ondersteuning.

**Seëningslied**
Gebruik een van die liedere wat hieronder genoem word of kies ‘n ander lied wat die ouers of gesinne (en hulle ondersteuners) kan sing om hulle seëning te bevestig.

*SDA Hymnal* 653, “Lead Them My God to Thee”

*He is Our Song* 119, “Family”

**Toewydingsgebed**
Vra die Leraar om te bid vir God se seëning op hierdie Voorslaggie gesinne terwyl hulle in Sy krag streef, om die geloftes wat hulle gemaak het, na te kom.

**Na die Tyd**
Na die Gesin Seëningsdiens kan die kerk kies om dit te vier en die seëninge wat die Voorslaggie ouers gekies het om op hulle kinders uit te spreek, te bevestig. ‘n Paar maniere om die Voorslaggie gesinne te bevestig is:
- Gee aan elke gesin ‘n plant om die groei wat hulle saam in Jesus kan maak, te simboliseer.
- Gee aan elke gesin ‘n sertifikaat van erkenning en ondersteuning, geteken deur die leraar van die kerk; of
- Hou ‘n herdenkingsdinee of gemeente ete vir die Voorslaggie gesinne.

**Voor die Tyd**
Berei die ouers voor vir die diens deur saam met hulle te ontmoet en al die dele van die diens en hulle deel daarin te oefen. Vra alle deelnemers om dieselfde vertaling van die Bybel te bring of om die nodige tekse op kaartjies te skryf en in hulle Bybels te plaas. Maak afskrifte van die program uiteensetting op mooi papier so groot soos bulletininsetsels sodat dit netjies en onopsigtelik in die Bybels gehou kan word vir gebruik gedurende die diens en na die tyd as ‘n aandenking gehou kan word.

Indie die Gesin Seëningsdiens voor ‘n gehoor gehou gaan word, bespreek die voorste rye vir die gesinne wat betrokke is. Indien nie, plaas dan stoele in ‘n sirkel vir die gesinne. Merk ‘n sirkel of halfsirkel op die vloer om die gesinne te help om te weet waar om te staan gedurende die seëningsdiens. Gebruik maskeerband, of plastiese band wat dieselfde kleur as die vloer is sodat dit nie maklik opgemerk sal word nie.

**Voorgestelde Hulpbronne**
Uitstekende inligting en agtergrond materiaal oor die gesinseëning kan in *The Blessing* deur Gary Smalley en John Trent gevind word. Dit word gepubliseer deur Thomas Nelson en is beskikbaar by die meeste Christelike boekwinkels.

## *AFDELING AGT*

| *VOORSLAGGIETOEKENNINGS (60 min)* | *NOTAS* |
|---|---|

## *DOEL*

*Om elke kind te help om die onderskeie Voorslaggie doele te bereik deur deel te neem in prettige, betekenisvolle aktiwiteite.*

## *DOELSTELLING*

*Om Voorslaggies te leer dat om te leer pret is;*
*Om hulle aan te moedig om verstandelik, fisies, sosiaal en geestelik te groei;*
*Om Jesus in elke aktiwiteit in te sluit.*

## *VERDUIDELIKING*

*Om 'n bewustheid te ontwikkel dat sommige kinders groter uitdagings en addisionele aktiwiteite nodig het, terwyl ander dit moeilik kan vind om die vereistes te voltooi.*

*1. Doelstellings ……………………………………………………….. (10 min)*

a. *Om die Voorslaggies nuwe begrippe en aktiwiteite op prettige en kreatiewe maniere te leer*
b. *Om 'n meer avontuurlustige kind uit te daag sonder om iemand wat nie so goed presteer nie moedeloos te maak*
c. *Om elke Voorslaggie te help om 'n gebalanseerde lewe te leef.*
d. *Om elke kind aan te moedig om sy of haar beste te doen.*

*2. Wees Kreatief ………………………………………………......(20 min)*

a. *Geniet dit om oor die gekose onderwerp te leer.*
b. *Bied idees op 'n prettige manier aan.*
c. *Maak idees en materiaal bymekaar.*
d. *Sorg dat u eerstehandse ervaring het.*
e. *Brei uit en laat die vereistes lewendig word.*

*3. Toekennings ……………………………………..……………… (30min)*

NAD Voorslaggie Personeelhandleiding, bls. 243-294

# VOORSLAGGIETOEKENNINGS

## Voorslaggietoekennings Doelstellings

## 1. Doelstellings

Die Voorslaggietoekennings is ontwerp om gebruik te word met betrekking tot die Voorslaggie leerplan. Daar word aanbeveel dat ‘n wye verskeidenheid toekennings aangebied word om elke kind te help om ‘n goed-afgeronde begrip van baie belangstellings te hê.

Dit is die wens van die komitee dat die onderwyser kreatief sal wees en die toekenning betekenisvol sal maak vir die Voorslaggie kind. Onthou om die meer gevorderde kind uit te daag sonder om die een wat nie so goed presteer nie, te ontmoedig.

Die doel is om elke kind te help om prestasie te ervaar en om nuwe aktiwiteite en idees op ‘n interessante en prettige manier te leer. Bevestig elke kind en onthou daar meer as een regte manier is. Moedig elke kind aan om sy/haar beste te doen. Ons hoef nie volmaak te wees nie. God is nog nie klaar met ons nie.

**a.** Om die Voorslaggie nuwe begrippe en aktiwiteite op prettige en kreatiewe maniere te leer.

**b.** Om ‘n meer avontuurlustige kind uit te daag sonder om iemand wat nie so goed presteer nie, moedeloos te maak.

**c.** Om elke Voorslaggie te help om ‘n gebalanseerde lewe te leef.

**d.** Om elke kind aan te moedig om sy of haar beste te doen.

## 2. Wees Kreatief

**Om Kreatiwiteit aan te kweek**

∗ Dink aan kreatiwiteit as die vermoë om nuwe oplossings vir probleme te vind, dikwels deur weg te breek van gevestigde denkwyses. Daar kan aan kreatiwiteit gedink word as om te maak asof jy volgroeid is.

∗ Wees bewus dat, volgens navorsing, gesinne wat kreatiewe kinders het:
. van enige grootte kan wees
. kinders aanmoedig om dinge op hulle eie manier te doen;
. kinders help om hulle eie belangstellings te ontwikkel;
. baie ongestruktureerde tyd voorsien vir speel en ontdekking;
. elke kind met respek en vertroue behandel;
. is nie te veel bekommerd oor wat ander mense dink nie; en
. probeer nie om streng beheer uit te oefen oor elke gedagte en aksie van die kind nie.

∗ Moedig kinders aan om hulle eie belangstellings te ontwikikel deur ‘n groot verskeidenheid van materiaal en ondervindings te voorsien waarmee hulle kan eksperimenteer; en deur hulle

te help om die gebiede wat hulle interessant vind deur boeke, klasse, en ondersoek na te volg.

Stel kinders bloot aan die kunste deur:

a. dinge te benut wat vir hulle interessant is (‘n kuns soos sang, of ‘n onderwerp soos diere wat by ‘n kunsmuseum gesien kan word of waaroor in digkuns gelees kan word);
b. vermy dit om kinders te verplig om aan “die kunste” deel te neem as hulle eerder iets anders wou doen;
c. kinders voor te berei voordat u op ‘n uitstappie gaan deur hulle te help om te weet wat om te verwag of waarvoor op die uitkyk te wees;
d. aktiwiteite te kies wat pas by hulle ouderdomsgroep en aandagspan;
e. idees op ‘n prettige wyse aan te bied;
f. nuwe idees en materiaal bymekaar te maak;
g. eerstehandse ondervinding te hê;
h. die vereistes uit te brei en lewendig te laat word.

# 3. Toekennings

## Prosedure om ‘n Nuwe Voorslaggietoekenning Voor Te Stel


Diegene wat graag ‘n voorstel vir ‘n nuwe SID Voorslaggietoekenning wil indien, moet die volgende stappe wat hieronder uiteengesit is, volg:

1. Maak die volgende materiaal vir die voorgestelde Toekenning bymekaar:
    a. Naam van die Toekenning
    b. Voorbeeld van die ontwerp van die Toekenningstrook
    c. Stelling oor die doel of behoefte vir die Toekenning (watter voordeel behoort die Voorslaggie fisies, verstandelik en geestelik te ontvang?)
    d. Toekenningsvereistes
    e. Antwoorde (of beskrywings) vir die vereistes
    f. Lys van hulpbronmateriaal

2. Twee Voorslaggie groepe moet die voorgestelde Toekenning “toetsbestuur”. Elke Voorslaggie groep moet in ‘n afsonderlike Konferensie wees. (Kontak u Konferensie Voorslaggie Direkteur vir kontakte in ander Konferensies.)


3. Elke groep moet ‘n aanbevelingsbrief aan die Konferensie Voorslaggie Direkteur van die Konferensie wat die Toekenning voorgestel het, stuur. Die brief moet ‘n voltooide evaluasievorm insluit.

Die konferensie Voorslaggie Direkteur sal die voorstel, aanbevelingsbriewe, evaluasievorms en ‘n persoonlike aanbevelingsbrief aan die SID Voorslaggie Direkteur stuur.




## Inhoudsopgawe van Toekennings


| TOEKENNING | (NAD) BLADSY | (NK) | GRAAD | VEREISTE |
|---|---|---|---|---|
| Kunstenaar | 245 | 1 | 1 - | |
| Sterrekundige | 246 | 2 | 3 - | |
| Mandjiemaker | 247 | 3 | 4 - | |
| Bybel I | 248 | 4 | 1 - | Drawwertjie |
| Bybel II | 249 | 5 | 4 - | Helpende Hand |
| Bou en Vlieg | 250 | 6 | 3 - | |
| Kampeerder | 251 | 7 | 2 - | |
| Besorgde Vriend | 252 | 8 | 4 - | Helpene Hand |
| Skrynwerker | 253 | 9 | 4 - | |
| Versamelaar | 254 | 10 | 2 - | |
| Rekenaarvaardighede | 255 | | 4 - | Nie beskikbaar nie |
| Kookpret | 256 | 11 | 2 - | |
| Hoflikheid | 257 | 12 | 2 - | Uitblinker |
| Fietsryer | 258 | 13 | 3 - | |
| Vroeë Adventiste Baanbreker | 259 | | | Nie beskikbaar nie |
| Omgewingsman | 260 | 14 | 4 | Helpende Hand |
| Voortreflikheid in Lees | 261 | | | Nie beskikbaar nie |
| Geveerde Vriende | 262 | 15 | 2 - | |
| Noodhulp Helper | 263 | 16 | 3 - | |
| Fiksheid Pret | 264 | 17 | 2 - | Uitblinker |
| Blomme | 265 | 18 | 1 - | |
| Vriend van Diere | 266 | 19 | 1 - | Drawwertjie |
| Vriend van Jesus | 267 | 20 | 1 - | |
| Vriend van die Natuur | 268 | 21 | 2 - | Uitblinker |
| Tuinier | 269 | 22 | 2 - | |
| Geoloog | 270 | 23 | 4 - | |
| Gids | 271 | 24 | 1 - | |
| Gimnas | 272 | 25 | 3 - | |
| Handwerk | 273 | 26 | 2 - | |
| Gesondheidspesialis | 274 | 27 | 1 - | Drawwertjie |
| Huisvlyt | 275 | 28 | 3 - | |
| Huishelper | 276 | 29 | 1 - | |
| Higiëne | 277 | 30 | 4 - | Helpende Hand |
| Mediaresensent | 278 | 31 | 3 - | Bouer |
| Musiekmaker | 279 | 32 | 1 - | |
| Olimpies | 280 | | 3 - | Nie beskikbaar nie |
| Buitemuurse Verkenner | 281 | 33 | 4 - | |
| Pêrelpoorte | 282 | | | Nie beskikbaar nie |
| Reënboog Belofte | 283 | | | Nie beskikbaar nie |
| Verslaggewer | 284 | 34 | 4 - | |
| Padveiligheid | 285 | 35 | 2 - | Uitblinker |
| Veiligheidspesialis | 286 | 36 | 1 - | Drawwertjie |
| Naaldwerk Pret | 287 | 37 | 3 - | |
| Vingertaal | 288 | | 4 - | Nie beskikbaar nie |
| Skaatser | 289 | 38 | 4 - | |
| Skiër | 290 | 39 | 2 - | |
| Opspoorder | 291 | 40 | 1 - | |
| Swemmer I | 292 | 41 | 1 - | |
| Swemmer II | 293 | 42 | 3 - | |
| Matigheid | 294 | 43 | 3 - | Bouer |
| Bome | 295 | 44 | 2 - | |
| Troebadoer | 296 | 45 | 3 - | |
| Verstandige Rentmeester | 297 | 46 | 3 - | Bouer |



**Drawwertjie**



**Uitblinker**



**Bouer**



**Helpende Hand**



**Gevorderde Helpende Hand**




**Ouer speldjie**

## The Adventurer Theme Song

# *Adventurers for Jesus*

**by Hope Publishing**




Music Copyright © 1944. Renewal 1972 by Hope Publishing Co., Carol Stream, IL 60188
All Rights Reserved Used by Permission


# Adventurers Song

**by Yvette Cooper and Carmen Griffith**




# Adventurers Song

by Kathy Reeves




# Adventurer Law Song

**by Jacqueline McDonald**



# Adventurer Pledge Song

by Jacqueline McDonald




Music Copyright, Jacqueline McDonald, 1981, 1990. Arr. by Lois C. Hall

Transvaal Conference Adventurer Basic Staff Training Curriculum & Content Page 102